
## Leesgids

# Branderjaer

**Joha van Dyk**
**Human & Rousseau, 2020**




Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser en leerder in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 10 Huistaal** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit. Die roman en onderwysersgids kan ook vir **graad 11 Huistaal** gebruik word mits die onderwyser die nodige aanpassings maak soos deur die KABV voorgeskryf word.

**Kopiereg: © Human & Rousseau, 2020. 'n Druknaam van NB Uitgewers.**

| INHOUD | BLADSY |
|---|---|


| | |
|---|---|
| Benadering tot die onderrig van letterkunde | 3 |
| **PRE-LEES** | 4 |
| Agtergrond van die skrywer | 4 |
| Wat is ’n roman? | 4 |
| Die titel van die roman: Branderjaer | 5 |
| Die voorblad en agterblad | 6 |
| **LITERÊRE BEGRIPPE** | 8 |
| Verteller en fokalisator | 8 |
| Ruimte en milieu | 9 |
| Tyd: Verteltyd, vertelde tyd en chronologie | 10 |
| Taalgebruik en dialoog | 10 |
| **LEES** | 12 |
| Karakterisering | 14 |
| Intrige en subintrige | 25 |
| Hoofstukopsommings en kontekstuele vrae (Hoofstuk 1-31) | 26 |
| Temas | 49 |
| Botsing en konflik | 54 |
| Simbolie en motiewe | 55 |
| **POST-LEES** | 71 |
| Memorandum: Kontekstuele vrae (Hoofstuk 1-31) | 71 |
| Teksgebaseerde kontekstuele vrae | 88 |
| Teksgebaseerde kontekstuele vrae: Nasienriglyne | 91 |
| Die literêre opstel | 94 |
| Literêre opstelvrae | 95 |
| Literêre opstelvrae: Nasienriglyne | 96 |
| Aktiwiteite vir verryking | 99 |
| Woordverklarings | 102 |
| Literêre glossarium | 103 |
| Bronnelys | 107 |
| Webtuistes geraadpleeg | 108 |

## BENADERING TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (VOO-fase, Graad 10-12) beklemtoon die belangrikheid van die lees van letterkunde in die klaskamer. Die lees van letterkunde in die klaskamer moet by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfynd, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik kan word".

**Dit is belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder

Hier volg 'n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV uiteengesit:

**Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas**. Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.

Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar om aan leerders **te wys hoe hulle huistaal** subtiel, intelligent, verbeeldingryk en **vindingryk gebruik kan word**.

**Kreatiewe skryfwerk** moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks. **Klasbesprekings** wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.

Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar **fokus op die interpretasie**, **kreatiewe en persoonlike belewing** asook die ondersoek van die literêre teks.

# PRE-LEES:

Dit is ’n **bespreking** wat voor die lees van die teks moet plaasvind. Gesels met die leerders oor die onderstaande inligting.

## Agtergrond van die skrywer:



Joha van Dyk is ’n 25-jarige student aan die Universiteit Stellenbosch. Sy kom van ’n plaas, Steenvlei, buite ’n klein myndorpie, Kleinzee, wat lê teen die Namakwalandse Weskus. Sy het die meeste van haar tyd op die plaas deurgebring, op nabygeleë strande en in die veld.

Sy was op laerskool in die Kleinzee Primêre Skool en was bekend as ’n boekwurm. Haar hoërskoolloopbaan het sy in Stellenbosch by Hoërskool Stellenbosch voltooi, terwyl sy in die Huis Du Preez-koshuis gebly het. In haar skooljare het sy betrokke geraak by drama en toneel as verhoogbestuurder, sowel as by die skool se Kultuurkomitee. Sy was ook grootliks betrokke by die skool se koerant, *Die Stelloskoop*.

Sy verwerf haar BA-graad, sowel as haar TEFL-sertifikaat in 2018. In 2019 gradueer sy met haar Honneursgraad in Engels (cum-laude) aan die Universiteit Stellenbosch, terwyl sy deeltyds by die Universiteit se bibilioteek werk. In 2020 verwerf sy haar Meestergraad in Engels (cum laude) aan die Universiteit Stellenbosch. In 2022 het sy geregistreer vir haar PhD in Engels by die Universiteit Stellenbosch.

In 2017 is vyf van haar gedigte aanvaar vir die studentebundel *Penseel*, gedryf deur die US se *Verras*-komitee. Haar gedig, “Polsslag” is ook in die bundel, *Die Môre Is Jy*, opgeneem. In 2021 is drie van haar gedigte aanvaar vir *Penseel* en in 2022 is twee van haar gedigte, “ek sien jou in kerkstraat” en “dit was hier” gepubliseer op *Versindaba*. Haar debuutroman, *Branderjaer*, is in Oktober 2020 deur Human & Rousseau uitgegee. Die opvolgroman *Vuurvreter* verskyn in 2022. Sewe van haar gedigte is aanvaar vir *Inkspraak 3* en haar gedig “droogte” verskyn in *Tyd is ’n B**ksem!* (Lapa, 2022).

## Wat is ’n roman? Hoe verskil dit van ander genres?

**Die eienskappe van ’n roman:**

- ’n Roman is fiksie, ’n storie wat vertel word.
- Die aanloop van die verhaal handel gewoonlik oor die ruimte en die bekendstelling van die belangrikste karakters.
- Daarna word daar op die hindernisse en doelwitte van die karakters uitgebrei.

- Alles lei tot ’n klimaks aan die einde van die roman met ’n kort afloop.
- Die intrige en die subintrige is die gebeure en die konflik wat die karakters ervaar.
- Dit is ’n storie van karakters en die wêreld waarin hulle leef.
- Daar is karakterontwikkeling.
- Die verhaal fokus op die karakters se gedagtes, gevoelens en waardes.
- Die verteller is die eerstepersoonsverteller, derdepersoonsverteller of ’n alomteenwoordige/alwetende derdepersoonsverteller.
- Die verhaal speel af in ’n spesifieke era.
- Die verhaal kan chronologies of achronologies vertel word.

**ROMAN – ’n definisie**

Die woord “roman” beteken letterlik “’n boek geskryf” in Romaans (Grové 1963:80).

## Die titel van die roman: *Branderjaer*

**Die titel is ’n samestelling** en bestaan uit die twee woorde: *brander* en *jaer*. Dit dui op die seuns se avontuurlustigheid: Hulle jaag die branders.

“Branderjaer” is ’n ander woord vir “branderplankryer”. Dit dui aan dat branderplankry ’n groot rol in die verhaal speel.

Branders breek teen die strand of harde rotse. Dit laat die leser wonder wat in die roman gebeur. **Word die seuns letterlik en figuurlik gebreek?** Wat gebeur voor ’n brander ’n rots of die strand tref? Dit breek.

Volgens die verklarende woordeboek is ’n “brander” ook ’n aanmaning, ’n dagvaardiging wat aan iemand gestuur word om skuld te betaal. Dié woord **dui dus op die skuld wat die vyf seuns moet betaal**.

’n Jaer is iemand wat aan sport deelneem en iets jaag. Wat jaag die Branderjaers? **Daar is vyf Branderjaers: Louw Swanepoel, Ben Palmer, Jak Human, Malherbe Albertyn en Ellis van den Bergh**. Die seuns is in **Stormbaai Hoërskool**. Van hul laerskooldae af jaag hulle ekstreme sport na: Hulle duik van rotse af, ry die grootste branders, klim die gevaarlikste berge en ontdek die donkerste grotte. Hulle durf die stormwater van die Kliprivier aan. Ekstreem is in hulle bloed. Hul toertjies word op Instagram, YouTube en Facebook gelaai – dit is hoe hulle bekend geraak het as die Branderjaers. Ander hoërskole se leerders kompeteer met hulle, maar dié vyf is onverskrokke. Hulle is ’n hegte groep vriende en vorm ’n bende wat as die Branderjaers bekend staan.

## Die voorblad en agterblad


- **Die voorblad**: Daar is die gesig van ’n seun. Daar is merke op sy gesig. Dit dui op die gevegte waarby die seuns betrokke raak. Waar sy voorkop of brein moet wees, is daar ’n branderplankryer onder die water en branders wat breek. Is branderplankry al wat in sy kop aangaan? Die aksie waar ’n branderryer onder die brander duik word ’n “duck-dive” genoem. Dit word uitgevoer sodat die branderplankryer verder kan uitswem voordat hulle die branders aandurf. Só vermy hulle dat die brander op hulle breek. Die tegniek is om die branderplank af te druk en sodoende dieper te duik. Deur jou voet op die agterste deel van die branderplank te druk, word die branderryer in staat gestel om deur die oppervlak te breek. Om anderkant die brander deur die oppervlak te breek, moet die branderryer dus eers dieper duik.
- Bo is die kleure helder waar die branderryer die branders ry. In die oomblik waarin die branderplankryer die eforie en vryheid van die rit geniet, is die lewe kleurvol en mooi. Dit staan in teenstelling met die seun onder se gesig, wat kleurloos en strak is. Dit dui op ’n leweloosheid en uitsigloosheid van die seun.
- Die woord “branderjaer” as titel van die roman is opgebreek en in oranje in hoofletters geskryf: **BRAN DER JAER**. Dit lyk soos 3 verskillende woorde. Die hoofletters dui op die hoë profiel wat die seuns by die skool het, hoe belangrik die sport vir hulle is, maar dit bevestig ook hul gebrokenheid.
- Voor op die boek staan die woorde: “Onstuimig, onvoorspelbaar en onbevange. *Branderjaer* is vreesloos.” Die assonasie van die drie o’s laat ’n mens aan die rolmaalbeweging van die see dink; die oomblik voor die brander breek as die branderryer oor die water gly.
- **Die agterblad**: Daar verskyn ’n gesig van ’n meisie en water. Die kleur van die lug lyk oranje. Haar uitdrukking is dromerig. Dit voel romanties.
- Agter op die boek is daar ’n uittreksel uit die boek, ’n gedeelte deur die fokalisator, Louw. Dit lei die leser in en gee ’n bietjie insig oor die emosionele welstand van die hoofkarakters. Dié deel is in kursief gedruk:
  *“Bitter! Bitter! Bitter!”  Louw gooi sy volle gewig agter sy vuis, ruk dan terug en sien hoe Beast sy neus vashou. Soos gewoonlik sê sy brein en sy lyf “nee”. Dis die teenoorgestelde van wat hy wil doen. Maar in die Kring gaan dit nie oor wil nie. Dit gaan oor wat jy moet doen. Almal in die Kring het skuld – Bloedskuld. En die Branderjaers het ‘n moerse prys om te betaal.*

  Dan is die deel oor die fokalisator, **Deidre Anker**, in normale skrif gedruk. Dit gee insig in die psige van Deidre Anker: Deidre Anker se lewe is veilig, onder beheer. Sy het egter nie op Louw Swanepoel gebargain nie. Louw is een van daardie ouens. Die ou wat homself  in stormwaters sal gooi vir ’n gevaarlike brander of teen ’n krans sal afduik vir ’n oomblik van adrenalien. Waaghalsig. Windgat. Alles wat Deidre nie kan verdra nie. Maar hoe meer tyd sy saam met Louw spandeer, hoe meer besef sy hoe verkeerd sy was. Daar is iets aan hulle, die Branderjaers. Vuur, kannie, Klippies, Stoke, Bitter. **Vyf seuns in ’n hegte broederskap gesmee deur gedeelde pyn en skuld**. Sy wil die een wees wat al Louw se geheime ontrafel. Onderaan staan in wit geskryf: “*Dis alles of niks.*

*’n Mens kan nie halfmas lewe nie.”* Dit is die motto waarby Louw Swanepoel lewe.

## Die simboliek op die voorblad en agterblad

- **Die see** is ’n simbool van krag. Dis ook ’n simbool van kalmte en geheimenisse. Daar is ’n kontras: Die see gee jou kalmte en geluk of dis ’n krag wat jou kan meusleur en vernietig. Die see beeld ons weerloosheid en swakheid as mens uit.
- **Die branders** dui op die verandering van die lewe, dit hou nooit op nie. Die een oomblik is die branders rustig en kalm en die volgende oomblik buite beheer en wild.
- **Water:** Dit is die simbool van lewe en weergeboorte. Dit dui op reinheid, die wegwas van sonde. Dit dui op lewe en groei. Dit dui op beskerming en heelmaking. Die water is die plek waar die Jaers heel word.
- **Die branderplank** is simbolies van branderplankryers se droom: om vry te wees. Dis iemand wat emosionele en fisiese uitdagings kan weerstaan. ’n Waaghals-lewensuitkyk wat jou help om die moeilike oomblikke in die lewe te oorkom. Dit kan ook negatief wees omdat die korttermyn risiko’s jou op die langtermyn skade kan berokken.
- **Die donker wolke met die oranje randjie en die lug op die agterblad:** Volgens die weerburo is die lug oranje as ’n storm inbeweeg soos die son ondergaan. Die blou ligstrale verdwyn vinnig en al wat oorbly is die oranje-rooi van die kleurspektrum.



# LITERÊRE BEGRIPPE

## DIE VERTELLER EN FOKALISATOR

Elke verhaal het ’n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**.

In *Branderjaer* is die **skrywer Joha van Dyk** en die verteller is ’n **derdepersoonsverteller** met die **fokalisasie wat tussen Louw Swanepoel en Deidre Anker afgewissel word**. Die fokalisator is die persoon/karakter uit wie se oogpunt die storie vertel word. Op bladsy 126 en 269 is die ek-verteller of eerstepersoonsverteller aan die woord. Dit is waar Louw droom en gebeure uit sy verlede herleef.

Ons kan oor die algemeen tussen drie soorte vertellers onderskei:

### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word dan slegs uit die gesigshoek van die een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf. In *Branderjaer* word die eerstepersoonsverteller op bladsy 126 en 269 gebruik om die trauma wat Louw tydens die twee gebeurtenisse ervaar het te beklemtoon.

### ALOMTEENWOORDIGE VERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

### DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters (fokalisator). Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter.

**Wie is die verteller en fokalisator in *Branderjaer*?**

Die roman bestaan uit **31 hoofstukke**. Die fokalisator word afgewissel deur die hoofstukname wat aan die karakter gekoppel is wat as fokalisator in die betrokke hoofstuk optree. Bv. hoofstuk 1 se fokalisator is Louw Swanepoel en in hoofstuk 2 is dit Deidre Anker. **Die fokalisator word dus afgewissel in ooreenstemming met die hoofstukke se name**.

In hoofstuk 1 is daar ’n derdepersoonsverteller. Die storie begin met die woord **[NEE]** wat die derdepersoonsverteller afwissel met die eerstepersoonsverteller se gedagtes. In hoofstuk 2 is Deidre Anker die fokalisator met ’n derdepersoonsverteller. Ons lees wel haar direkte gedagtes in kursief gedruk: “*Moenie omdraai nie. Moenie omkyk nie. Hy verdien nie jou aandag nie.”* (bl. 15)

Die derdepersoonsverteller word dus hier ook afgewissel met ’n eerstepersoonsverteller.

## RUIMTE EN MILIEU

Daar is twee ruimtes in die roman: Die **geestelike ruimte** en die **fisiese ruimte**.

Die omstandighede waarin die karakter hom of haar bevind is die geestelike ruimte. Louw bevind hom in ’n geestelike ruimte waar trauma en eensaamheid oorheers, ten spyte van sy band met sy vriende (sy bendebroers). Al sy broers en susters is doodgebore, sy ma is uit voeling met die realiteit en sy pa is ’n alkoholis.

Die verhaalruimte is die fiktiewe kusdorpie, **Stormbaai**. In die verbeeldingswêreld van die storie, is Stormbaai nie te ver van die Kaap en Hermanus af nie. Die dorp bestaan uit ’n bo-dorp en ’n onderdorp. Ons lees ook van Chancer Bay, die buurdorp.

In die dorpie is daar ’n plek teen die kus genaamd **Weduweekaai**. Die naam dui aan dat mense hul lewens daar verloor het. Dit is dus nie ’n veilige kaai nie. Daar is rotse en skerp klippe wat wag vir ’n ongeluk om te gebeur. In die dorp is daar **twee hoërskole**: Die **Stormbaai Hoërskool** in die bo-dorp. In die skool se vierkant is daar ’n groot bottlebrush-boom, met die bynaam “Verfkwas”, waarop die kinders hul name ingraveer. In die onderdorp, Breekwater, is die **Hoërskool Breekwater**. Daar is ’n hotel en ’n visfabriek. Agter die visfabriek is daar bergagtige gebied. Die kinders klim teen Mokerpiek uit. Teen die strand is daar ’n promenade met winkeltjies, stalletjies en eetplekke. Hier is ook piekniekbankies.

Wanneer mens verby die promenade loop, kuslangs, is daar ’n vervalle teerpad oortrek met lang gras wat eventueel afdraai na Weduweekaai. As jy op die heuwel staan en uitkyk oor Weduweekaai lyk die strand soos ’n vishoek, met steil kranse wat kurf in die water.

Daar is ’n ligtoring nader aan die hawe, aan Breekwater se kant en verskeie strande: **Meermin Cove** is waar die seuns se grot is. Dis ’n bunker. In die krans by Meermin Cove is ’n klein skeur teen die rots waardeur jy moet beweeg. Die ander ingang is deur die onderwatergrot teen die punt van Meermin Cove se rotse. Die Branderjaers pak die ingang toe met klippe sodat die ander kinders dit nie kan kry nie.

Branderseisoen is ’n besige tyd in **Stormbaai**. Dan het die dorp perfekte weer en daar is kompetisies op die strande. Branderplankkompetisies word op verskeie strande gehou.

**Suidstroom is die strand** reg langs en teen die promenade.

**Coral Beach** is ’n strand in **Chancer Bay**, die buurdorp. Hier is baie grotte. Daar is ’n privaatstrand waar mense visvang.

Die verhaal speel in twee wêrelde af wat onversoenbaar is: Die bo-dorp en die onderdorp. **Die leerders van die Stormbaai Hoërskool en die leerders van die Hoërskool Breekwater staan in kontras met mekaar**: die bevoorregtes en die minder bevoorregtes wat net met ’n beurs aan die Hoërskool Stormbaai kan studeer.

Kyk vir **ruimtebeskrywings in die roman** op bl. 4, 6, 21, 25, 27, 29, 34, 37, 38, 40, 41, 62, 63, 65, 66, 83, 114, 133, 134, 143, 145, 189, 190, 197, 255 en 256.

## TYD

### VERTELTYD EN VERTELDE TYD

**Verteltyd**

Die term “verteltyd” verwys na die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel. Dit is dus die aantal bladsye van die roman. *Branderjaer* bestaan uit 306 bladsye.

**Vertelde tyd**

Die “vertelde tyd” dui op die periode wat deur die storie gedek word. Dit is ongeveer 3 maande. Die verhaal begin op ’n Dinsdagaand in Julie en eindig op ’n Saterdag, 8 September.

### TYDSVERLOOP

**Chronologiese tydsverloop**

Chronologiese tydsverloop verwys na tyd wat op mekaar volg bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag, of oggend, middag en aand.

**Achronologiese tydsverloop**

Achronologiese tydsverloop verwys na tydsverloop wat nie op mekaar volg nie. Die tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is tydspronge en terugflitste na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.


*Branderjaer* word **chronologies** aangebied. Daar is verwysings na die verlede soos toe die Jaers geboelie is op laerskool.

### TAALGEBRUIK EN DIALOOG

Die romanskrywer gebruik verskeie tegnieke om die karakters aan die leser lewensgetrou voor te stel. Dis tegnieke soos naamgewing, beskrywing, dialoog (wat die persoon sê en die persoon se taalgebruik) en handeling (wat die karakter doen).

Die taal in die roman is in **Standaardafrikaans** geskryf wat deurspek is met Engelse woorde. Ons kan dit tipeer as tienertaal. Woorde wat gebruik word is Engelse woorde soos: “fighters”, “squeeze”, “not a chance”, ens. Die taalgebruik van ’n spesifieke karakter het ’n bepaalde funksie en sluit aan by die karakter se ouderdom en agtergrond en persoonlikheid. Die ruimte waarbinne die karakter hom- of haarself bevind speel ook ’n rol.






# LEES:

“Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan” (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

Tydens die leesproses moet die leerders aangemoedig word om ’n lys van die karakters op te stel en soos hulle die roman lees die karakters te leer ken. Hieronder volg ’n lys van die karakters soos wat ons hulle leer ken terwyl die verhaal ontvou:



# KARAKTERISERING

## DIE HOOFKARAKTER

**Louw Swanepoel en Deidre Anker is die hoofkarakters** (protagoniste) in die roman. Hulle is die sentrale figure waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakters ondergaan karakterontwikkeling.** Hierdie tipe karakter se innerlike karakter en groei, sowel as sy of haar uiterlike voorkoms word duidelik aan die leser uitgebeeld.

## NEWEKARAKTERS

**Die newekarakters** word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy of haar innerlike aan die leser kan openbaar.

## KARAKTERS

| KARAKTERLYS | KARAKTEREIENSKAPPE |
|---|---|
| **Die Branderjaers: (of Jaers)** | • Vyf seuns in 'n hegte vriendskap.<br>• Hulle het 'n reputasie as die onaantasbare elite.<br>• Hulle trek aandag waar hulle ookal gaan.<br>• Hulle spot Deidre se beste vriend, Pieter, in graad 7 toe dié as prefek gekies is.<br>• Hulle pak die opening na Meermin Cove se grot toe sodat die skoolkinders dit nie kan kry nie.<br>• Die Jaers beskou mekaar as broers.<br>• Hulle is adrenalienverslaafdes.<br>• Hulle betaal Kalla se Bloedskuld.<br>• Hulle was by toe Frederik Anker gesterf het.<br>• Al vyf is geboelie toe hulle jonger was. |
| **Louw Swanepoel**<br>Bynaam: Bitter, afgelei van Bittereinder. | • Hoofkarakter en fokalisator.<br>• Hy is graad 12.<br>• Hy is fisies aantreklik, breë skouers, gespierd van swem.<br>• Hy het 'n effe skewe neus, onseker lippe, donker, bronsbruin hare wat oor sy kraag vee.<br>• Hy dra 'n stukkie glas, kitaarpiek, Cokedoppie, muntstuk en draadankertjie om sy nek.<br>• Hy is die "gans wat goue eiers lê" volgens Mieke le Roux.<br>• Volgens Jak is Louw perfek; hy maak nie foute nie.<br>• Hy is sjarmant en geniaal. |

| | |
|---|---|
| | • Hy is die ster van die branderseisoen.<br>• Louw droom daarvan om te ontsnap uit die dorp, maar wens ook dat niks moet verander nie. Hy is moeg vir die aandag.<br>• Hy het ’n begeerte om net te wees: “no strings attached.”<br>• Die onderwysers hou van hom.<br>• Hy doen branderplankry en neem aan kompetisies deel. Hou van branders en is ’n adrenalienverslaafde, waaghalsig, windgat en weerbarstig.<br>• Hy baklei teen Beast en sy gesig word stukkend geslaan in die eerste hoofstuk.<br>• Sy verskoning is dat hy met Ellis se motorfiets geval het.<br>• Hy stel voor die grot moet ’n bunker wees waar hulle kan wegkruip; ’n herstelplek.<br>• Hy tutor Deidre om haar wiskundepunt op te stoot. Dié voorstel van Juffrou Kruger beskou Louw as ’n truuk – sy wou hom ’n les leer.<br>• Hy en sy gesin woon in ’n strandhuisie naby Meermin Cove, by ’n baai.<br>• Hy is in konflik met Daniels.<br>• Hy het al met die helfte van Chancer Hoër se meisies geslaap. (Skinderstorie).<br>• Hy het blykbaar ’n meisie by ’n ander ou afgevry en haar toe gelos. (Skinderstorie)<br>• Hy wens sy pa was nie sy pa nie.<br>• Hy kry ’n uitklophou en mis ’n week lank skool.<br>• Louw is geboelie deur Christiaan Kellerman.<br>• Hy het swak kommunikasie met sy ouers.<br>• Louw se biologiese pa is Cilliers Human. Jak is dus sy halfbroer.<br>• Deidre word sy meisie.<br>• Hy vertel maklik leuens.<br>• Hy hou van drama en speel as akteur op die verhoog. |
| **Ben Palmer**<br>Bynaam: Kannie, afgelei van Kanniedood. | • Hy is graad 11.<br>• Hy het blou oë en ‘n bruin vel.<br>• Sy gesin woon in Breekwater, die onderdorp.<br>• Hy studeer met ’n krieketbeurs by Stormbaai Hoërskool.<br>• Hou van grotte, skets die Kangogrotte<br>• ’n Rebel.<br>• ’n Kanniedood. |

| | |
|---|---|
| | • Sou dadelik aanval as hy baklei en nie ophou tot een van hulle val nie.<br>• Skets graag cartoons.<br>• Hy skateboard en besit ’n board met sy noemnaam, “Kannie”, op die onderkant.<br>• Bring ’n koshuismatras grot toe.<br>• Hy vind die grot (bunker).<br>• Sy suster is Kalla. Sy is nog in Breekwater Hoër.<br>• Bring ‘n koshuismatras grot toe.<br>• Hy kry ‘n groter ingang na die herstelgrot.<br>• Sy suster is Kalla. Sy is nog in Breekwater Hoër.<br>• Sy pa, Check Palmer, is nie tans teenwoordig in sy lewe nie.<br>• Ben verander sy aksent en manier van praat om aan te pas by sy omgewing en die mense met wie hy praat. |
| **Jak Human**<br>Bynaam: Stoke, afgelei van Stokebrand. | • Hy is in graad 12.<br>• Netjies, blond, lyk soos ’n hippie en ’n student. Hy kan baie rolle vertolk.<br>• Hy het goeie hand-oog-koördinasie en is gesmeek om in die skool se krieketspan te wees. Hy wil nie.<br>• Sy ma is baie streng.<br>• Hy is vinnig, kan bewegings antisipeer.<br>• Sy pa is Cilliers Human. Hy was ’n populêre akteur. Hy is jonk oorlede weens ’n oordosis kokaïen. (Het hy die dwelms by die Rotte gekry? Die vraag word nie beantwoord nie.) Jak was agt jaar oud toe sy pa oorlede is.<br>• Hy is vatbaar vir verslawing en gebruik daarom glad nie dwelms nie.<br>• Hy is passievol oor musiek en luister graag na musiek soos Jack Parow en Fokofpolisiekar nadat hulle in die Kring was.<br>• Maak altyd die vuur. Hy besit ’n zippo-aansteker wat hy kompulsief oop en toe maak.<br>• Sy branderplank is met vlamme versier.<br>• Hy gee voorkeur aan die draad as hy tydens gevegte moet verloor.<br>• Hy wou nie by die nou skeur by Meermin Cove ingaan nie. (Hy het engtevrees. Die feit word nie eksplisiet in die roman genoem nie.)<br>• Hy bring ’n medisynekas na die grot toe. |

| | |
|---|---|
| | • Noem 'n meisie wat nie "gecharm" wil word nie 'n "lost cause".<br>• Mieke het van hom gehou toe sy jonger was.<br>• Jak se ma het sy vriendskap met Louw verbied. (Sy weet waarskynlik dis haar man se buite-egtelike seun.)<br>• Hy en Louw het van dieselfde meisie gehou.<br>• Hy het sy pad deur die grade oopgevry.<br>• Hy word gehok omdat hy Vuur se bakkie se sleutels en sy sigarette op die tafel gelos het.<br>• Sy pa was Cilliers Human.<br>• Hy rook en drink alkohol.<br>• Hy gee vir Louw "rocks" vir energie tydens een van die kryt-sessies. |
| **Malherbe Albertyn Bynaam: Vuur, afgelei van Vuurvreter** | • Hy is in graad 11. Hy is in Deidre se registerklas van laerskooldae af. Deidre dink hy is buierig. Sy merk op dat hy dikwels afwesig is.<br>• Hy speel kitaar en kan sing.<br>• Hy is seningrig gebou, het rooi hare en sproete.<br>• Hy het deurmekaar hare, dra 'n ou gekraakte horlosie, stowwerige skoene ten spyte daarvan dat sy familie welgesteld is.<br>• Hy is 'n "golden boy" oor sy van – sy familie het ou geld.<br>• Sy vingers tik konstant ritmes uit.<br>• Hy is die standvastige een.<br>• Hy baklei takties, tot hy 'n swakpunt kry.<br>• Sy gunstelingsport is kransduik.<br>• Het 'n bakkie.<br>• Hy is in die koshuis ten spyte daarvan dat sy ouers 'n huis in Stormbaai het.<br>• Hy is 'n moontlike hoofseun as hy graad 12 is.<br>• Hy is in kompetisie met Pieter oor hoofseunskap.<br>• Hy kry goeie punte.<br>• Hy het 'n sagte geaardheid in die onderwysers se teenwoordigheid.<br>• Hy praat nie met sy ma nie en het skynbaar nie 'n goeie verhouding met sy ouers nie.<br>• Hy het 'n tatoe op sy skouer wat hy in Chancer Bay gekry het.<br>• Het baie littekens.<br>• Die polisiekaptein braai amper elke Vrydag by sy pa, Wilhelm Albertyn, in sy lapa by Kannube Duin. |

| | |
|---|---|
| | • Sy familie het ’n strandhuisie op die rand van Pêrelbaai waar die Branderjaers soms uithang.<br>• Sy eks-meisie, Alicia, het hom verneuk. |
| **Ellis van den Bergh**<br>**Bynaam: Klippies, afgelei van Klipvreter** | • Hy is in graad 11.<br>• Hy is sportief en is ’n Eerstespan rugbyreserwe. Hy is ook goed in krieket.<br>• ’n Donkerkop, gespierd.<br>• Hy is blas.<br>• Hy het ’n passie vir bergklim<br>• Hy het ’n gewoonte: Hy trek sy vingers tot dit knak.<br>• Wanneer dit by baklei kom is hy nie so vinnig soos Jak nie.<br>• Hy help Louw toe hy geslaan is en moet gewoonlik sy vriende dokter wanneer hulle seergekry het.<br>• Hy is ’n film-boffin en geniet klassieke flieks uit die 80’s.<br>• Hy bring ’n plastiekrusbank na die grot.<br>• Hy is naaste aan Ben en kom goed oor die weg met sy suster, Kalla.<br>• Hy het ’n motorfiets wat hy nooit gebruik nie.<br>• Hy het nog nie sy lisensie nie, maar ry onwettig met Malherbe se bakkie rond.<br>• Hanja wat by die snoepie werk, hou van hom.<br>• Hy hou van Aster se bokkie-ogies.<br>• Daar is ’n YouTube waar hy aan ’n tak oor ’n afgrond hang.<br>• Sy pa is die beste motorwerktuigkundige op die dorp.<br>• Hy het ’n goeie verhouding met sy pa. |
| **Deidre Anker** | • Sy is ’n hoofkarakter en fokalisator.<br>• Sy is in graad 11, in Malherbe se registerklas.<br>• Sy het donker, krulhare, wat sy gewoonlik in ’n lang vlegsel dra, groen oë, sproete.<br>• Sy bloos maklik en het ’n bleek vel.<br>• Sy ruik na jasmyn.<br>• Sy presteer op skool. Sy haat wiskunde - dis haar swakste vak. Ten spyte daarvan is sy ’n A-kandidaat en staan bekend as “mejuffrou Volpunte”.<br>• Sy was al by al die wiskundeonderwysers vir hulp.<br>• Haar beste vriend is Pieter Volstee. Hulle bly in dieselfde straat.<br>• Sy volg haar ma se plan vir haar lewe: om LLB by UCT of Stellenbosch Universiteit te gaan studeer. Sy moet vir beurse aansoek doen. Sy moet dan haar |

| | |
|---|---|
| | internskap by 'n goeie vennootskap doen en druk om 'n advokaat te word.<br>• Sy vra Louw uit oor die tegniese aspekte van branderplankry.<br>• Sy was vier jaar laas op die strand.<br>• Sy dra 'n ornament van 'n klipolifantjie om haar nek.<br>• Haar neefs is Frederik Anker (wat oorlede is) en Bertus Anker wat op Universiteit is.<br>• Haar ma is Renate Anker, 'n prokureur wat werk by Hayes en Bosman.<br>• Haar ouerhuis is gevul met die stryd tussen reg en verkeerd.<br>• Sy is stil, 'n introvert, raak oorweldig deur baie mense. |
| **Frederik Anker** | • Hy is oorlede.<br>• Deidre se neef.<br>• Frederik was bekend as die stout een.<br>• Hy vat Deidre skelm see toe en leer haar swem en visvang.<br>• Was vriendelik met Louw en Jak en het hulle gewaarsku teen die mense in Breekwater.<br>• Hy het Deidre altyd beskerm.<br>• Deidre dra steeds sy skooltrui en hoodie. |
| **Bertus Anker** | • Die ander neef van Deidre. Frederik se broer.<br>• Hy is op Universiteit.<br>• Hy is 7 jaar ouer as Deidre. |
| **Deidre Anker se ouers: Renate Anker en Albie Anker** | **Renate Anker** is 'n prokureur wat werk by Hayes en Bosman.<br>• Weet wat sy vir haar dogter wil hê. Noem dit "Die Plan".<br>• Sy sien mans net as struikelblokke in die pad na sukses.<br>• Sy antwoord dikwels namens haar man.<br>• Sy is ontevrede. Sy voel haar man is "in Carl Volstee se gat opgekruip." Sy wil hê haar man moet sy neus uit Volstee se sake hou.<br><br>**Albie Anker** se besigheid lyk onseker en hy lyk moeg.<br>• Hy voel Renate druk Deidre akademies te hard.<br>• Hy is min tuis. Hy doen besigheid met Carl Volstee en raak betrokke by sy werk met die Kringmakers. |

| | |
|---|---|
| | • Hy het waarskynlik nie geweet waarvoor hy hom inlaat toe hy met Volstee begin besigheid doen het nie.<br>• Hulle bly in dieselfde straat as die Volstees aan die voet van die berg.<br>• Hy praat nie in sy huis oor finansies nie.<br>• Hy het vir lank ophou rook, maar weer begin – iets wat Deidre bekommer. |
| **Kalla Palmer** | • Sy is Ben se suster en lyk soos Ben.<br>• Sy is een jaar jonger as Ben, dus is sy graad 10.<br>• Sy het ligbruin oë en hoë wangbene. Sy laat Deidre aan 'n kat dink omdat sy so atleties is.<br>• Sy is in Breekwater Hoër.<br>• Sy doen ook branderplankry saam met die seuns.<br>• Sy is nie bang nie.<br>• Sy vermy Stormbaai Hoër se leerders en verkies die onderdorp en Breekwater Hoër.<br>• Ben help Kalla met haar huiswerk.<br>• Die Jaers kla nie voor Kalla oor hulle verpligtinge en ervarings in die arena nie.<br>• Tydens inisiasie-tyd word sy amper deur 'n Rot-inisiaat verkrag. Sy baklei terug en die Rot word die volgende dag dood gevind. Sy word gevonnis met Bloedskuld deur die Rot-bende. Die Branderjaers betaal die Bloedskuld namens haar deur in die Arena te veg. |
| **Pieter Volstee** | • Hy is in graad 11.<br>• Hy is 'n prefek in graad 7 en wil in graad 12 hoofseun wees.<br>• Hy dien op 4 komitees en op die Sosiale Komitee van die skool.<br>• Hy het 'n vaalblonde borselkop.<br>• Die Jaers het hom in graad 7 gespot toe hy as prefek gekies is.<br>• Hy eet baie, maar hy bly maer.<br>• Hy het nie 'n meisie nie.<br>• Sy pa het baie besighede.<br>• Hy moet in sy pa se voetspore volg.<br>• Hy tref reëlings vir maatskaplike werk in die gemeenskap.<br>• Sy ma het 'n kuns en koffiewinkel, Eden, by die promenade.<br>• Sy pa is baie afwesig. |

| | |
|---|---|
| | • Hy het 'n gesig wat mense vertrou.<br>• Hy weet die Jaers het 'n kontrak geteken.<br>• Hy hou nie van die Jaers nie.<br>• Hy is jaloers op Deidre en Louw se verhouding. |
| **Pieter Volstee se ouers: Helen Volstee en Carl Volstee** | **Helen Volstee, sy ma**<br>• Sy besit 'n kuns en koffiewinkel, Eden. Die boekklub, spinklas en besigheidsirkel maak almal gereeld gebruik van die winkel.<br>• Sy hang Louw se ma se skilderye in haar winkel.<br>• Sy vertel Albie Anker van Louw en Deidre.<br><br>**Carl Volstee, sy pa**<br>• Hy is 'n besigheidsman wat 'n monopolie oor die dorp het. Net die Ontdekkerskomitee is sy kompetisie.<br>• Hy probeer elke sent uit die toeristedorpie melk.<br>• Hy het 'n finansiële ooreenkoms met die Rot-bende. Hy pers die Jaers af en laat hulle 'n kontrak teken om Kalla se Bloedskuld te betaal.<br>• Hy is die Hoofkringmaker. |
| **Mieke** | • Sy is Deidre se vriendin.<br>• 'n Kunstenaar.<br>• Sy gaan uit met Christiaan.<br>• Sy het van Jak gehou toe sy jonger was.<br>• Sy maak ook ogies vir Erich Uys en Dekker het ook in haar belangstelling getoon.<br>• Sy het 'n boetie en sussie wat 'n tweeling is, Stefan en Ella.<br>• Sy lees graag modetydskrifte.<br>• Haar dak is volgeplak met prente van plekke oor die wêreld.<br>• Sy is 'n kelnerin by Eden.<br>• Sy lees graag Sherlock Holmes en speurfiksie.<br>• Sy gaan saam met Deidre in die aand Breekwater toe. |
| **Christiaan** | • Gaan uit met Mieke.<br>• Hy is die eerste rugbyspan. |
| **Dekker Vermaak** | • Hy het 'n video van die Jaers op sy foon.<br>• Hy is 'n rugbyspeler.<br>• Hy stel in Mieke belang. |

| | |
|---|---|
| **Die onderwysers van Stormbaai Hoër** | |
| **Mnr. van Deventer** | • Skoolhoof |
| **Juffrou Kruger** | • wiskunde-onderwyser van graad 12.<br>• Intimiderend.<br>• Nie een vir trane nie, maar kry 'n tragiese geval (Deidre wat sukkel om wiskunde goed te slaag) jammer.<br>• Dra 'n bril, uilagtige oë (wyse oë), kort.<br>• Vra Louw om aan Deidre wiskunde te verduidelik |
| **Juffrou Reyneke** | • Sy vat juwele en bykomstighede by die kinders af by die skool, want sy is streng oor die skool se reëls en skooldrag. Net die Jaers kan dra wat hulle wil. |
| **Juffrou van Wyk** | • Gee wiskunde in die laerskool, graad 4. |
| **Elsje Scholtz** | • Gerrit se meisie. |
| **Natasha** | • Een van die "Branderpoppies" wat post oor Louw wat saam met Deidre van die skool af gestap het. |
| **Melanie** | • Gee ysies vir Malerbe en Jak in laerskool. |
| **Erich Uys** | • Hy is saam met Mieke en Pieter in die klas.<br>• Mieke hou van hom.<br>• Sy gaan drink saam met hom koffie. |
| **Beast** | • Baklei teen Louw.<br>• Een van die Rotte.<br>• Word 'n simbool vir die primêre instink, barbaarsheid wat in elke mens is.<br>• Daar is arendsvlerke op sy bors getatoeëer.<br>• Hy slaan om seer te maak: Hy mik vir Louw se niere. Hy is gemeen.<br>• "die bloed van die vorige match steeds op sy kneukels" – hy baklei gereeld. |
| **Hanja** | • Werk by die snoepie en gee vir Ellis en sy maats gratis jaffels. |

| | |
|---|---|
| | • Sy praat met hom oor die psigologiese belewenis van bergklim. |
| **Neelsie de Jager** | • Hy het vir Ellis op laerskool geboelie. |
| **Christiaan Kellerman** | • Hy het Louw in die speelskool geboelie.<br>• Hy was groter as die ander seuns.<br>• Sy bynaam word Lappies omdat sy onderbroek gelap was. |
| **Alicia** | • Malherbe se eks-meisie.<br>• Sy het hom verneuk. |
| **Petra** | • ’n Meisie met blonde vlegsels.<br>• In laerskool het sy vir Ellis gevra om by haar te sit tydens pouse. |
| **Louw se ouers: Beatris Swanepoel en Leibrandt Swanepoel** | **Beatris Swanepoel**<br>• Sy is ’n eksentrieke skilder.<br>• Sy word met dryfhout vergelyk.<br>• Sy is nie in aanraking met die realiteit nie en wag steeds dat Cilliers Human moet terugkom na haar toe.<br>• Sy het 4 miskrame gehad.<br>• Sy noem soms vir Louw Simon.<br>• Haar werke hang in Eden.<br>• Daar is seeportrette teen hul huis se mure wat Louw se ouma Lettie s’n is.<br><br>**Leibrandt Swanepoel**<br>• Hy is ’n visserman en het ’n harde lewe gehad.<br>• Werk opsetlik saans laat.<br>• Hy voel niks vir Louw nie.<br>• Hy vertel vir Louw van die Volstees en die Ankers wat kop in een mus met die Rotte is.<br>• Is nie Louw se biologiese pa nie, maar is onseker daaroor |
| **Die Kringmakers** | • Dis die slymerige mans wat die Jaers in hul kloue vashou.<br>• Hulle dra mooi dasse, is whiskeydrinkers, het beursies vol geld en bring gaste saam.<br>• Die hoofkringmaker, Carl Volstee, (het hy die Bloedskuld van Kalla georkestreer?) sluit ’n |

| | |
|---|---|
| | ooreenkoms met die Rotte, Breekwater se wreedste bende. |
| **Boss** | • Hy is ’n bendelid van die Rotte.<br>• Hy gee die opdragte aan die bakleiers.<br>• Reël vooraf wie wen en wie verloor, want mense wed op die wenner.<br>• Die eerste keer het hulle in die ondergrondse parkeerarea ontmoet in Breekwater.<br>• Hy rook ’n pyp.<br>• Tingerig.<br>• Sy hart is soos die van ’n rot - hy sal jou opvreet as hy honger genoeg is. |
| **Die Rotte** | • ’n Bende in Breekwater<br>• Eis dat Kalla se Bloedskuld betaal word. |
| **Die Branderpoppies** | • Hulle is die Branderjaers se ondersteunersgroep.<br>• Hulle is die aanhangerklub wat op en af spring oor hulle volgende kompetisie.<br>• Hulle hang rond om die Jaers. |
| **Martin Daniels** | • Bekend as Daniels.<br>• Hy het kortgeskeerde hare en ’n litteken op sy gesig.<br>• Lyk skrikwekkend.<br>• Verlief op Bella.<br>• Kom van Breekwater af (hy is in graad 9 oorgeplaas).<br>• Hy is stug, intimiderend.<br>• Geen ander vriende.<br>• Vyandig teenoor die Branderjaers. Het ’n probleem met hulle. Dit het iets met Kalla te doen.<br>• Daar is spanning tussen hom en Louw.<br>• Hy baklei ook in die Arena. |
| **Bella Prins** | • Sy is vriende met Deidre Anker.<br>• Sy het lang, bruin bene.<br>• Sy skryf vir die skoolkoerant, die *Inkvis.*<br>• Sy het gemanikuurde naels en dra Gucci-parfuum<br>• Sy en Martin Daniels gaan van graad 9 af uit.<br>• Sy doen atletiek. |

**Bestudeer die onderstaande dialoog in KOLOM A. Dui aan watter karakter in KOLOM B die woorde gesê het.**

| KOLOM A: DIALOOG | | KOLOM B: KARAKTER | |
|---|---|---|---|
| 1. | "Hei! Moenie alles op Louw mors nie!" | **A.** | **LOUW SWANEPOEL** |
| 2. | "Swanepoel is geniaal." | **B.** | **ALBIE ANKER** |
| 3. | "Daar is Bloedskuld om elke draai?" | **C.** | **DEIDRE ANKER** |
| 4. | "Jou ma is nie die maklikste vrou by ouervergaderings nie." | **D.** | **RENATE ANKER** |
| 5. | "Bells, na skool?" | **E.** | **JUFFROU KRUGER** |
| 6. | "Jy sal ril, seun, jy sal ril vir wat ek jou kan vertel." | **F.** | **MALHERBE ALBERTYN** |
| 7. | "As die Albertyns nie 'n astro skenk en hulle dit eerder vir Malherbe gee nie." | **G.** | **JAK** |
| 8. | "Alternatief is nie bad nie." | **H.** | **MIEKE** |
| 9. | "Girl, jy is besig om op droë grond vis te vang." | **I.** | **MARTIN DANIELS** |
| 10. | So, Carl het jou alweer betrek by een van sy planne?" | **J.** | **BELLA** |
| 11. | "Dit beteken nie sy moet haarself saboteer…" | **K.** | **PIETER VOLSTEE** |
| 12. | "Dis van Knysna. Ek weet nie hoekom ek dit dra nie." | **L.** | **BEN PALMER** |
| 13. | "Julle is redelik bekend vir daai stunts van julle. Dis great." | **M.** | **CARL VOLSTEE** |
| 14. | "In wat tutor Louwtjie haar nou regtig?" | **N.** | **ELLIS** |
| 15. | 'Weet sy?" | **O.** | **BEATRIS SWANEPOEL** |
| 16. | "Laaik jy nou die slimmes?" | **P.** | **LEIBRANDT SWANEPOEL** |
| 17. | "Hy probeer homself doodlewe." | **Q.** | **GERRIT VAN ZIJL** |
| 18. | "'n Meesterstuk, nè?" | **R.** | **VEE** |
| 19. | "Jy't niks nie, Swanepoel." | **S.** | **HELEN VOLSTEE** |
| 20. | "Jy's Louw se girl." | **T.** | **CHRISTIAAN KELLERMAN** |

**ANTWOORDE:**

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| G | E | A | H | I | P | K | F | J | D |

| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | C | M | L | N | Q | O | S | T | R |

## INTRIGE EN SUBINTRIGE

Die term "intrige" verwys na die raamwerk van gebeure. **Die intrige verwys na die volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. Intrige lei tot spanning. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd, aangesien dit die leser enduit sal boei.

Die intrige van dié roman wentel rondom Louw en Deidre se verhaal en die situasie waarin die Branderjaers hulself bevind. Die subintrige is ander karakters se stories, soos bv. Jak se verhaal en die van sy pa, Malherbe se geskiedenis met sy ouers, hoe die Jaers as jong kinders geboelie is, ens.

## Hoofstukopsommings en kontekstuele vrae

Die roman bestaan uit **31 hoofstukke**. Die fokalisator wissel tussen twee karakters. Die naam van die karakter verskyn as die titel vir elke hoofstuk om aan te dui wie die fokalisator in daardie betrokke hoofstuk is.

**Alhoewel hierdie fase hoofsaaklik aan lees afgestaan word, is dit noodsaaklik dat leerders deurlopend vrae beantwoord om die inhoud van die roman in te skerp. Dus volg daar hieronder na elke hoofstuk 'n paar vrae. Die leerder beantwoord dit as die hoofstuk klaar afgehandel is. Die nasienriglyne is agter in die gids onder die afdeling POST-LEES.**

**Hoofstuk 1 (Louw) (bl. 1) (Dinsdag-aand)**

Die hoofstuk open met die woord **[NEE].** Dis Louw se brein en lyf wat "nee" sê. Dis woorde wat in sy gedagtes opkom, asof dit 'n instruksie aan homself is. Dit word soos 'n verhoogaanwysing aan 'n akteur geskryf. Hierdie soort gedagtes word deurgaans in die Louw-hoofstukke gebruik as deel van sy karakter. Daarmee kry die leser 'n idee hoe Louw dink.

Die hoofstuk open met 'n Kring-geveg waar Louw teen 'n bendelid, 'n Rot genaamd Beast baklei. Beast is 'n man met arendsvlerke op sy bors getatoeëer. Malherbe is daar om Louw te ondersteun. Almal wat in die Kring baklei het Bloedskuld of baklei daar om ontslae te raak van probleme soos dwelmskuld of om geld te verdien.

In die volgende toneel is Ellis besig om Louw se wond skoon te maak – in die laaste oomblikke van die geveg het Louw teen die doringdraad van die kryt geval en sy wang gesny. Hulle is in die Branderjaers se geheime bunker – die bunker se oorsprong word verduidelik. Dit is waar die Branderjaers kom om te herstel ná 'n geveg. Die bottel Vodka wat Ellis vir ontsmetting gebruik het, word tussen die seuns aangegee. Louw gee kortliks die konteks van elke Jaer se huislike omstandighede.

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Verduidelik watter tipe verteller in Hoofstuk 1 aan die woord is.
Wie is die fokalisator?

1.2. Wat impliseer die woord **[NEE]**?

1.3. “Dis die teenoorgestelde van wat hy wil doen.” Waarna verwys Louw hier? Verduidelik ook die implikasie van sy optrede.

1.4. Beast mik vir Louw se niere. Wat kan jy aflei omtrent Beast se intensies?

1.5. Wat simboliseer die doringdraad? Waarom verkies Jak die doringdraad?

1.6. Vertel hoe Ben Meermin Cove se grotte ontdek het. Hoe het die seuns die bunker ingerig en wat beteken die plek vir hulle?

1.7. Waarmee assosieer jy die die naam Weduweekaai?

1.8. Waarom gebeur dit min dat al vyf van die Branderjaers die Arena op dieselfde aand binnetree?

1.9. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**?

Jak Human kon in die krieketspan gespeel het, maar wou nie.

1.10. “Daar is nie perke aan die moontlike rolverdelings vir Jak Human nie.” Verduidelik hierdie opmerking.

**Hoofstuk 2 (Deidre) (bl. 10) Donderdag**

Deidre bespreek haar probleem met haar wiskunde-punte met juffrou Kruger. Deidre se toekomsplanne en haar ma se eng uitsig word deur haar gedagtes weergegee. In die middel van hul gesprek kom Louw die klas binne en onderbreek haar gesprek met juffrou Kruger. Juffrou Kruger maak die voorstel dat Louw vir Deidre moet tutor, siende dat hy ’n paar klasse/take gemis het en self wou kom vra hoe hy kan opmaak.

**Kontekstuele vrae:**

2.1. “…gelukkig is sy ’n softy as dit kom by ’n tragiese geval” Na wie word hier verwys?

2.2. Evalueer die beskrywing van Kruger:
**“Kruger lig ’n wenkbrou, dit maak ’n negentiggradehoek…”**

2.3. Verduidelik wat *Die Plan* is. Wie het *Die Plan* ontwerp?

2.4. “Sy het hierdie geveg verloor die oomblik toe hy teen die kosyn kom leun het

asof hy die skool besit". Verduidelik hierdie aanhaling.

2.5. Wat bereik die skrywer met die kursiefgedrukte gedagtegang van Deidre Anker: "*Moenie asemhaal nie"* ?

2.6. Wat is die belangrikste ding in Louw se lewe, volgens juffrou Kruger?

2.7. Waarmee assosieer jy die "uilagtige oë" van juffrou Kruger? Kies **die korrekte antwoord. (Skryf slegs die LETTER.)**

A. wysheid
B. kennis

2.8. Benoem en verduidelik die **beeldspraak** in die onderstaande sin:
"*vir Deidre gaan sy definitief nou afskiet*"

2.9. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord.

Deidre is gretig om deur Louw getutor te word.

2.10. Waarom waarsku die onderwyseres die twee om mekaar net nie te vermoor nie?

**Hoofstuk 3 (Louw) (bl. 17) Donderdag**

Deidre wil wegstap, maar Louw keer haar. Hy vra vir haar nommer en probeer 'n tyd kry vir hul ekstra klasse. Hulle begin ietwat ongemaklik te gesels (altans, Deidre lyk ongemaklik). Die leser kry 'n idee van hoe Louw se weke werk – dat Saterdae uitgesit is vir branderplankry en Vrydae vir iets waaroor hy nie met Deidre wil praat nie. Die Branderjaers onderbreek hul gesprek.

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Waarom is Deidre se trui te groot vir haar?

3.2. Jak beskryf sekere meisies as 'n "lost cause". Waarna verwys die beskrywing?

3.3. Die onderwyseres het nie die "match" uit die goedheid van haar hart voorgestel nie. Wat dink jy wil die onderwyseres hierdeur bereik?

3.4. Verduidelik: "*Sy het die tipe kyk waarop Medusa jaloers sou wees*."

3.5. Wat doen Louw op 'n Vrydag en Saterdag?

3.6. *"Hulle neem foto's en tag hulle…"* Waarna en na wie verwys die aanhaling?

3.7. Waarmee assosieer Louw die see as die wind waai? Verduidelik die beeld.

3.8. Pas elke keer die Branderjaer by sy bynaam. Skryf slegs die nommer neer, bv. 3.8.1 en A, B, C of D.

| BRANDERJAER | | BYNAAM | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | Louw Swanepoel | A | Kannie |
| 3.8.2 | Ben Palmer | B | Vuur |
| 3.8.3 | Jak Human | C | Bitter |
| 3.8.4 | Malherbe Albertyn | D | Klippies |
| 3.8.5 | Ellis van den Bergh | E | Stoke |

3.9. *"…maar haar naam hak in sy keel soos 'n mond vol soutwater"*
Verduidelik die vergelyking.

3.10. "Broers en branders." Hoe kry die verteller dit reg om klem op hierdie woorde te plaas?

**Hoofstuk 4 (Deidre) (bl. 23) Donderdag**

Deidre sit by Pieter en Mieke op die wal tydens pouse. Mieke en Pieter merk die Branderpoppies op. Om hulle praat ander leerders oor die Branderjaers. Deidre verduidelik wie en wat hulle is – hoe hulle bekend geword het in die dorpie. Net wanneer Pieter vir Deidre 'n vraag vra, val Martin Daniels hom in die rede. Hy los vir Bella by hulle. Terwyl die vriende gesels, hou Deidre Verfkwas, die bottlebrush-boom, dop waaronder die Jaers gewoonlik vergader. Deidre sien elk van die Jaers individueel raak en beskryf hulle en hul noemname. Louw en Daniels stap verby mekaar en Daniels gryp Louw se arm. Daar is 'n spanningsvolle atmosfeer vir 'n oomblik en dan los Daniels vir Louw. Deidre probeer uitvis oor Daniels se houding teenoor die Jaers – almal hou tog gewoonlik van hulle – maar voordat sy iets uit Bella kan kry, lui die klok. Vanuit haar tweedevloer Engels-klas sien Deidre die Jaers steeds onder Verfkwas staan.

**Kontekstuele vrae:**

4.1. "*Boomtakke gooi skadu's oor die grasperk*".
Watter **beeldspraak** is hier van toepassing?

4.2. Wat beteken "*branderseisoen*"?

4.3. Waarom voel Pieter die mense het nie lewens as hulle so oor die Jaers skinder nie?

4.4. Deidre voel skuldig as hy hierdie opmerking by **vraag 4.3** maak. Stem jy saam?

4.5. Wanneer en hoe het die seuns se ekstreme stokperdjies begin?

4.6. "*Jou ma is nie die maklikste vrou by die ouervergaderings nie*." Wie is hier aan die woord en na wie verwys sy?

4.7. Wat is die skoolkoerant se naam? Dink jy die naam is akkuraat gekies? Motiveer jou antwoord.

4.8. "*Breekwater Hoër, die onderdorp se oorbevolkte skool.*"

Wie is in graad 9 oorgeplaas van hierdie skool af? Waarom dink jy het hierdie persoon nie juis vriende nie?

4.9. Motiveer en verduidelik of die onderstaande stelling **waar** of **onwaar** is:

Pieter is ambisieus.

4.10. Waarom is Verfkwas so 'n belangrike baken op die skoolgrond vir die leerders? Is die naam gepas? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**Hoofstuk 5 (Louw) (bl. 33) Donderdag**

Louw en Malherbe sit op die strand. Louw erken aan Malherbe dat jufrou Kruger hom forseer om vir Deidre Anker ekstra wiskundeklasse te gee. Louw sluit by Jak in die water aan. Jak, nes Malherbe, kom agter dat iets fout is met Louw. Hy oorweeg om aan Jak te verklap wat fout is, maar sê toe hy's angstig oor die Brandertoets, 'n branderrykompetisie waaraan hulle gaan deelneem.

**Kontekstuele vrae:**

5.1. *"Alternatief is nie bad nie."* Watter **afleiding** oor sy karakter kan jy uit dié stelling van Malherbe maak?

5.2. Wat beteken dit as Louw 'n klippie in die branders inskiet?

5.3. Waarom hang die naam *Anker* altyd oor die Jaers se koppe?

5.4. Hoekom weeg die draadanker om sy nek swaar op Louw se gemoed?

5.5. Watter werk doen Louw se pa? Waarom sal hy opsetlik laat uitbly?

5.6. Die "high five" wat Louw en Ellis vir mekaar gee, maak sy hand seer. Waarom is dit ironies?

5.7. Louw is gespanne. Noem die **ses** dinge wat hom pla.

5.8 Waarmee assosieer Louw die vuurtoring van Breekwater?

5.9. Beskryf vir Kalla.

5.10. Waarom, dink jy, kan 'n mens nie kyk na die massiewe brander met 'n ou binne-in nie?

**Hoofstuk 6 (Deidre) (bl. 40) Donderdag**

Deidre dek die tafel en kyk *Crime Channel* op TV terwyl haar ouers in die kombuis gesels. Sy kan aflei dat haar pa besig is met iets, saam met die Volstees, en dat haar ma nie daaroor gelukkig is nie. Deidre gee bietjie konteks oor die dorp. Haar pa vertel vir haar dat hy minder by die huis gaan wees omdat hy saam met Carl Volstee begin werk en meer Kaap toe moet gaan.

**Saterdag**

Pieter is saam met Deidre by die Brandertoets se pre-rondte. Pieter is nie gelukkig om daar te wees nie. Hy lig vir Deidre in dat Jak se bynaam "Stoke" is, wat verkort is van "Stokebrand". Deidre begin wonder oor die res se byname. Ná die kompetisie het Deidre en Louw hul eerste ekstra klas.

**Sondag**

Deidre en Mieke hang uit in Mieke se kamer. Mieke ondervra haar oor haar ekstra klas. Bella sluit by hulle aan. Deidre bestudeer haar spieëlbeeld en besef dat sy bleek is, dat hulle altyd op Sondae gaan stap het en sy nie kan onthou wanneer laas sy dit gedoen het nie. Haar vriendinne terg haar. Hulle gaan stap.

**Kontekstuele vrae:**

6.1. Waarom het Deidre nooit seevakansies geken nie?

6.2. Verduidelik waarna die volgende verwys: *"Dit was Toe. Voor."*

6.3. Gee ’n rede waarom Deidre soos ’n lafaard voel.

6.4. Wat is ironies daaraan dat die koffiewinkel *Eden* genoem word?

6.5. Wat beteken dit as Carl Volstee ’n monopolie oor die dorp het?

6.6. Hoekom moet Deidre ’n beurs kry om te gaan studeer?

6.7. Verduidelik die **konnotatiewe** en **denotatiewe** betekenis van:
“*Of het hy jou tong geknoop?”*

6.8. Pieter Volstee aard na sy pa. Motiveer waarom die stelling **waar** is.

6.9. Hoe voel Pieter Volstee oor Louw Swanepoel?

6.10. Verduidelik die **intertekstuele verwysing** van die onderstaande sin:
“*Jy hou mos van lees, so jy ken van grootvoete.”* Sê ook wat *“grootvoete”* is.

**Hoofstuk 7 (Louw) (bl. 59) Donderdag**

Die hoofstuk begin waar Louw dink oor toe die Jaers die eerste keer Breekwater toe gegaan het om vir Kalla se Bloedskuld te onderhandel. Hy onthou hoe Frederik Anker vir Louw en Jak gewaarsku het teen Breekwater deur te sê daar’s “aliens”. Hulle ontmoet vir Boss. Louw dink oor die leier van die Kring, maar hy noem nooit sy naam nie, net dat hulle hom herken het toe hulle hom sien.

Deidre onderbreek sy dagdroom. Hulle is by Weduweekaai vir hul ekstra klas. Deidre praat oor die Branderjaers se sosiale media en ontdek dat Louw ’n Wave-Off gelos het (’n kleiner kompetisie met mense van buite die dorp waaraan al die Jaers gewoonlik deelneem). Hulle sit vas oor sosiale media en die aandag wat die Jaers nie soek nie. Louw dra haar die see in en hulle geniet die onverwagse oomblik in die water. Louw probeer vir haar verduidelik dat hulle eintlik doen wat hulle doen vir die adrenalien, vir die gevoel wat hulle kry as hulle iets uitdagends doen. Sy dink hy gaan haar soen. Hy doen dit egter nie.

**Kontekstuele vrae:**

7.1. Waarom is daar ’n swart rot op ’n deur by die ondergrondse parkeerarea van Breekwater geverf?

7.2. Beskryf die hoof-Kringmaker.

7.3. Wie het eerste die kontrak geteken?

7.4. Waarom wil Louw nie hê die Kring moet van Deidre weet nie?

7.5. Wat het gebeur ná die eerste video, #*branderjaers* op Instagram geplaas is?

7.6. Waarom was Louw nie by die branderryery by Suidstroom nie?

7.7. Waarmee assosieer jy die Branderjaers? **Kies slegs die korrekte antwoord**:

A geweld
B broederskap
C liefdeloosheid

7.8. Waarom, dink jy, wil Louw van hierdie omgewing waar hy bly, ontsnap?

7.9. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**?

Louw en Deidre het albei ’n swak verhouding met hul ouers.

7.10. Hoe het dit gebeur dat die Branderjaers die eerste keer op sosiale media beland het?

**Hoofstuk 8 (Deidre) (bl. 71) Donderdag**

Deidre se ma konfronteer haar oor haar skoolklere wat nat is. Deidre jok daaroor. Sy wil vir haar ma vra oor haar pa, maar haar ma verseker haar alles is piekfyn.

**Kontekstuele vrae:**

8.1. Watter tema spreek die woorde aan: ”Waag of waarheid?”

8.2. Deidre se ma is van mening dat die Branderjaers ’n hofsaak is wat wag om te gebeur. Is die opmerking akkuraat? Motiveer jou antwoord.

8.3. Verduidelik waarom Deidre ’n leuen vertel oor waar sy was en waarom haar klere nat is.

8.4. Waar het Deidre se pa eers gewerk?

8.5. Deidre het ’n geheim. Verduidelik.

**Hoofstuk 9 (Louw) (bl. 75) Donderdag**

Die Branderjaers kry mekaar by Pêrelbaai. Jak is kwaad dat Louw hulle in die steek gelaat het. Louw kom uiteindelik uit daarmee dat hy vir Deidre tutor. Die Jaers is duidelik ontsteld daaroor. Hulle moedig hom aan om ’n verskoning uit te dink en dit te stop, maar Louw wil nie. Hy verseker hulle dat dit nie nodig is nie.

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Watter Branderjaer het ’n goeie verhouding met sy pa? Verduidelik.

9.2. Hoe probeer die Albertyns hul seun se liefde koop?

9.3. Waarom tutor Louw vir Deidre? Gee **drie redes**.

9.4. Hoe verander Louw se optrede noudat Deidre in sy lewe is?

9.5. Waarom wil die Branderjaers eerder nie vir Deidre Anker by hulle lewens betrek nie?

**Hoofstuk 10 (Deidre) (bl. 82) Vrydag**

Dis Sosiale Week. Deidre merk op hoe sy heel week nie van Louw gehoor het nie. Dis tweede pouse. Malherbe Albertyn kom na Bella en Deidre toe en moedig haar aan om Saterdag na die Brandertoets te kom ten spyte daarvan dat Louw haar al heel week ignoreer.

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Hoekom, dink Deidre, het Louw sedert hul laaste tutorsessie verdwyn? Waar is hy?

10.2. Waarom wil Deidre eerder nie vir Louw sien nie? Gee jou mening.

10.3. Wie kom gee vir haar ’n boodskap en wat is die boodskap?

10.4. “Sy sal ’n kans moet waag en vra vir die waarheid.”
Wie is hier aan die woord en waarna verwys sy?

10.5. Verduidelik waarom Malherbe se voorkoms nie strook met sy familie se

welstand nie.

**Hoofstuk 11 (Louw) (bl. 87) Vrydag**

Jak en Louw warm op in die Arena. Hulle onthou laas 26 Julie toe Louw ’n uitklophou gevat het tydens sy sessie in die Arena. Pop Rocks word verduidelik. Jak stel voor dat Louw Rocks vat net om deur die aand te kom en genoeg energie te hê vir die volgende dag se Brandertoets.

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Hoe lank is Jak gehok en wat het hy gedoen dat sy ma hom gestraf het?

11.2. Wat is “Pop Rocks”? Waarvoor gebruik die Jaers dit en wie is die verspreiders?

11.3. “*Met Cilliers Human se DNS in jou lyf is dit veronderstel om moeiliker te wees*.” Verduidelik hierdie woorde in die konteks van die roman.

11.4. Waarom voel Louw in ’n hoek gedryf oor die Pop Rocks?

11.5. Louw is ook bekommerd oor wat Deidre nou ná sy afwesigheid van hom dink. Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord.

**Hoofstuk 12 (Deidre) (bl. 93) Saterdag**

Pieter hou vir Deidre geselskap op die strand by die Brandertoets. Pieter gaan kyk na sy komitee se stalletjie. Die Sosiale Komitee het die Brandertoets-ondersteuners as deel van hul aktiwiteite georganiseer. Louw kry vir Deidre na afloop van die kompetisie. Sy sien die merke op sy gesig. Mense groet vir Louw en wens hom geluk. Gerrit van Zijl maak ’n gewaagde opmerking nadat Louw vir hom probeer wegwys. Louw slaan hom. Louw sleep Deidre weg van die chaos. Malherbe kry hulle in die skare. Louw verduidelik aan Malherbe; Deidre lei aan skok. Hulle oorreed haar om saam met hulle uit te hang en sy volg hulle. Wanneer hulle mik om Pêrelbaai toe te gaan, wil Deidre huis toe. Louw probeer haar oorreed om saam te kom. Sy konfronteer hom oor sy gedrag.

**Kontekstuele vrae:**

12.1. Pieter beskryf die Branderjaers as *“mense met ’n doodswens”.* Watter afleiding kan jy omtrent Pieter uit dié stelling maak?

12.2 Hoe is die motief van waarheid of leuen op die gesprek op **bladsy 93 en 94** tussen Pieter en Deidre van toepassing?

12.3. Verduidelik waarom Mieke vir Gerrit van Zijl as vreemd beskou.

12.4. Hoekom het Louw vir Gerrit geslaan?

12.5. Verduidelik wat die oorsprong en die betekenis van die onderstaande woorde is:
”*nes Charon die dooie Grieke na die Onderwêreld gelei het*”

12.6. *“Asof sy ’n Griekse skare is en hy Aristoteles speel*”. Wie se gedagtes is hierdie en waarna verwys dit?

12.7. Hoe, voel Deidre, kon Louw met haar in verbinding getree het al het hy nie sy foon gehad nie?

12.8. Waarom is dit ironies dat Louw nie daarvan hou dat mense oor hom moet praat nie?

12.9. Beantwoord Deidre se vraag: “Wie is jy, Louw?”.

12.10. Waarmee vergelyk Deidre haar verhouding met Louw op bladsy 111?

**Hoofstuk 13 (Louw) (bl. 113) Saterdag**

Pêrelbaai. Deidre vra vir Louw om hul noemname te verduidelik. Louw verklap dat hulle geboelie is op laerskool. Hy gee meer inligting oor die Jaers se voorkeure.

**Kontekstuele vrae:**

13.1. Louw het geen simpatie met Malherbe se ouers nie. Skryf ’n aanhaling op **bladsy 114** neer om die stelling te bewys.

13.2. Met watter effek van die rocks het Louw nie mee rekening gehou nie?

13.3. Verduidelik waarom Ellis “Klipvreter” gedoop is.

13.4. Elkeen van die vyf Branderjaers het ’n voorliefde vir ’n sekere ekstreme sport. **Voltooi die onderstaande tabel**:

| Branderjaer | Ekstreme sport |
|---|---|
| 13.4.1. Louw | |

| | |
|---|---|
| 13.4.2. Malherbe | |
| 13.4.3. Ellis | |
| 13.4.4. Jak | |
| 13.4.5. Ben | |

13.5. Verduidelik die betekenis van die woorde, *ad lib.*

**Hoofstuk 14 (Deidre) (bl. 119) Saterdag**

Louw word weggeroep, Malherbe sluit by haar aan. Hy vertel hoe hy en Louw vriende geraak het in Chancer Bay Laerskool. Deidre vra uit oor hulle bloukolle, maar Malherbe systap die vraag. Hy word geroep om by die krieketspel aan te sluit. Malherbe verklap dat Louw se noemnaam "Bittereinder" is.

**Kontekstuele vrae:**

14.1. Waarom kan die leser 'n anker as **motief** in die roman beskou?

14.2. *Geheime speel 'n rol in die roman*.
Verduidelik hierdie stelling.

14.3. Waarom sal Frederik, wat langs Deidre kom staan tydens pouse, die ander se *oë laat verdwyn?*

14.4. Vertel hoe Louw geboelie is.

14.5. Waarom was die vernedering van Christiaan Kellerman die grootste?

**Hoofstuk 15 (Louw) (bl. 126) Sondag**

Louw kry 'n nagmerrie oor hoe Ellis geboelie is, hoe hulle hom gered het deur met Neelsie te baklei. Hy skrik wakker. Hy onthou hoe hulle vriende geword het met Ellis buite die hoof se kantoor. Hy gaan kombuis toe vir water. Sy ma kom in en noem hom "Simon". Die dag klim Louw, Ellis en Malherbe Mokerpiek uit. (Jak en Ben is agter die boeke). Hy sien die dorp soos 'n speelgoedmat.

**Kontekstuele vrae:**

15.1. Wat was die gevolg van die bakleiery tussen Neelsie de Jager en Ellis?

15.2. Beskryf Louw se kamer toe hy 13 jaar oud was.

15.3. By watter **motief** sluit die onderstaande woorde aan:
*Leuens het nog altyd vir Louw maklik gekom.*

15.4. Wie is Simon? Hoekom noem Louw se ma hom so?

15.5. Wat beteken dit dat dit amper Klippies se maand is?

**Hoofstuk 16 (Deidre) (bl. 138) Woensdag**

Deidre en Pieter drink koffie by Eden. Deidre noem dat Louw haar genooi het om saam met hom te gaan branderry. Pieter is daarteen, maar stel dan voor sy nooi vir Mieke ook, siende dat Mieke meer skofte werk om haar gesin te ondersteun. Daar word ’n kunswerk afgelewer wat deur Louw se ma geverf is en tannie Helen, Pieter se ma, impliseer Louw se ma is ’n kluisenaar. Deidre besef Louw praat nie eintlik oor sy familie nie. Ná ekstra klas gaan Louw en Deidre na Klippiekuil. Hulle hang uit met die Jaers. Deidre ontmoet vir Kalla.

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Wat is vreemd aan die feit dat Deidre se pa gerook het?

16.2. Waar is Mieke se pa?

16.3. Waarom, dink jy, mag Renate Anker nie van Louw weet nie?

16.4.1. Gee die definisie van ’n kluisenaar. Wie word so beskryf?
16.4.2. Wat dink jy is die uiteindelike finansiële implikasie vir Beatris Swanepoel as haar skilderye in Eden verkoop word?

16.5. Beskryf Klippiekuil kortliks.

16.6. Waarom dink Deidre juis by Klippiekuil aan Frederik?

16.7. Waarmee assosieer Deidre vir Kalla?

16.8. Wat is die Lighthouse? Waarom wil Louw nie vir Deidre na die Lighthouse toe neem nie?.

16.9. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**?

Malherbe se pa het altyd die seuns betaal as hulle klipvisse gevang het.

16.10. Hoe probeer Deidre aan Frederik se nagedagtenis vashou?

**Hoofstuk 17 (Louw) (bl. 150) Woensdag**

Die Stellenbosse branderplankgroepie kuier by die Jaers op Pêrelbaai. Mieke daag saam met hulle op. Malherbe is geïrriteerd met Mieke. Deidre, Louw en Jak gesels met die studente oor hul studies en dit kom voor asof Jak twyfel in wat hy wil doen. Jak verlaat hulle. Deidre begin uitvra oor die BA-graad en Louw verskoon homself om vir Jak te gaan soek. Louw kry vir Jak in die kombuis waar hy Vodka sluk en na Mieke kyk.

**Kontekstuele vrae:**

17.1. Noem **DRIE dinge** wat Mieke dadelik by Pêrelbaai regkry.

17.2. Verduidelik waarom Jak se pa ’n goeie voorbeeld van stereotipering is.

17.3. Wat was die gevolg van Jak wat in balletkouse op die verhoog aangetref is?

17.4. Dink jy Deidre moet lewenskeuses maak waarvoor sy raad nodig het? Motiveer jou antwoord.

17.5. Waarom is Louw bekommerd oor Jak?

**Hoofstuk 18 (Deidre) (bl. 156) Woensdag**

Deidre soek na Louw. Jak konfronteer haar oor sy heeltyd uitvra oor die Kring. Louw onderbreek hulle en lei Deidre na buite.

**Kontekstuele vrae:**

18.1. Frederik is “*vir ewig sewentien”*. Verduidelik wat hierdie woorde beteken.

18.2. Waarom ruk Jak van die toonbank in die kombuis af as Deidre instorm?

18.3. Wat vra Deidre vir Jak en hoe reageer hy?

18.4. Wie is die werklike Louw, volgens Jak?

18.5. **Lees weer bladsy 158 en 159**.
Hoe herhaal die skrywer die idee van Louw se hande wat ’n indruk op Deidre maak en wat word daardeur bereik?

**Hoofstuk 19 (Louw) (bl. 160) Woensdag**

Deidre maak oop teenoor Louw oor Frederik. Louw gee konteks oor Jak en die Jaers.

**Kontekstuele vrae:**

19.1. “Die beste manier om ’n meisie te leer ken is om haar musieksmaak te check.” Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord.

19.2. Na watter musiek luister Deidre en na watter tipe musiek het Frederik geluister? Hy het dikwels skelm na vertonings gegaan om na musiek te luister. Hoe sluit hierdie gedrag van hom aan by die **motief van waarheid en leuens**?

19.3. Is daar enige **karakterontwikkeling** by Deidre te bespeur? Motiveer jou antwoord.

19.4. Wat onthou Louw van Frederik se ma? Waar is sy nou?

19.5. Kom Louw en sy pa goed oor die weg? Hoe voel sy pa oor Jak?

19.6. Watter rol speel Louw se ouma in sy lewe?

19.7. Waarom wou Louw se ma terugkeer na Stormbaai?

19.8. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**?

Die glas om sy nek laat hom aan sy ma dink.

19.9. Waarom vat Louw aan die ornament van ’n ankertjie van draad om sy nek?

19.10. Benoem, verduidelik en evalueer die effektiwiteit van die keuse van die beeldspraak:

“Die mis huiwer voor hulle”. (bl.164)

**Hoofstuk 20 (Deidre) (bl. 166) Donderdag**

Almal by die skool tree vreemd op teenoor Deidre. Deidre besef tydens pouse dis omdat daar bloukolle op Louw se nek is. Sy konfronteer vir Jak en Louw voor almal tydens pouse en storm weg wanneer Louw nie vir haar antwoorde kan gee nie.

**Sondag**

Louw en Deidre stap op die promenade. Hulle maak vrede. Hulle het ’n wiskunde-klas.

**Kontekstuele vrae:**

20.1. Wat is die rede vir die **innerlike konflik** by Deidre?

20.2. “*Dit was die eerste waarskuwingsteken*.” Verduidelik hierdie stelling.
Sê ook wat die tweede teken was.

20.3. Hoe sal jy snipperige gedrag tipeer?

20.4. Wat is ’n “anti-boelie-bende”? Wat gee Mieke hierdie idee?

20.5. Verduidelik die effektiwiteit van die taalgebruik: “*Ja. Hot water.*”
Wat bedoel Mieke eintlik?

20.6. Waarom is dié hoodie wat Deidre dra spesiaal?

20.7. Waarmee assosieer sy die olifantjie om haar nek? Skryf slegs die **korrekte letter**.

A. standvastigheid
B. haar verlede
C. Jak

20.8. Waarom, dink jy, verkies Deidre die waarheid? Brei uit.

20.9. Verduidelik die ironie: “So jy is ’n junkie.”

20.10. “*Waag of waarheid, Anker*.” Wie se woorde is hierdie en wat bedoel hy daarmee?

**Hoofstuk 21 (Louw) (bl. 177) Sondag**

Louw neem vir Deidre Stellenbosch toe. Hy wys vir haar die verhoog in die Adam Small Teater. Hy verklap dat hy drama-klasse doen. Hy praat oor hoe hy sy noemnaam gekry het. Hulle soen.

**Kontekstuele vrae:**

21.1. Hoe het Frederik Anker vir Louw en Jak leer ken?

21.2. Watter eienskap het die HB Thom-teater, wat vernoem is na Adam Small, vir Deidre?

21.3. Verduidelik hoe Louw hom in die teaterwêreld inleef. Wat, dink jy, beteken dit vir Louw?

21.4. Watter rol het Jak al vertolk? Verduidelik die betekenis van die rol.

21.5. Waarom word Louw "Bittereinder" genoem? Hoe voel Deidre oor dié bynaam?

**Hoofstuk 22 (Deidre) (bl. 189) (Maandag)**

Louw en Deidre gaan na sy huis toe om sy tas daar te los. Sy ontmoet sy ouers. Louw vertel vir Deidre van hulle bunkers. Louw leer haar surf. Deidre kies die verkeerde plek om uit te paddle en verdrink byna. Louw moet haar gaan red. Op die strand trap hy haar uit oor sy nie na hom geluister het nie.

**Kontekstuele vrae:**

22.1. As Deidre voor Louw se huis staan, besef sy hoe verkeerd sy was. Verduidelik in watter opsig sy verkeerd was.

22.2. Beatris Swanepoel herinner Deidre aan dryfhout. Verduidelik die **metafoor**.

22.3. Wat, dink jy, weet Louw se pa van die Ankers wat jou sal laat ril?

22.4. Deidre verdrink amper. Vertel wat gebeur het.

22.5. *Sy het die roep gevoel.* Verduidelik die **intertekstuele** betekenis.

**Hoofstuk 23 (Louw) (bl. 200) Maandag**

Ellis vertel 'n spookstorie om die vuur, na afloop van die branderplankrysessie. Louw volg vir Deidre en Jak kombuis toe en hoor hoe Jak vir Louw opstaan en semi-vrede maak met Deidre. Louw vra vir Deidre om te gaan stap. Hy verklap dat sy ma miskrame gehad het en verduidelik die betekenis agter sy hangertjie.

**Kontekstuele vrae:**

23.1. Malherbe stel belang in Mieke. Skryf 'n sin op bl. 202 neer om die stelling as **waar** of **onwaar** te bewys.

23.2. *Jy grawe jou eie gat*. Verduidelik hoe die **idioom** op Deidre van toepassing is.

23.3. Watter rol moes Simon in Louw se familie gespeel het?

23.4. Bespreek kortliks Louw en sy pa se verhouding. Wat is die gevolg van die verhouding?

23.5. Wat is die betekenis van die ornamente wat Louw om sy nek dra?

**Hoofstuk 24 (Deidre) (bl. 212) Maandag**

Louw laai vir Deidre by die huis af. Sy erken dat sy waaghalsigheid haar bang maak vir hom. Hulle soen. In die huis loop Deidre onverwags in haar pa vas. Hy raai haar aan om weg te bly van Louw. Deidre onthou hoe Pieter vroeër die dag ook vir haar probeer waarsku het teen Louw, amper nes haar pa.

**Kontekstuele vrae:**

24.1. Pas elke keer die regte naam by die optrede van die karakter.

| | KARAKTER | | OPTREDE |
|---|---|---|---|
| 24.1.1 | Jak | A | Hy het vir Deidre uit die water gesleep. |
| 24.1.2 | Louw | B | Hy is altyd voor sy boeke of op YouTube, besig om na geselsprogramme te kyk. |
| 24.1.3 | Deidre | C | Sy dra stories aan. |
| 24.1.4 | Tannie Helen | D | Sy het nie vir die riwwe gekyk by Weduweekaai nie. |
| 24.1.5 | Pieter | E | Hy stel musieklysies saam. hy werk aan die perfekte een. |

24.2. Deidre se pa is gespanne. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord.

24.3. Verduidelik waarom Deidre daarvan oortuig is dat nie een van die mans in haar lewe die waarheid praat nie.

24.4. Pieter se ma het met voorbedagte rade aan haar pa vertel dat Deidre en Louw saam by die promenade was. Motiveer waarom die stelling **waar** is.

24.5. Verduidelik die **ironie** dat Deidre dink die Volstees is eerlike mense.

**Hoofstuk 25 (Louw) (bl. 222) Saterdag**

In die kleedkamer bestorm Ben die Jaers, ontsteld oor Boss wat nie vir hom wil inligting gee nie. Jak sluit by hulle aan en hulle probeer uitvis wat met Jak se gesig gebeur het, hoe hy onkant gevang is deur sy opponent in die Arena. Jak se gesig is gewond, wat veroorsaak dat sy ma hom hok. Louw besef dit het met Jak gebeur toe Louw vir Deidre Stellenbosch toe gevat het. Louw besef hy het eintlik ’n skof gehad en dat Jak vir hom ingestaan het. Gerrit van Zijl is in die kleedkamer – die Jaers (uitsluitend Jak) besef dat Gerrit van Zijl ingestuur is om die Branderjaers te intimideer.

**Kontekstuele vrae:**

25.1. Hoe weet Louw dat die seun teen wie hy moet baklei ’n nuweling is?

25.2. Hoe moet jy optree as jy wil hê die Rotte moet jou uitlos?

25.3. Watter eienskap het ’n koek-en-tee-groep?

25.4. Wat doen ’n persoon wat ’n “trigger” is? Wie het vir Gerrit as “trigger” gekies en waarom?

25.5. Wanneer is iemand ’n skoothond? Waarom is Nozizwe nie ’n skoothond nie?

**Hoofstuk 26 (Deidre) (bl. 230) Woensdag**

Deidre se ma konfronteer haar oor Louw en druk dat sy hom moet nooi vir ete. Pieter stop vir Deidre en probeer dinge regmaak, maar die gesprek loop vinnig verkeerd. Louw kry hulle in die gang. ’n Onderwyser het hom uitgestuur om te kyk of iemand klas bank. Pieter vat vir Louw aan. Jak sluit ook by hulle aan en verdedig vir hom en Louw nadat Pieter hulle beskuldig van dwelmsmokkelary.

Tydens tweede pouse besluit Mieke en Deidre om die Branderjaers te volg na Breekwater en uit te vind wat aangaan.

**Kontekstuele vrae:**

26.1. Benoem die **stylfiguur**: *"…haar ma se haksoene klik-klak in die kombuis…"*

26.2. Hoe weet Deidre haar ma probeer om die verhouding met haar te herstel?

26.3. Wat is die relevansie van die tragiese helde waaroor Deidre in hierdie roman lees?

26.4. Verduidelik waarheen Deidre wil gaan en wat sy daar wil gaan doen.

*26.5. "Waag of waarheid," sug Deidre en knik. Vanaand gaan 'n bietjie van beide vat.*

Wat beteken dié woorde van Deidre?

**Hoofstuk 27 (Louw ) (bl. 244) Woensdag**

Louw eet aandete by die Ankers. Dit is ongemaklik. Deidre se ma raak ontsteld wanneer Deidre verklap dat sy daaraan dink om BA te studeer. Deidre konfronteer haar ma oor haar keuses en verlaat die eetkamer. Louw volg haar na buite. Hy besef hy is werklik verlief op haar.

**Kontekstuele vrae:**

27.1. Hoe vly Deidre se ma vir Louw? Wat is vir haar eienaardig omtrent Louw?

27.2. Hoe verskil Louw en Deidre se ouerhuise?

27.3. Hoe verdedig Louw die Jaers se onskuld ten opsigte van die kind wat dood is toe hy van die krans afgeduik het?

27.4. Wat gaan Louw volgende jaar studeer? Waarom is dit ironies?

27.5. "*Hulle weet*." Wat weet hulle?

**Hoofstuk 28 (Deidre) (bl. 255) Woensdag**

Deidre en Mieke volg die roete van Malherbe se bakkie en die kaart wat Mieke uit haar ou se broer se kamer gekry het. Hulle ontdek die Arena en ontmoet vir Nozizwe. Louw vind hulle daar, konfronteer vir Deidre en verklap dat hulle Kalla se Bloedskuld afbetaal.

**Kontekstuele vrae:**

28.1. Deidre is skrikkerig as hulle die gebou nader. Motiveer met 'n aanhaling op **bl. 258** waarom die stelling **waar** is.

28.2. Beskryf wat Mieke onder die spreiligte sien.

28.3. Verduidelik: *"Get back, Nessus."* Wie is Nessus?

28.4. Wie is die persoon wat gevrees moet word?

28.5. Wie se Bloedskuld moet betaal word? Skets kortliks die agtergrond en korrupsie van die gebeure rondom die Bloedskuld.

**Hoofstuk 29 (Louw) (bl. 269) Donderdag**

Die hoofstuk open met Louw se herinnering van sy boelie en hoe Malherbe hom gered het. In die volgende toneel is hy en Deidre by Klippiekuil. Hy verklap hoe die Branderjaers betrokke was by Frederik Anker se dood.

**Vrydag**

Louw kry die Jaers toevallig in die Arena toe hy op pad was om sy rooster te bestudeer. Die Jaers is senuweeagtig, want Lieutenant Volstee was by Ellis se pa se werkswinkel en het iets van Louw genoem. Die Jaers bespreek Pieter se houding teenoor hulle. Louw verklap dat hy vir Deidre alles vertel het. Die seuns aanvaar dit. Deidre se pa stap saam met Carl Volstee by die Arena in en maak asof hy nie die seuns herken nie. Die Jaers besef Louw sal hom moet skaars maak voordat die Kring hom insluk en ook vir Deidre teiken.

**Kontekstuele vrae:**

29.1. Waarom is die eerste deel van die hoofstuk in die eerstepersoon geskryf?

29.2. Verduidelik hoe die Branderjaers betrokke was by Frederik Anker se dood. Hoe reageer Deidre op die waarheid?

29.3. Sou jy sê die polisie is ook deel van die Kringmakers se komplot? Verduidelik jou antwoord.

29.4. Wie is Boss se nuwe vennoot? Hoe is hierdie persoon Louw se "trigger"?

29.5. Verduidelik wie moontlik agter die keuse van ’n vennoot vir Carl Volstee sit. Gee ’n rede vir jou antwoord.

**Hoofstuk 30 (Deidre) (bl. 286) Vrydag**

Jak tel vir Deidre op en ry met haar na die bunker. Louw het vir haar gevra om te reël dat sy kan uitslaap vir die naweek. Sy word gewaarsku teen die Volstees. Die Jaers verduidelik vir Deidre dat haar pa by die Arena was, dat haar en Louw se verhouding en haar pa se konneksie met die Kring gevaarlik is vir Louw se veiligheid, siende dat die Kring maniere soek om die Branderjaers in hierdie kontrakte te hou. Sy besef Louw moet verdwyn.

**Saterdag**

Deidre en Mieke gaan Eden toe. Deidre konfronteer Pieter oor die Kring. Na afloop van die BranderBeast-kompetisie gaan Deidre en Louw na sy huis om sy tas te kry. Louw konfronteer sy pa by die see, gaan huis toe en laat Deidre vir hom buite wag. Tannie Beatris praat met Deidre en lei haar tot die insig dat Louw en Jak se oë eenders lyk omdat hulle verwant is aan mekaar, en dat tannie Beatris oor Cilliers Human praat.

**Kontekstuele vrae:**

30.1. Wie waarsku Deidre teen die Volstees?

30.2. Hierdie gebeure op Stormbaai het afgespeel oor _____ maande.

30.3. Verduidelik waarom Louw moet weggaan. Watter dinge sal hy en Deidre nou nie saam kan doen nie?

30.4. Deidre vertel vir Pieter sy pa is ’n Kringmaker. Hoe reageer hy?

30.5. *Hy probeer homself doodlewe*.
Wie se woorde is hierdie en waarom is dit gesê?

**Hoofstuk 31 (Louw) (bl. 301) Saterdag**

Louw erken aan Deidre dat hy en Jak broers is.

**Kontekstuele vrae:**

31.1. Waarom is Louw niks vir Leibrandt Swanepoel nie?

31.2. Advokaat Anker tree vreemd op. Motiveer waarom die stelling **waar** is.

31.3. Hoe is Deidre se vrae oor haar pa beantwoord?

31.4. Wat is Louw se oplossing vir die dilemma waarin hy hom bevind? Dink jy hy neem die regte besluit? Motiveer jou antwoord.

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of -insig wat uit die verhaal voortspruit. **’n Tema is altyd universeel** en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of ’n spesifieke karakter nie. **Voorbeelde: identiteit, kommunikasie, boeliegedrag, hoop, ens.**

### 1. IDENTITEIT

In *Branderjaer* is identiteit ’n sentrale tema. Een van die hoofkarakters, Deidre, leef volgens haar ma se plan vir haar toekoms. Haar neef, Frederik, se tragiese dood, wat veroorsaak is deur sy eie, skielike, waaghalsige besluit, laat verder ook ’n groot leemte in haar. Die tragedie van Frederik se dood het ook daartoe gelei dat Deidre se ma se beheer oor haar dogter se lewe toeneem en Deidre aanvaar die beheer, verwelkom dit in ’n tydperk van rou en onsekerheid. Wanneer Deidre se pad met dié van Louw kruis - ’n lid van die Branderjaer-bende - word sy bewus gemaak van haar eie passiwiteit, van hoe haar aanvaarding van beheer haar identiteit verweer het. Haar soeke na haar ware self begin wanneer sy vir haarself begin afvra: waag of waarheid? Gaan ek kanse vat, gaan ek aktief wees, gaan ek eerlik wees met myself? Met die wêreld?

Die Branderjaers lei Deidre, indirek, na ’n herontdekking van haar identiteit en eindelik neem sy beheer van haar eie lewe. In teenstelling met Deidre, bevind Louw homself binne ’n vakuum, sonder familie of familie-vriende wat beheer oor hom uitoefen of verwagtinge koester vir sy toekoms, of selfs net ondersteunend is. Sy vriende is sy bendebroers, sy enigste werklike familie, sy gekose gesin, en hulle is, tot ’n mate, in dieselfde posisie as hy. Die Jaers probeer self nog hul identiteite ontwikkel, probeer groei en rebelleer van laerskool af teen die boelies. Louw, alias Bittereinder, die arm seun van die huisie in die baai, die “bitter einde” kind, word met ’n wrede realiteit gekonfronteer. Een waar hy besef dat sy paadjie moontlik uitgelê word om soos sy pa op te eindig; naamlik om te verdwyn in die sisteem en om die kaarte wat die lewe vir hom uitgedeel het, te speel. Hy wil ontsnap van die storms in sy lewe en vind daardie vryheid in sy stokperdjies en sy enersdenkende bende.

Die Branderjaers word gekenmerk deur hulle noemname. Identiteit word veral met die Jaers ondersoek in terme van hulle noemname en hoe hulle ’n ander gesig moet opsit vir verskeie groepe, soos in die Arena, by hulle families en vriende, die skool of voor hulle bewonderaars. Die byname laat hulle toe om te onderskei tussen hul verskillende personas/maskers wat hulle dra vir die publiek (voor ander skoolkinders /hul gesin /vriende /onderwysers /binne die Arena).

Die ander hoofkarakter, Deidre Anker, ervaar ook baie konflik omtrent haar identiteit. Sy het haar neef verloor toe sy in graad 7 was, die oomblik voordat sy hoërskool toe gegaan het. Sy dra daardie trauma en rou saam met haar tot in Graad 11, juis omdat sy nooit duidelikheid kon kry oor sy dood nie. Sy kry duidelikheid wanneer haar verhouding met Louw ontwikkel. Haar lewe word ook baie streng beheer deur haar ma, juis as gevolg van haar neef se dood. Wanneer dit kom by aansoek doen vir universiteit en na haar toekoms kyk, moet sy worstel met die feit dat sy nie die paadjie wat haar ma vir haar beplan het, wil volg nie. *Branderjaer* fokus daarom ook op die temas van **trauma en gesinskonflik**, die verwagtinge van ouers waarmee tieners moet saamleef en na opleef.

Die Branderjaers se noemname kom ook uit pynlike ervarings van hul kinderdae – spesifiek die boelie-insidente wat veroorsaak het dat hulle hul oorlewings-groep of bende en hul vriendskap begin het.

Identiteit sluit ook aan by die milieu – die klein dorpie en hoe die dinamika van ’n klein dorpie ’n invloed het op hoe vry jy voel om jou identiteit te ontwikkel en ontdek binne ’n klein gemeenskap. Die konflik en politiek binne die dorp is ook baie teenwoordig gedurende die verhaal.

## 2. BOELIEGEDRAG

Die Branderjaers se filosofie is om die ekstreme na te jaag, om so voluit moontlik te lewe alhoewel hul ervaringe met boelies hulle steeds bybly. In plaas van fokus op hul

lyding as jong kinders, probeer hulle hulself genees. Hulle fokus op hulself, die hede, die liefde, die broederskap – want aan die einde is dit al wat oorbly.

Neelsie de Jager het vir Ellis in die laerskool geboelie en sy kosblik gebreek. Hy was langer as Ellis en het hom beskuldig dat hy lieg. Hy het Ellis op die grond gegooi en sy gesig teen die klippe gedruk. Hy is Klipvreter gedoop deur Neelsie: Sy gesig is in die klippe ingedruk en die naam is geskree toe hy geslaan is (bl. 126). Louw, Malherbe en Jak het hom gehelp.

Malherbe is op skool gespot oor sy rooi hare en is daarom ook geboelie. Hulle het hom "Rooies" genoem.

Die kinders by die skool boelie vir Deidre toe Louw blou merke in sy nek het. Hulle dink dis liefdesbyte en lag vir haar. Dit terwyl dit kneusplekke as gevolg van die bakleiery in die Arena is (bl. 170).

Jak is gespot omdat hy drama in die laerskool geneem het (bl. 183).

Louw is gespot omdat hy arm was (bl. 187). Christiaan Kellerman het gesê hy ruik na vis, omdat Louw se pa ’n visserman is (’n armoedige beroep in Christiaan se oë). Hy gryp toe sy beker en jok en sê Louw het vir Alex gepootjie. Louw het egter terugbaklei. Die kinders het hom gespot en gesê hy gaan ’n "bitter einde" teëkom. Kellerman se ma het gesê hulle is Bittereinders. Christiaan het Louw bestorm, hy het geval. Malherbe het Christiaan se broek afgetrek om Louw te help. Toe sien almal Kellerman het ’n gelapte onderbroek aan (bl. 269-272). Malherbe het Louw gered deur die boelie se broek af te trek. Toe word die boelie gespot. In daardie oomblik het Louw en Malherbe ook soos boelies gevoel – hulle het besef daar is ’n fyn lyn tussen opstaan vir jouself en terugboelie.

Ben Palmer kom van Breekwater af. Hy het met ’n krieketbeurs na Stormbaai Hoër toe gekom. Hy kon net na die skool toe kom omdat hy hard gewerk het daarvoor. Anders is hy uitgesluit. So word hy ook deur boeliegedrag geteiken.

Die Kringmakers boelie die Jaers deur hulle af te pers oor Kalla haarself verdedig het en 'n bendelid van die Rotte daarna dood gevind is.

As Louw nie goed genoeg veg nie, neem die hoofkringmaker sy selfoon af om hom te straf. Dit is ook 'n voorbeeld van boeliegedrag.

**3. GROEPSDRUK**

Weens die prestasies van die Branderjaers en die plasings van hulle ekstreme toertjies op sosiale media, begin die ander leerders hulle nadoen. Een leerder, van 'n ander skool, sterf as gevolg daarvan.

**4. GESINSKONFLIK EN GESINSKOMMUNIKASIE**

Louw se familie is allesbehalwe ideaal: Sy pa is 'n alkoholis en sy ma word beskryf as "dryfhout". Sy het haarself verloor ná die trauma van verskeie miskrame. Hulle het gehoop dat die ongebore kinders die familie sou heel maak.

Ben Palmer se pa is vermis, Jak Human se pa is jonk dood aan 'n oordosis dwelms. Dit word onthul dat Louw ook sy kind is – Jak en Louw is dus broers.

Daar is konflik tussen Malherbe en sy ouers en hy het 'n slegte verhouding met hulle. Hulle kommunikeer nie met mekaar nie. Malherbe neem hulle kwalik oor iets wat in die verlede gebeur het. Sy ouers probeer die verhouding herstel deur vir hom goed te koop en hom die vryheid te gee om te doen net wat hy wil.

Ellis het 'n goeie verhouding met sy pa.

## 5. BROEDERSKAP

Aangesien elkeen van die Branderjaers se gesin op ’n manier gebroke is, het hulle vir mekaar broers geword. Hulle staan deur dik en dun by mekaar. Hulle help mekaar as die een of die ander in die Arena moet baklei. Hulle is daar vir mekaar.

## 6. TRAUMA EN ROU

Elkeen van die Jaers ervaar trauma: óf as kind óf as jong seun. Meeste van hulle se huise is gebroke. Hulle is geboelie as jong kinders. As graad 11 en 12-leerders word hulle afgepers deur Carl Volstee en die Rotte. Louw se familie veroorsaak trauma by hom: sy ma kan nie aanbeweeg nie en het geestesprobleme. Sy rou steeds oor haar verskeie miskrame en oor Cilliers Human, haar vorige liefde. Louw se pa verwerp hom.

Deidre se neef, Frederik is oorlede. Sy kan nie oor sy dood kom nie. Sy dra steeds sy klere. Dit is ’n aanduiding dat dit vir haar moeilik is om aan te beweeg.

Frederik se dood was baie traumaties vir die Branderjaers. Hulle voel verantwoordelik vir wat met hom gebeur het.

Frederik se dood het ook die Ankers met skuldgevoelens en hartseer agtergelaat. Advokaat Anker en Deidre kom nie naby die see nie.

## 7. DWELMMISBRUIK

Die Jaers gebruik alkohol, maar dis veral Jak wat versigtig moet wees, want sy pa het ’n dwelmprobleem gehad. Jak se pa is ook Louw se pa. Jak gee aan Louw “pop rocks” om te gebruik as hy moet veg en die volgende dag aan ’n branderrykompetisie moet deelneem. Die Rotte verskaf die dwelms. So kry hulle ’n houvas op hulle slagoffers.

## 8. JONG LIEFDE

Deidre en Louw is ’n romantiese paartjie. Eers hou sy nie van hom nie, maar hulle verhouding ontwikkel en aan die einde sê hy hy is lief vir haar. Die verliefdes van die skool krap ook hul name uit in die bas van die boom, Verfkwas, die bottlebrush-boom in die middel van Stormbaai Hoër se vierkant.

## BOTSING OF KONFLIK

Twee tipes botsings of konflik kan in ’n verhaal voorkom, naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld of aksie geassosieer** - soos fisiese gevegte tussen karakters, ’n argument of selfs net ’n deurborende kyk.

**Voorbeelde**: Die fisiese geveg tussen Beast en Louw, Deidre wat Louw soos Medusa aangluur, Daniels se aggressiewe optrede teenoor die Jaers, die boeliegedrag van verskeie karakters soos die skoolkinders teenoor Deidre toe Louw se nek blou merke op gehad het, die Jaers self wat Pieter Volstee gespot het in graad 7 en Christiaan Kellerman se geveg met Louw in die laerskool.

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**.

**Voorbeelde van innerlike konflik** sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind byvoorbeeld plaas wanneer ’n karakter emosioneel oor iets wroeg. Louw wil wegkom van Stormbaai af, maar weens die broederskap met sy vriende wens hy dat niks moet verander nie. Hy weet hy moet Stormbaai verlaat, maar hy is lief vir Deidre en wil nie weggaan nie.

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing.** Dit sluit botsings tussen die mens en die maatskaplike orde in. Soos byvoorbeeld die armoede van die Swanepoels, die verslawing van Cilliers Human en Jak Human wat sukkel om nee te sê vir dwelms, die Rotte wat die dwelms verskaf en Carl Volstee wat

die sosiale en maatskaplike orde op Stormbaai versteur deur sy samewerking met die Rot-bende, die insleep van Albie Anker (Deidre se pa) by sy finansiële sake en die afpersing van kinders.

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur.** ’n Voorbeeld is wanneer Deidre amper verdrink en die “seenimf haar roep”**.**

## SIMBOLE EN MOTIEWE

Die KABV (2011:100) omskryf die term “simboliek” soos volg: “’n **teken of voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig**; ’n tradisionele **simbool** soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit **kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys**.”

| | |
|---|---|
| **Motiewe** | Dit is elemente wat dwarsdeur die teks gebruik word om die temas te ondersteun. As dit deurlopend betekenis kry, word dit ’n leitmotief genoem. Simbole kan gebruik word om ’n sekere motief voor te stel. bv. ’n kers, vuur en donkerte en stormweer (tydelik donker) in ’n grot kan die motief van goed en kwaad of lig en donkerte voorstel. |
| **Simbole** | Simbole kan sekere idees voorstel, bv. ’n hart simboliseer die liefde. |

| SIMBOLE | |
|---|---|
| **Die branders, see en water** | Daar is by elke hoofstuk waar Louw die fokalisator is, 'n prentjie van 'n brander wat swel en ons weet uiteindelik gaan dit breek. Dit is 'n vooruitwysing van wat gaan gebeur as Louw van Stormbaai moet vlug om vry te kom van die Kring.<br><br>**Die branders** simboliseer die verandering van die lewe. Dit is konstant en onvoorspelbaar. Die een oomblik is die branders rustig en kalm en die volgende oomblik buite beheer en wild. Die branderplankryers kan net branderry as die branders groot genoeg is. 'n Brander swel eers groter en groter en bou momentum, maar uiteindelik breek dit teen die sand of teen 'n rots. Dit kan gesien word as 'n tragiese verwysing na die Branderjaers se lewens.<br><br>**Die see** is 'n simbool van krag. Dis ook 'n simbool van kalmte en geheimenisse. Daar is 'n kontras: Die see gee jou kalmte en geluk of dis 'n krag wat jou skade kan berokken. Frederik Anker het in die see verdrink, ironies genoeg juis toe hy die anker van die Jaers se boot wou losmaak. Deidre het ook amper verdrink toe Louw haar leer branderry het. Die Jaers is een met die see. Hulle het ook hulle geheime. Die see bring vir hulle kalmte in gees. Maar die see het ook vir hulle trauma gebring in die vorm van Frederik se verdrinking.<br><br>Die see beeld ons weerloosheid en swakheid as mens uit. Louw se ouerhuis is by die see. Sy ma is weerloos ná al haar miskrame en wag steeds op die oorlede Cilliers Human se terugkeer. Die mens wil een word met die heelal. Die see gee die mens dieselfde sekuriteit as wat 'n baba in die moeder se baarmoeder ervaar. In |

| | |
|---|---|
| | die baarmoeder is daar nie dors of ongemak nie. Die see is vir die Jaers ’n plek van heelwording op ’n Saterdag, ná die tyd in die arena op ’n Vrydag. Vir die Jaers is die see ’n plek van ontvlugting en broederskap (bl. 22) en genesing (fisiek en emosioneel). Dis ’n plek waar hulle belangstellings deel.<br><br>**Water** is die simbool van lewe en groei. Dit dui op beskerming en heelmaking. Die Jaers se gevegte voor die Kringmakers en die gebruik van “rocks” om hul aggressief en energiek genoeg te maak om die stres te oorleef, maak dat hulle met die donker kant van die lewe gekonfronteer word. Die see is water wat die skuldgevoelens wegwas. |
| **branderplank** | **Die branderplank** is simbolies van vryheid en veerkragtigheid. Die branderplankryer het ’n waaghals-lewensuitkyk wat hul help om die moeilike oomblikke in die lewe te oorkom. Branderplankry is ’n lewenstyl van vryheid en eenheid met die natuur.<br><br>Die Jaers is vasgevang in die ooreenkoms wat hulle met die Kring geteken het om die Bloedskuld af te betaal. Dit was ’n risiko wat hulle geneem het. Hulle streef almal na vryheid. Louw wil wegkom van Stormbaai af.<br><br>Die branderplank kan ook negatief wees omdat die korttermyn risiko’s in jou lewe jou op die langtermyn kan skade aandoen. |
| **meermin** | ’n Meermin is deel van water en die see. Dit is ’n simbool van geluk en goeie tye, maar ook van vryheid en individualiteit. Die grot wat die seuns ontdek het, is in Meermin Cove (bl. 3). Die grot is die plek waar die seuns gaan om te herstel ná ’n geveg. Hier kruip hulle ook weg as hulle wil wegkom van ander mense af. |

| | |
|---|---|
| **See-fee** | Die see-fee is ’n sirene. Sirenes roep vissermanne na hul dood deur hulle sang. Volgens mitologie is hulle nie dieselfde wesens as meerminne nie. Die see-fee roep na Deidre wanneer sy byna verdrink. Dit is dus simbolies van sterflikheid en die bedreiging van die dood. Dit stel ook die krag en onvoorspelbaarheid van die see voor. |
| **grotte** | Grotte simboliseer die ontstaan van die mens. Dis ’n simbool van lewe en die dood. Dit beteken jy staan aan die begin van ’n nuwe fase van jou lewe. Twee van die Jaers is in graad 12 en staan aan die begin van ’n nuwe fase van hul lewens wanneer hulle Stormbaai sal verlaat.<br>’n Grot kan ook ’n plek van veiligheid en geborgenheid verteenwoordig. Die Branderjaers kruip weg en herstel in hulle grot, waar hulle veilig voel teen die buitewêreld se bedreigings. Die grot simboliseer ook geheimenisse en verskuilde agendas. Dit is ’n plek waar die Jaers kan wegkruip en hulle geheime van die res van die skool wegsteek en net hulleself kan wees. |
| **anker** | Daar is by elke hoofstuk waar Deidre die fokalisator is, ’n prentjie van ’n anker. Deidre se van is Anker. Sy gee dus stabiliteit aan Louw aangesien die anker ’n simbool van stabiliteit is. Dit hou ’n skip geanker en stilstaande in die water. Dit versinnebeeld krag en sekuriteit.<br><br>Louw dra ’n draadankertjie om sy nek (bl. 350). Dit gee hom ’n gevoel van stabiliteit in ’n onstuimige wêreld. Dit is die ligste van sy gelukbringertjies, maar is ook die swaartste in sy gemoed, omdat dit hom aan Frederik Anker se dood herinner. ’n Anker wat uit die water gelig word, beteken dat die boot weer gaan losdryf en beweeg – dit stel dus verandering of die begin van ’n nuwe reis voor. Frederik Anker sterf toe hy die Jaers help om hul boot se |

| | |
|---|---|
| | anker los te kry uit die water. Die anker kom los en tref Frederik teen die kop. Die Jaers se posisie het na afloop van hierdie gebeure verander. Die anker word ’n simbool van die skuld wat hulle dra. Hulle vertel vir niemand wat werklik gebeur het nie.<br><br>Advokaat Anker is ook die anker van haar gesin as haar man rigting verloor.<br><br>Die Hoërskool Stormbaai se embleem is ook ’n anker (bl. 120). Dit gee die leerders stabiliteit en ’n veilige omgewing om in te leer en te ontwikkel. |
| **vuur** | Vuur en kerse is ’n simbool van inspirasie, begeerte en hergeboorte. Vuur kan ook gevaar en onvoorspelbaarheid simboliseer.<br><br>Op Jak se branderplank is daar rooi vlamme geverf. Dit sluit aan by die idee van reinwording in die see. Die seuns is in die grot en die kerse se vlamme is die enigste ligbron vir hulle (bl. 4). Hy het die parkie se gras aan die brand gesteek toe hy jonger was. Jak se Zippo-aansteker is gedurig in sy hand en hy skiet dit oop en toe terwyl hy musiek soek op sy selfoon. Hy speel letterlik en figuurlik gedurig met vuur.<br><br>Vuur is ook die simbool van die hel. Die Jaers beleef hul eie spreekwoordelike hel in die Arena. Frederik se dood het ernstige skuldgevoelens laat ontstaan .<br><br>Vuur is in sommige kulture die simbool van wysheid en kennis. Malherbe Albertyn se bynaam is Vuur. Hy het ’n vurige geaardheid en het ook rooi hare. Hy is die goue seun van die skool (bl. 33), veral as die onderwysers betrokke is. Hy is dus ’n inspirasie vir |

| | |
|---|---|
| | ander leerders. As Louw nie opdaag om aan 'n kompetisie met die Stellenbosch-klub deel te neem nie, is Malherbe die enigste Jaer wat nie met Louw baklei nie (bl. 79.) – "Malherbe is so level-headed". |
| **verhoogaan-wysings / rolverdeling** | Louw sien die Jaers se lewens as 'n toneelstuk (bl. 7).<br><br>Daar is verwysings tussen hakies soos byvoorbeeld op bl. 2 **[ON YOUR FEET, MOVE TO STAGE LEFT]**, **[PROMT?]** (bl. 8) waar hy vir homself aanwysings gee asof hy op 'n verhoog is. Dit is simbolies van rolspel en leuens. Op bl. 18**: [BLOCKING, SWANEPOEL. JY BEWEEG SODAT JOU MEDE-AKTEURS KAN BEWEEG].** Hy besef hier dat elke aksie van die mens 'n reaksie van iemand anders ontlok.<br>Op bl. 21 herinner hy homself: **[DON'T LET THE AUDIENCE RATTLE YOU].** Hy maan homself dus om nie emosie te wys nie. Op bl. 62 maan hy homself: **[DON'T DIRECT YOUR FELLOW ACTOR].** Hy moet dus nie vir ander mense sê wat om te doen en hoe om op te tree nie. **[DON'T BREAK CARACTER]** op dieselfde bladsy wys dat hy getrou aan sy karakter moet bly. Op bl. 77 sê hy **[VAT 'N OOMBLIK OM IN KARAKTER TE KOM AS JY DIT NODIG HET].** Hy gee dus voor om anders te wees as wat hy werklik is. Die vraag ontstaan: Wat is Louw se ware identiteit? Dit sluit ook weer aan by die motief "waag of waarheid" waarna Frederik Anker, Deidre Anker en Louw Swanepoel dikwels verwys. In die hoofstuk op bl. 87, waar Louw die "pop rocks" gebruik, is daar glad nie verhoogaanwysings nie. Is dit Louw se ware karakter of het die uitklophou wat hy in die Arena gekry het, hom vir die eerste keer laat besef dat die lewe nie 'n verhoogstuk is nie? Hy gee voor as hy by sy vriende is. Op bl. 150, waar hulle met die Stellenbossers by Pêrelbaai uithang, begin die hoofstuk met die woorde **[ACTRESS ENTERS CENTRE STAGE].** As hy |

| | |
|---|---|
| | by Deidre se ouers eet, lees ons **[DIE SPEL KAN NIE VOORTGAAN AS JY STOM IS NIE.]** In die hoofstuk op bl. 177 neem louw vir Deidre Stellenbosch toe na die teater waar hy onder leiding van 'n professor drama oefen. In die hoofstuk is daar meer aanwysings as gewoonlik. Dit beteken Louw lewe hom in in sy rol as akteur**. [REMENBER BACK STORIES, SWANEPOEL - WIE IS JY? WAT IS DIE KARAKTER SE MOTIVERING?].** Hy vertel vir Deidre waar sy bynaam, Bitter, vandaan kom en hoe hy geboelie is. Hy herinner homself hier **[DON'T LOSE YOUR NERVE].**<br><br>As Louw vir Deidre van hul aandeel in Frederik se dood vertel, herinner hy homself **[REMEMBER BREATHING TECHNIQUES. NO ONE LIKES A BREATHY ACTOR].** Hy gee steeds voor. Hy probeer haar beïndruk. Op bl. 15 praat Deidre ook met haarself op 'n soortgelyke manier*: "Moenie omdraai nie. Moenie omkyk nie. Hy verdien nie jou aandag nie."* |
| **olifant** | Deidre dra 'n olifanthangertjie (die olifantjie is gekerf uit klip). Olifante vergeet nie (Lees weer bl. 51 tot 53). Sy moenie vergeet dat haar gesinslewe goed was nie. Dit herinner haar aan 'n tyd toe hulle baie gelukkig was. Dis 'n simbool van krag, voorspoed, wysheid, vrugbaarheid en beskerming. |
| **vlegsel** | Deidre dra haar hare graag in 'n stywe vlegsel aan die begin van die roman. Dit simboliseer netheid en die streng manier waarop sy haar lewe handhaaf deur aan haar ma se hoë verwagtinge te probeer voldoen. Hoe meer tyd Deidre met die Jaers spandeer, hoe meer gereeld begin sy haar hare los dra – eers as 'n bokstert en dan heeltemal los oor haar skouers. Louw sê dat hy van haar los hare hou - hy speel met haar krulle, of trek haar rekkie uit haar hare uit. Dit simboliseer hoe die Jaers haar beïnvloed, hoe sy |

| | |
|---|---|
| | meer vry begin voel en haar eie identiteit begin ontdek. Stelselmatig kom sy los van die trauma in haar verlede wat haar vasgebind gehou het en begin sy haar losmaak van haar ma se invloed – sy begin weer haar eie besluite neem en “waag” op die lewe. |
| **breekwater** | Die breekwater is ’n soort keerwal wat langs die see of hawe gesit word om die kus teen erosie te beskerm. Breekwater Hoër is die minder gegoede onderdorp se oorbevolkte skool (bl. 27). “Breekwater is basies Stormbaai, maar die klasseverskil het ’n ander naam verdien.” Breekwater het dus ’n negatiewe konnotasie.<br><br>Die negatiewe effek van ’n breekwater is dat dit organismes beperk om ’n area te verlaat of verhoed om in te kom. Die onderdorp heet Breekwater en dit is hier waar die Kringmakers die Jaers dwing om Bloedskuld te betaal deur te baklei in ’n kryt (bl. 34) - “Al sy broers lyk dieselfde, vol seerplekke waar Breekwater hulle bygekom het.” Die Kringmakers plaas dan weddenskappe op die wenner. Hier word die wenner egter voor die tyd bepaal. Die Jaers wil dit nie doen nie, maar hulle het hulself vasgeteken met ’n kontrak. Die Jaers kan dus nie die plek (Kringmakers se Arena en die Kring) verlaat nie, weens Kalla se Bloedskuld. Hulle moet in die arena baklei totdat almal van hulle 18 jaar oud is en die skool verlaat. Niemand wat wil inkom word ook toegelaat by die Arena in Breekwater nie, tensy jy genooi word. Dis ’n onveilige plek (bl. 8). Breekwater is die tuiste van die gevaarlike bende, die Rotte. Kalla het ’n teiken geword tydens die inisiasie van ’n Rot bendelid. Sy het terugbaklei en die volgende dag is die Rot dood gevind. Die bende het Bloedskuld geëis. Die jaers betaal dit nou af deur in die Arena te baklei. Breekwater is letterlik die plek waar die branders teen die dolosse breek en waar |

| | |
|---|---|
| | die kus beskerm word teen erosie. Die Jaers beskerm Kalla. Die naam kan ook voorstel hoe die mense wat in die minder gegoede onderdorp woon, “gebreek” word deur die lewe en swaarkry. Die slagoffers van die Kring word ook fisies en emosioneel gebreek in die Arena. |
| **rot** | ’n Rot is ’n simbool met verskeie negatiewe konnotasies: pes, siekte, gevaar, onheil, onreinheid, geweld, onbetroubaarheid, oorlewing, gierigheid, onderduimsheid ens. Dit simboliseer ook chaos. Die Rotte is ’n bende wat teen die Jaers in die Kring baklei. Breekwater is hul turf. Hulle is die verwerpte deel van die samelewing en funksioneer in die donker. Daar word eers ’n rot se stert op die bendelede se arms getatoeëer, en hoe verder hulle in die organisasie vorder, word die totale prent van die rot mettertyd op hul arm getatoeëer (bl. 223.)<br>Carl Volstee het ’n ooreenkoms met die Rotte. Hy meng dus met hulle en word soos hulle. |
| **Griekse mitologie** | **Medusa (bl. 18)**<br>Sy is die vrou met slange op haar kop wat ’n man in klip kon verander. Die manier waarop Deidre vir Louw aangluur word met Medusa se kyk vergelyk. Dis haar reaksie toe sy hoor Louw moet vir haar wiskunde tutor.<br><br>**Prometheus (bl. 183)**<br>Jak word vergeyk met Prometheus. Hy was een van die Titane en die god van vuur wat vuur aan die mens oorhandig het. Hy verpersoonlik goed en kwaad in die Griekse mitologie. Hy is onsterflik. Zeus het hom gestraf en vasgeketting aan ’n rots sodat ’n aasvoel sy lewer kon uitskeur, maar die lewer het teruggegroei. Omdat hy ’n Titaan is, leef hy vir ewig en gaan hierdie straf dus vir ewig aan. |

| | |
|---|---|
| | Jak is Louw se halfbroer. Weens sy pa se gene, kan Jak ook maklik in ’n verslawing verval. Hy word beskryf as iemand wat soos ’n hippie of ’n student kan lyk. Hy rook en drink en gee vir Louw die “pop rocks”. Op bl. 184 vertel Deidre hoe Jak as jong seun letterlik met vuur gespeel het. Nou, as jong man speel hy ook figuurlik met vuur. Die alkohol, dwelms en die Arena kan hom vernietig. Hy speel ook gedurig met ’n Zippo lighter wat hy by hom dra.<br><br>**Nessus** was ’n Sentaur wat deur Herakles met giftige pyle geskiet is nadat hy Herakles se bruid, Deianeira wou verkrag (bl. 261). Sy giftige bloed is bewaar en uit weerwraak het sy giftige bloed weer vir Herakles doodgemaak. In *Branderjaer is* Nessus ’n karakter wat in die Kring werk. Hy verkoop foto’s van die gevegte en pornografie op die Rotte se turf, met hul beskerming. Hy buit mense in gevaar of in nood uit.<br><br>**Charon** (bl. 102) het die dooie Grieke oor die rivier van die dood vervoer na die Onderwêreld. Malherbe word vergelyk met die god Charon as hy Deidre deur die see van mense op die strand lei om saam met hulle te kuier nadat Louw vir Gerrit van Zijl geslaan het. Deidre voel asof Malherbe haar na ’n onbekende, onvoorspelbare wêreld/plek lei waar daar moontlik onheil skuil.<br><br>**Aristoteles** (bl. 107) was ’n Griekse filosoof en wetenskaplike. Hy is bekend vir sy teorie oor retoriek en oortuiging. Louw word met hom vergelyk. Hy praat met Deidre asof hy met ’n gehoor praat. Hy is altyd besig om voor te dra soos ’n akteur. |

## MOTIEWE

### Goed en kwaad / Lig en donker

Daar word gedurig gespeel met die motiewe van lig en donker in die roman. Lig en donker verteenwoordig goed en kwaad. Byvoorbeeld:

Die dorp, Stormbaai, het "donker geheime" (bl. 5). As 'n storm breek, is die lug letterlik donker. Dit is waar Stormbaai sy naam kry. Daar is dinge aan die broei en ontstuimigheid op die horison.

Die Jaers kruip weg in 'n donker grot by Meermin Cove as hulle by Breekwater baklei het. Ben het 'n liefde vir smal, donker spasies en het die grot ontdek. Hulle herstel hier. Daar is dit donker, tensy hulle vuur maak of Jak met sy Zippo kerse aansteek. (bl. 4). Hier, in die donker grot, kan hulle hul geheime bewaar en herstel van hul wonde.

Elkeen van die karakters beleef die donker kant van die lewe. Louw se broers en susters is doodgebore. Hy is nie sy pa se biologiese kind nie. Sy ma lewe in die verlede. Sy lewe in die donker. Hy is geboelie op skool. Die Jaers het hom gered. Hy word op bl. 28 as "die ster van die seisoen" beskryf. Dus 'n ligbringer.

Deidre is vir Louw lig. Sy stel hoop en liefde voor. As sy bloos lyk dit of 'n "veldbrand oor haar bleek vel" sprei (bl. 19). As Louw klaar is met skool wil hy Stellenbosch toe gaan, "Daar waar die struike gepeper is met *wit* blomme" (bl. 20). 'n Plek wat lig en 'n nuwe begin gaan bring.

Hy is lief vir die branders en die "perde". Die "perde" is die wit skuim van die branders. Dit maak sy hart lig.

By die skool gooi die boomtakke skadu's oor die skool. Dis die metaforiese skadukant van die skoollewe: kinders wat skool bunk, boelies, vryery en die geskinder en natuurlik die Jaers se bakleiery – die donker kant van hulle lewens. Verfkwas, die boom met die geel en rooi blomme in die middel van die vierkant, is 'n ligdraer vir die kinders. Die Branderjaers vergader gepas in die metaforiese skadukant van die boom (bl. 28).

'n Inkvis (die naam van die skoolkoerant) se ink is donker. Die skinderstories in die koerant is donker en negatief.

Jak Human se pa is vroeg oorlede. Hy was aan dwelms verslaaf. Jak sukkel om weg te bly van verslawende dinge soos alkohol en sigarette en die donker dinge in Breekwater. Hy speel met 'n Zippo-aansteker: Lig, donker, lig . . . Dit kan dui op sy

onvoorspelbare karakter en die feit dat hy gedurig met gevaar speel. Dit kan ook dui dat hy voor keuses te staan kom tussen goed en kwaad, reg en verkeerd.

Ben Palmer se pa is vermis. Hy hou van grotte en die donkerte wat in die grotte heers. Hy het grootgeword aan die "donker" kant van die onderdorp in Breekwater. Sy pa was 'n bendelid.

Malherbe is die goue seun (bl. 33). Hy word voorgestel as 'n ligdraer, 'n voorbeeld vir ander. Almal hou van hom en hy kan moontlik ook hoofseun word. Hy het 'n swak verhouding met sy ouers. Sy bynaam is Vuur, wat lig voorstel. Sy hare is rooi. Hy het 'n bakkie en sy familie het 'n strandhuis waar die Jaers soms uithang. Hy maak dinge dus makliker vir die Jaers. Malherbe het egter ook 'n donker kant, met familiegeheime in sy verlede.

Ellis het 'n goeie verhouding met sy pa, maar hy is ook geboelie op skool. Al is die Jaers op die strand by Weduweekaai (die dood en donkerkant word hier geïmpliseer) is daar altyd kranse wat donker skadu's gooi (bl. 34).

Die Kring en die Rotte is die donkerkant van Breekwater. Die Jaers moet hier in 'n gevegskring baklei om van Kalla se Bloedskuld ontslae te raak. Sy het iemand per ongeluk doodgemaak toe sy haarself verdedig het teen die Rot wat haar tydens inisiasie aangeval het. Rotte (bende) bly in donker gate. Louw baklei teen Beast en die doringdraad blink (lig) en sal hom 'n mate van beskerming kan bied. Jak verkies om met sy lyf teen die doringdraad te val om sy gesig te beskerm. Waar Deidre en Mieke ingaan by Breekwater om agter die waarheid te kom, word die ruimte beskryf as "'n klam ondergrondse hool"; " staaldeure teen sementmure" (bl.256). Hulle het 'n flits nodig om teen die staaltrappe af te loop in die donker tonnel af. Uiteindelik sien hulle die spreiligte en die waarheid word ontbloot: Hulle sien die Jaers in die kryt baklei. (bl. 259).

## Waarheid en leuens

Daar word baie leuens in die roman vertel. Die karakters steek dinge weg van mekaar en daar is baie geheime wat in die dorpie Stormbaai verskuil word. Daarteenoor is Louw se motto: "Waag of waarheid". Hy is self vasgevang in leuens en geheime en wil dit waag om daarvan te ontsnap deur die waarheid in die gesig te staar. Daar is verskeie voorbeelde van die leuens wat in die verhaal voorkom:

Die roman open met leuens in Hoofstuk 1. Op bl. 5 jok Jak vir sy ma oor waar hy slaap.

Louw sien die lewe as 'n toneelstuk. Dus gee hy voor wie en wat hy werklik is. Dit is slegs voor sy bendebroers waar hy die waarheid en sy ware self kan ontbloot.

Op bl. 7 jok Ellis vir sy pa. Hy sê hulle gaan fliek.

Op bl. 8 jok Louw oor die skade aan sy gesig.

Op bl.18 jok Louw vir Deidre oor wat hy Vrydagaande doen.

Aan die begin van die jeugoman is dit vir Deidre duidelik dat Louw nooit die waarheid oor sy doen en late praat nie. Hy moet haar tutor met haar wiskunde, maar hy is nie beskikbaar nie. As sy hom daaroor vra, is hy vaag. Sy weet dus hy vertel leuens. Hy kom ook nie skool toe nie. Die waarheid is dat hy baklei het en besig is om te herstel. Hy wil nie die waarheid vir Deidre vertel nie.

Op bl. 57 jok Deidre vir haar vriendinne oor haar verhouding met Louw.

Op bl. 68 vra Louw vir Deidre of sy die waarheid oor hulle adrenalien-verslawing wil weet. Hy wys haar deur met klere en al in die see te swem en haar amper te soen.

Op bl. 71 en 72 jok Deidre vir haar ma oor haar nat klere. Deidre praat nie die waarheid as haar ma vra waarom haar klere nat is nadat sy en Louw in die see was nie. Sy sê sy het per ongeluk nat geword.

Die Bloedskuld van Kalla word die Branderjaers se grootste geheim. Niemand mag weet dat hulle baklei om die skuld te vereffen nie. Op bl. 86 sê Deidre sy moet ’n kans vat en Louw vra vir die waarheid.

Bl. 87: Jak word uitgevang dat hy gejok het vir sy ma oor waar hy was wanneer sy die bakkie se sleutels en die sigarette in sy kamer vind. Hy word gehok.

Bl. 91: Louw jok vir Deidre oor waar hy was. Sy foon is in Breekwater afgevat. Hy vertel nie die waarheid nie. Dis gevaarlik as die Kringmakers weet wat jou swakplek is – dan gebruik hulle dit om jou by te kom.

Bl. 93: Deidre jok vir Pieter Volstee oor haar en Louw. Hy hou nie van die Branderjaers nie.

Op bl. 96 is dit Louw wat vir Deidre “enige bullshit probeer voer.” Hy jok vir haar. As Louw op bl. 107 met Deidre praat asof hy Aristoteles is, is dit duidelik hy gee voor. Hy probeer die skuld vir sy afwesigheid op haar pak as hy sê: “Ek wou dit nie jinx nie” (bl. 108) . Die hele skool sal oor hulle praat. Dit sou haar afskrik of sy sou die aandag geniet. Deidre besef sy sal moet waag as sy die waarheid wil uitvind. (bl. 112).

Op bl. 114 besef Louw hy moet ’n bietjie die waarheid praat as hy Deidre wil behou.

Deidre vra vir Malherbe op bl. 124 waar al die blou kolle vandaan kom. Hy jok en is ontwykend wanneer hy sê: “*Nêrens waar jy wil wees nie, Anker.”*

Op bl. 131 en 132 erken Louw dat leuens nog altyd maklik gekom het vir hom. Daar was altyd iets wat weggesteek moes word: Sy pa se alkohol-asem, sy stormgesig, sy ma se verfdoeke, sy oorlede broers en susters, Frederik, die drama wat hy beoefen en hul betrokkenheid by die Kring.

Bl. 136: Malherbe sê Alicia het hom gekontak en Ellis reageer: “Jy jok”. Sy het hom verneuk met ’n Paul Roos-ou en oor haar gevoelens gejok.

Deidre se ma weet niks van haar en Louw se tutor-lesse nie. Bl. 139. Sy vertel haar ma nie die waarheid oor hulle verhouding nie.

Op bl. 163 vra Louw haar: "Waag of waarheid?" Gaan hy vertel wat met Jak se pa (ook sy pa) gebeur het? Hy sê gewoonlik verkies hy om te waag eerder as om die waarheid te praat.

Jak jok op bl. 170 oor Louw se blou kolle. Deidre dink hulle word geboelie. Op bl. 172 sien sy haarself as die meisie wat steeds gewillig is om na leuens te luister. Sy weet nou waar hy was: Breekwater. Hy sê hy gaan weer toe sy hom vra. Sy weet hy vertel nie alles nie. Haar pa jok ook. Sy vra hom vir die waarheid op bl.173.

Deidre vermoed die waarheid as sy vra: "So jy is 'n junkie". Louw skrik en dink sy weet van die dwelms (bl. 175). Hy kies om haar 'n bietjie van die waarheid oor homself te vertel op bl. 176 en 177 as hy haar Stellenbosch toe neem na die Adam Small-teater.

Jak jok vir Deidre op bl. 206 as sy weer oor die doen en late by Breekwater vra.

Haar pa praat die waarheid op bl. 217 as hy sê: "*Hierdie dorp is heel anders as wat jy verwag*." Deidre praat die waarheid as sy haar pa van Louw vertel (bl. 218 en 219).

Op bl. 220 is Deidre se waarneming oor Pieter Volstee: "Pieter was nog altyd die reguit een." Volgens haar ma is hy die enigste eerlike Volstee. "Niemand kan so reguit jok nie". Pieter waarsku haar sy weet nie waarmee sy besig is nie. Pieter weet van sy pa se dinge as die leier van die Kringmakers. Hy weet dus wat die Jaers doen en waarmee almal besig is. Tog verswyg hy dit. Hy vertel van hul handtekeninge op papiere in sy pa se lessenaarlaai. Hy is oortuig daarvan hulle gebruik dwelms. Hoekom sal hulle handtekeninge dan op die papiere wees? Indirek bevestig hy dus sy pa se aandeel in dwelmhandel (bl. 236 en 237). Aan die einde van die roman konfronteer Deidre hom met die waarheid oor sy pa en dan skree hy vir haar sy moet haar mond hou. In Deidre se soeke na die waarheid word sy dikwels gewaarsku om stil te bly oor dié dinge.

Deidre vertel die waarheid oor haar en Louw aan haar ma op bl. 231. "*As daar een ding is wat Renate Anker waardeer, is dit eerlikheid."* Louw kom eet by hulle. Deidre sê ook sy wil nie regte gaan studeer nie. Sy praat dus die waarheid. Louw erken op bl. 252 dis sy skuld dat Deidre van studierigting verander het.

Deidre word die soeker na waarheid en antwoorde, wat in kontras staan met Louw, wat in leuens en geheime lewe. Deidre help vir Louw om uiteindelik die waarheid te ontbloot. Op bl. 264 vertel hy haar van Kalla se Bloedskuld. Hy vertel vir Deidre op bl. 265 van Frederik ter wille van sy eie vrede. "Waag of waarheid" is vir Louw 'n slagspreuk. Hy vertel vir Deidre die waarheid: Hy en sy vriende was in sy pa se boot wat hulle sonder toestemming (leuen) geneem het en in die moeilikheid beland het toe die anker vassit. Frederik het afgeduik en dit losgekry, maar is in die proses beseer en hy het gesterf. Almal het gedink die Jaers het Frederik gekry waar hy reeds beseer was, dat hy teen 'n rots of iets vasgeduik het. Slegs die Kringmakers weet die waarheid

oor wat werklik met Frederik gebeur het en hulle gebruik hierdie kennis om die Jaers te manipuleer.

**Onderwêreld**

Die onderwêreld verwys na die plek waar die dooies heen gaan in die Griekse mitologie. Die motief word ontwikkel in die hoofstuk waar Deidre die fokalisator is. Malherbe word vergelyk met die karakter Charon (bl. 102). In die Griekse mitologie is Charon die persoon wat die dooie Grieke oor die rivier van die dood vervoer na die Onderwêreld. Malherbe word hier vergelyk met die god Charon as hy Deidre deur die see van mense op die strand lei om saam met hulle te kuier ná Louw vir Gerrit van Zijl geslaan het. Deidre raak al hoe meer betrokke by die donker wêreld waarin die Jaers vasgevang is: die dood, die gevegte en dwelms.

Die onderwêreld verwys na die onderwêreld van misdaad en geweld. Die Jaers is betrokke by die Rotte, ’n gevaarlike bende. Hulle turf is in die onderdorp, in Breekwater. Deidre en Mieke stap af in ’n klam, ondergrondse hool wanneer hulle die Arena besoek. Daar is ’n wêreld van geweld en misdaad in Breekwater. Carl Volstee is die hoofkringmaker wat die Jaers vasteken omdat Kalla beskuldig word van moord op ’n Rot-bendelid. Die Jaers betaal nou haar Bloedskuld af deur te baklei terwyl mense weddenskappe op die gevegte plaas. Die Jaers word aangesê om te wen of te verloor. Die stelsel is dus onwettig en korrup. Die seuns is minderjarig en word telkens stukkend geslaan. Omdat hulle voortgaan met hulle adrenaliensport, het hulle iets om te blameer vir die wonde wat hulle opdoen. Dikwels het hulle iets nodig om hulle die nodige aggressie en energie te gee om te baklei en die trauma daarvan te verwerk. Hulle gebruik “pop rocks” (dwelms).

Die Hoofkringmaker is dan ook ’n man wat ’n dubbele lewe lei. Dit is Pieter Volstee se pa, Carl Volstee. Hy is ’n suksesvolle sakeman met ’n sakemonopolie op Stormbaai. Hy is in beheer van die onderwêreld waarby die Jaers betrokke is. Hy word vergelyk met ’n tronkbewaarder, ’n wetenskaplike wat eksperimenteer met ’n hok vol rotte.

Die onderwêreld is ’n donker plek onder die aarde. Die Jaers kruip weg in ’n donker grot by Mermaid Cove om te herstel na ’n geveg.

Die onderwêreld as sinoniem vir die doderyk of die dood is ’n prominente tema in die lewens van Deidre en die Jaers. Deidre se neef, Frederik Anker het gesterf nadat hy die Jaers gehelp het om ’n anker los te maak op see. Sy sukkel om aan te gaan sonder hom omdat hy haar altyd beskerm het. Sy dra nog ’n top wat na hom ruik. Kalla het iemand per ongeluk vermoor. Louw en sy familie het ook die dood beleef nadat elkeen van sy broers en susters doodgebore is. Beatris Swanepoel beleef haar eie hel in haar ongelukkige huwelik, haar doodgebore kinders en Louw se biologiese pa, Cilliers Human, wat sy nie kan vergeet nie.


# POST LEES

**NASIENRIGLYNE VAN KONTEKSTUELE VRAE OOR HOOFSTUK 1 - 31**

**VRAAGGRADERING:**

**BARRET (1968) – LEES & KYK: BEGRIPSTOETSE EN LETTERKUNDE**

**(VLAK 1-5)**



## MEMORANDUM
## HOOFSTUK 1: LOUW

1.1. Dis ’n derdepersoonsverteller met Louw as die fokalisator. Tussen hakies is die eerstepersoonsverteller se gedagtes. In hierdie geval is dit Louw se gedagtes.

1.2. Dit is Louw se gedagtes. Dis toneelaanwysings, asof hy met homself praat of iemand vir hom die aanwysings gee.

1.3. Hy is voorgesê hoe om te baklei. Hy wil eintlik wen, maar hy is aangesê om te verloor. Dus is dit ’n plek waar mense dobbel, geld verwed en die uitkoms is reeds bepaal. Dit is korrupsie. **(Bespreek korrupsie in die klaskamer.)**

1.4. Hy is aggressief en gee niks om vir sy teenstander nie. Hy is gewetenloos.

1.5. Die doringdraad simboliseer die gebiedsbeskerming van die Rotte, ’n bende, maar ook die vasgevangenheid van die seuns. Hulle word hierdeur ingehok. Jak verkies die doringdraad, want dan kan hy sy gesig beter teen die aanval beskerm, indien sy ma vrae sou vra.

1.6. Ben het by Meermin Cove se grotte ingespoel. Hy het gesien die water kom net tot by sy knieë. Hy het ’n skeur gekry waardeur hy gebeur het en gesien het dis ’n grot. Hy het ’n groter ingang gekry in die berge wat strek rondom Weduweekaai en naby Malherbe se gunsteling kransduikpunt. Hulle het ’n medisynekissie, ’n ou koshuismatras, ’n plastiekrusbank, ’n paar kerse, ’n flits en ’n koffietafel in die grot. Dit is ’n herstelplek vir hulle. Dit word ’n herstelplek na hulle in die Arena baklei het.

1.7. Iemand wat daar gesterf het. Dis ’n gevaarlike kaai.

1.8. Hulle maak beurte. Dis gewoonlik net twee en ’n ondersteuner. Almal moet ’n kans kry om te ontsnap na die regte wêreld.

1.9. **Waar**

1.10. Louw sien sy vriende en dit wat hulle doen as ’n toneelstuk. Jak is veelsydig. Hy kan soos ’n student of ’n hippie lyk.

## HOOFSTUK 2: DEIDRE

2.1. Juffrou Kruger, die wiskundeonderwyser en Deidre is die tragiese geval.

2.2. Die beskrywing is akkuraat, aangesien sy die wiskundeonderwyseres is en hulle hoeke in die kurrikulum behandel.

2.3. Die plan is al van graad 8 af in plek. Deidre moet op Stellenbosch of UCT LLB gaan studeer, dan haar internskap by ’n goeie regsfirma doen, dan ’n woonstel en ’n kar kry. Mans is net struikelblokke op pad na ’n blink toekoms. Haar ma, Renate Anker, het die plan ontwerp. **(Bespreek ouers wat kinders se toekoms reël en beheer in die klaskamer.)**

2.4. Die onderwyseres gee dadelik aandag aan Louw en dit tydens Deidre se krisis. Deidre het die geveg verloor. Sy skenk hierna al haar aandag aan Louw.

2.5. Dis in die eerstepersoon geskryf. Die hoofstuk is in die derdepersoon geskryf en Deidre is die fokalisator. Hierdeur beklemtoon die eerstepersoonsverteller Deidre se gevoelens teenoor Louw.

2.6. branderplankry

2.7. **A** (wysheid)

2.3. **Metafoor**. Deidre is soos ’n voël wat geskiet word en val. Sy kom hard aarde toe. Sy is ontnugter.

2.9. **Onwaar**. Sy hou nie van hom nie, sy haat hom.

2.10. Hulle het uiteenlopende geaardhede en sy kan sien dat Deidre niks van Louw hou nie. **(Bespreek stereotipering in die klaskamer.)**

## HOOFSTUK 3: LOUW

3.1. Dis haar neef, Frederik se trui. **(Bespreek die nagedagtenis van gestorwenes in die klaskamer.)**

3.2. Dis meisies wat nooit gevly kan word nie.

3.3. Sy wou ’n oulike ou in Deidre Anker se lewe inbring. Sy wou hê hy moet Deidre met haar wiskunde help. As Deidre mal is oor Louw, sal sy hard aan die wiskunde werk om te verbeter.

3.4. Medusa is ’n vrou met ’n kop vol slange en ’n simbool van vroulike woede. **(Bespreek Griekse mitologie in die klaskamer.)**

3.5. Hy baklei op ’n Vrydag in Breekwater se Arena en op Saterdae doen hy en die Jaers dinge soos bergklim, kransduik en branderrykompetisies. (Hy het ook dramaklasse op Vrydagmiddae.)

3.6. Mense wat na die kompetisie toe kom, neem foto’s en video’s van die Branderjaers en plaas dit op YouTube en Instagram. Die Jaers doen dit ook self. **(Bespreek die gevare van sosiale media in die klaskamer.)**

3.7. Perde. Die wit skuim van die branders lyk soos die maanhare van ’n perd, veral as die wind waai. (Vissermanne se spreektaal.)

3.8

| BRANDERJAER | | BYNAAM | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | Louw Swanepoel | **C** | **Bitter** |
| 3.8.2 | Ben Palmer | **A** | **Kannie** |
| 3.8.3 | Jak Human | **E** | **Stoke** |
| 3.8.4 | Malherbe Albertyn | **B** | **Vuur** |
| 3.8.5 | Ellis van den Bergh | **D** | **Klippies** |

3.9. Hy wil haar nie voorstel nie. Dis ’n slegte ervaring. Dit voel asof hy sukkel om asem te kry en laat ’n soutsmaak in sy mond.

3.10. Deur middel van die **alliterasie** van die b-klank.

## HOOFSTUK 4: DEIDRE

4.1. **Personifikasie**

4.2. Die seisoen wanneer die branderrykompetisies plaasvind. Waarskynlik winter of lente (Julie, September).

4.3. Hulle lewens draai om die doen en late van die Branderjaers en nie om hul eie doen en late nie. Die Branderjaers se lewens is meer opwindend as hul eie.

4.4. Ja. Sy vergaap haar ook aan die Branderjaers. Haar eie lewe is vervelig en draai net om haar akademie. Die Jaers interesseer haar.

4.5. Dit het op laerskool begin. Die seuns het stokkiesgedraai en van die 10 meter hoë rotse gaan afduik. ’n Vrou het dit afgeneem en op sosiale media geplaas. **(Bespreek ekstreme sport in die klaskamer.)**

4.6. Mieke. Sy praat van Deidre se ma, advokaat Anker.

4.7. *Die Inkvis*. Ja, die naam is gepas, want die skool is by die see. ’n Inkvis is ’n seekat met ag tentakels wat enige iemand kan vasvat. (Ook die verwysing na **“ink”** en die konnotasie met nuus wat vir die skoolkoerant ge**skryf** word.)

4.8. Daniels, Bella se kêrel. Hy lyk stug en sy teenwoordigheid is vir die meeste leerders te intimiderend.

4.9. Pieter dien op verskeie komitees. Die Sosiale Komitee is een van sy passieprojekte op sy reis na hoofseun. Hy aspireer om volgende jaar hoofseun te wees.

4.10. Verfkwas is die bottelborsel (*bottlebrush)*-boom op die skoolgrond. Op sy bas is die name van geliefdes en vriendekringe van matriekjare uitgekerf. Die anker-embleem van die skool is ook op die bas geverf. Die naam is gepas, want die boom het rooi-en-geel verfkwasblomme. **(Bespreek graffiti in die klaskamer. Lees ook die gedig "Besoekersboek" deur Fanie Olivier.)**

## HOOFSTUK 5: LOUW

5.1. Hy is aanpasbaar en oop vir verandering.

5.2. Hy wens iets.

5.3. Deidre se neef het verdrink toe die Branderjaers by was. Hulle het Louw se pa se boot gesteel. Op see het die anker vasgesit onder die water. Frederik het verbygekom en hulle gehelp, maar hy het lank onder die water gebly. Uiteindelik het hulle hom gehelp en gesien hy is beseer. Die anker moes losgekom het en hom getref het. Frederik het gesterf.

5.4. Die gebeure pla hom. Hy voel skuldig.

5.5. Sy pa is ’n visserman. Hy werk saans laat op die see. Hy is ’n alkoholis.

5.6. Vriende groet mekaar met ’n *high five*, maar dit maak Louw se hand seer.
’n Mens sou dit nie verwag dat ’n groet tussen vriende jou seermaak nie.

5.7. Die dinge wat Louw pla:
Deidre Anker, haar ma, matriek, die klasse, die Brandertoets, Breekwater.

5.8. Dis soos ’n oog wat jou oral volg. Jy kan nie wegglip nie.

5.9. Sy is Ben se suster en sy lyk soos Ben. Sy het ligbruin oë. Sy is nie bang nie.
Sy vermy Stormbaai Hoër se leerders. Sy verkies die onderdorp, Breekwater.

5.10. Dit is vreesaanjaend. ’n Mens is bang hy kom dalk nie lewend uit die water nie.

## HOOFSTUK 6: DEIDRE

6.1. Deidre se ma het ’n wantroue in seestrome.

6.2. Dit was voor Frederik verdrink het wat hy haar geleer swem en visvang het.

6.3. Deidre het nie die moed gehad om vir Louw te sê dat sy nie by die see wil ontmoet vir ekstra lesse nie. Sy het so lank weggebly van die see af. Sy voel sy moet haar vrees trotseer.

6.4. ’n *Eden* is die naam van ’n paradys. Die koffiewinkel is in Stormbaai en die dorp is nie ’n paradys nie, want hier is bendebedrywighede en kinders word afgepers. Die naam verdoesel dit waarmee Carl Volstee (die eienaar se man) doenig is en skep die indruk dat hulle ’n positiewe bydrae in die gemeenskap lewer. Dis beslis nie ’n paradys nie. **(Bespreek naamgewing in die klaskamer.)**

6.5. Hy beheer baie ekonomiese aktiwiteite op die dorp.

6.6. Haar ouers kan dit nie bekostig dat sy gaan studeer nie. Sy moet ’n beurs kry.

6.7. **Konnotatief**: As iemand jou tong knoop veroorsaak hy dat jy nie kan praat nie. (Pieter het vir Deidre geterg dat sy met hom (Louw) gevry het en haar aangetrokkenheid tot hom haar nie helder laat dink het nie.)
**Denotatief**: Jy kan nie iemand se tong fisies knoop nie, aangesien niemand se tong lank genoeg is nie.

6.8. Pieter dien op vier komitees. Hy beheer dus ’n klomp komitees op skool, net soos sy pa Stormbaai beheer. **(Bespreek monopolieë en korrupsie in die klaskamer.)**

6.9. Hy is jaloers op hom.

6.10. Die intertekstuele verwysing verwys na die roman, *Kringe in ’n Bos* deur Dalene Matthee. Grootvoete is olifante.

## HOOFSTUK 7: LOUW

7.1. Die Rotte is ’n bende wat hul gebied merk deur ’n rot op bv. ’n muur te verf. **(Bespreek bendebedrywighede in die klaskamer.)**

7.2. Die hoof-Kringmaker rook, dra ’n ring met sy van se wapen op. Hy is getroud, want hy dra ’n trouring. Sy gesig was bekend aan die Jaers. Hy is selfvoldaan en hy lyk soos ’n strokiesprentboef.

7.3. Ellis

7.4. Die Kring kan Deidre gebruik om Louw verder af te pers.

7.5. Dit het ’n speletjie geword om te besluit wat hulle volgende gaan doen. Elke toertjie was meer intens, meer avontuurlustig, meer aangevuur.

7.6. Louw was by Deidre. Hy hou nie van al die aandag nie; hy is moeg daarvan.

7.7. **B** - broederskap **(Bespreek broederskap in die klaskamer.)**

7.8. Hy wil wegkom van die Kringmakers wat sy lewe beheer, die aandag van die bewonderaars, sy ouers.

7.9. **Waar**.

7.10. ’n Vrou het die Jaers wat by die krans wou afspring, afgeneem en die video op Facebook geplaas. Die video is van hoe hulle spring. Hulle het vir hulself ’n naam gegee toe die ander kinders hulle begin spot het. Toe raak hulle goed in dit wat hulle doen.

## HOOFSTUK 8: DEIDRE

8.1. Waarheid of leuen.

8.2. Deidre se ma is reg as sy sê hulle is ’n hofsaak wat wag om te gebeur, want hulle is by ongerymdhede soos minderjarige drankmisbruik, die korrupsie by die gevegklub van die Rotte en dwelms betrokke. Hulle was ook by toe Frederik gesterf het. Daar het ook ’n seun gesterf wat hulle met kransduik probeer nadoen het. (Die ironie is dat sy dink die hofsaak sal oor hulle toertjies gaan, maar in die werklikheid is hulle by allerhande onwettige aktiwiteite betrokke.)

8.3. Sy weet haar ma sal nie tevrede wees met die ontwikkelende verhouding tussen haar en Louw nie. Advokaat Anker beskou mans as ’n vermorsing van tyd. Sy het boonop al aangedui dat sy nie ooghare vir die Branderjaers het nie.

8.4. By die visfabriek. Oor naweke het hy los werkies gedoen.

8.5. Sy is verlief op Louw Swanepoel. Niemand weet dit nie.

## HOOFSTUK 9: LOUW

9.1. Ellis. Jak se pa is dood, Ben se pa is vermis. Malherbe praat nie oor sy pa nie en Louw wens sy pa was nie sy pa nie.

9.2. Malherbe se ouers wou vir hom ’n BMW koop, maar hy het ingestem tot ’n ou bakkie.

9.3. Louw hoop dit sal sy punte verbeter, hy doen dit omdat juffrou Kruger hom gevra het om dit te doen en hy hou van Deidre.

9.4. Hy bespreek nie vir Deidre met sy maats nie en hy word kwaad vir hulle.

9.5. Die Jaers was betrokke die dag toe Deidre se neef, Frederik Anker verdrink het. Hulle vermy die Ankers. Hulle het vir niemand vertel wat regtig gebeur het nie.

## HOOFSTUK 10: DEIDRE

10.1. Hy is nie by die skool nie, hy antwoord nie sy WhatsApp-boodskappe nie en die post, *#bitter* het net opgehou. Hy het weer in die Arena baklei en moes eers herstel.

10.2. **Eie mening**. Moontlike antwoord: Die laaste keer wat hulle saam was, was ’n intieme oomblik. Sy is skaam. Sy weet nie hoe Louw oor haar voel nie.

10.3. Malherbe Albertyn. Hy nooi Deidre om Saterdag see toe te kom om te kyk as die Branderjaers branderry.

10.4. Deidre. Sy verwys na die speletjie waarna Louw reeds verwys het: Waag met leuens of vertel die waarheid. Sy wil weet wat aangaan, waarom hy so stukkend geslaan is.

10.5. ’n Mens sou verwag dat Malherbe goed versorg sou wees omdat sy ouers baie welgesteld is. Hy het egter kneusplekke, blou strepe op sy gewrig en vuil skoene.

## HOOFSTUK 11: LOUW

11.1. ’n Week lank. Hy het met Vuur se bakkie rondgery en sy ma het sigarette by hom gekry.

11.2. Dwelms. Die jaers gebruik dit om nie moeg te word nie. Dit maak jou aggressief. Die Rotte is die verspreiders. **(Bespreek dwelmmisbruik in die klaskamer.)**

11.3. Cilliers Human, Jak se pa, was ’n verslaafde. Die geneigdheid tot verslawing is geneties oordraagbaar. Jak is sy kind en moet dus versigtig wees vir alkohol. **(Bespreek die rol van gene by verslawing in die klaskamer.)**

11.4. Hy het iets nodig om hom te help: Hy baklei daardie aand en moet die volgende dag aan ’n branderrykompetisie deelneem. Hy wil nie die dwelms neem nie, maar voel hy het nie ’n keuse nie.

11.5. Ja, hy is bekommerd. Hy wonder wat hy vir haar gaan sê en hoe hy gaan verduidelik. Hy het haar ’n week lank nie gekontak nie en weggebly van die skool af.

## HOOFSTUK 12: DEIDRE

12.1. Hy hou nie van die Jaers nie en bewonder hulle nie.

12.2. Deidre vertel nie vir Pieter dat sy van Louw hou nie. Hy is jaloers. Nie een van hulle praat die waarheid nie.

12.3. In graad 7 het hy vir Mieke briefies geskryf. Hy wurm hom altyd in by die populêre kinders.

12.4. Gerrit groet Louw soos ’n ou vriend, vra neerhalend of Deidre ook nou ’n Branderpoppie is en reken toe almal hou van ’n graadelf-lyfie so nou en dan. Toe slaan Louw hom.

12.5. Dit kom uit die Griekse mitologie: Charon was die bootsman van Hades wat die dooies met ’n boot na die Onderwêreld, die doderyk, vervoer het. Deidre voel soos ’n lyk, asof sy na die doderyk op pad is. Malherbe is Charon. Hy lei haar deur ’n see van mense na haar ondergang – haar betrokkenheid by die Jaers. **(Bespreek Griekse mitologie in die klaskamer.)**

12.6. Dis Deidre se gedagtes. Sy verwys na Louw wat optree asof hy debat praat soos die Griekse wysgeer Aristoteles en sy as toeskouer daarna kyk. Louw verduidelik aan Deidre waar hy was. Dis net nog ’n rol wat hy vertolk.

12.7. Louw kon ’n boodskap saam met Malherbe gestuur het.

12.8. Dit is ironies, want Louw wil nie hê mense moet oor hom praat nie, maar hulle plaas video’s van die Jaers op YouTube, Instagram en Facebook. Dan sál mense oor jou praat. Die hele wêreld sien dit.

12.9. Louw is in graad 12, goed in wiskunde. Hy is ’n populêre Jaer. Hy het huislike en ander persoonlike probleme. Hy hou van Deidre. Hy en sy maats baklei snags om Bloedskuld af te betaal. Soms is hy arrogant. Saterdae beoefen hy ekstreme sport saam met die Branderjaers.

12.10. Dis soos ’n boek wat nou eers interessant raak. Sy kan dit nie neersit nie.

## HOOFSTUK 13: LOUW

13.1. “En die simpatie vir sy bendebroer se ouers verdamp.”

13.2. Die aggressie

13.3. ’n Ou het sy gesig teen klippe vasgedruk en hom Klipvreter gedoop.

13.4.

| Branderjaer | Ekstreme sport |
|---|---|
| Louw | Branderplankry |
| Malherbe | Kransduik |
| Ellis | Bergklim |
| Jak | “Jack of all trades” - branderry |
| Ben | Ontdekking van grotte |

13.5. *Ad libitum* is ’n Latynse term. Dit beteken: na willekeur, sonder dat jy iets beplan het.

## HOOFSTUK 14: DEIDRE

14.1. Die anker is ’n beeld wat herhaaldelik voorkom. Storm Hoër se embleem is ’n anker. Deidre se van is Anker. Louw dra ’n anker aan ’n hangertjie om sy nek. Deidre word vir Louw ’n anker waaraan hy kan vashou. Hy help haar met wiskunde en is haar anker. Frederik was Deidre se anker toe sy klein was.

14.2. Malherbe reken dat geheime ’n nasionale taal is in Stormbaai. Elke karakter het geheime, bv. Louw is Deidre se geheim, die Kringmakers is die Branderjaers en die Volstees se geheim. Carl Volstee is Deidre se pa se geheim. Leibrandt Swanepoel weet heelwat, maar bly stil daaroor.

14.3. Frederik Anker het Deidre beskerm teen ander mense se oë. Wanneer hy by haar gestaan het, het niemand op haar gefokus nie. Hy was ’n spreekwoordelike buffer en het sy nie alleen gevoel nie.

14.4. Christiaan Kellerman het vir Louw in die speelskool geboelie en sy blou bekertjie weggevat voor hom. Toe gryp Louw sy beker terug. Christiaan het Louw gestamp. Hy het begin gil hoe Louw ook sy beker gesteel het en gekul het toe hulle resies gehardloop het. Malherbe het Christiaan se broek afgetrek en Louw opgehelp. Hy het Louw Bitter-einde genoem. Hy sou dus ’n bitter einde hê.

14.5. Kellerman se onderbroek was vol gate. Die kinders het vir hom gelag.

## HOOFSTUK 15: LOUW

15.1. Louw het vir Neelsie aangeval en Ellis gehelp. Ellis se bynaam is Klipvreter, want Neelsie het sy gesig teen die klippe vasgedruk. Louw en Ellis het vriende geword. **(Bespreek boeliegedrag in die klaskamer.)**

15.2. Daar was plakkate teen die mure wat Malherbe nie meer wou hê nie.

15.3. Die woorde sluit aan by die motief: waarheid en leuen. **(Bespreek waarheid en leuens in die samelewing in die klaskamer.)**

15.4. Simon is Louw se doodgebore broer. Sy ma is nie in aanraking met die werklikheid nie.

15.5. Dit beteken dat Klippies die volgende maand moet gaan baklei in die Kring.

## HOOFSTUK 16: DEIDRE

16.1. Hy rook nie, hy verpes dit. **(Bespreek rookgewoontes in die klaskamer.)**

16.2. Mieke se pa het verdwyn.

16.3. Sy sal nie ’n vriendskap of verhouding met Louw goedkeur nie.
Hy is ’n Branderjaer wat ekstreme sport beoefen. Hy neem nie die lewe ernstig genoeg op nie.

16.4.2. Dis ’n persoon wat alleen bly, wat geen kontak met ander mense het nie.
16.4.2. Louw se ma, Beatris Swanepoel, word as ’n kluisenaar beskryf. Sy is finansieel afhanklik van die Volstees.

16.4. By Klippiekuil is donker klippies onder donker sand verskuil en growwe rotse omsingel die strand om poele te maak.

16.6. Dit was een van Frederik se gunstelingplekke in Stormbaai. Hy het hier kreef geduik. **(Bespreek omgewingsbewaring in die klaskamer.)**

16.7. Kalla is soos ’n kat: gemaklik, beweeglik, skerp. Gereed vir enige iets.

16.8. Die Lighthouse is ’n kuierplek in Breekwater. Louw is bang die Kringmakers sien haar by Louw en gebruik haar as sy swakpunt om hom verder af te pers.

16.9. **Waar**.

16.10. Deidre hou steeds Frederik se grys hoodie in haar kas. Sy wil dit nie dra nie, want dan kan sy reuk verdwyn.

## HOOFSTUK 17: LOUW

17.1. Sy wen die respek van die meeste van die Jaers. Sy irriteer vir Malherbe. Mieke het vir Jak Human stom geslaan.

17.2. Jak se pa was ’n sjarmante akteur wat aan ’n oordosis dwelms gesterf het.

17.3. Jak het drama gelos en eers weer in graad vyf klasse begin neem. Hy wou nooit voor mense optree nie. **(Bespreek stereotipering in die klaskamer.)**

17.4. **Ja**. Deidre se ma reël haar lewe en sy maak nie haar eie keuses nie. Sy moet met iemand praat wat haar raad kan gee oor haar toekoms en hoe om dit aan haar ma oor te dra.

17.5. Jak is abnormaal stil. Sy vrae is kommerwekkend. Hy praat nie oor sy toekoms nie. Louw sien hoe Jak 'n sluk drank uit 'n vodkabottel neem en die bottel in die kas terugsit. **(Bespreek alkoholisme onder tieners in die klaskamer.)**

## HOOFSTUK 18: DEIDRE

18.1. Frederik het gesterf toe hy sewentien jaar oud was. Hy sal dus nooit ouer word nie.

18.2. Jak drink skelm en hou Mieke dop.

18.3. Sy wil weet waarom die Jaers baklei en wanneer dit weer gaan gebeur. Jak word kwaad en loop weg.

18.4. Hy is nie die engel wat branderplank ry en vir Deidre wiskunde tutor nie.

18.5. Op bl. 158 dink sy aan Louw en hoe sy glimlag, oë en hande lyk. Daar word nie uitgebrei oor sy hande nie. Op bl. 159 word die beeld van sy hande verder gevoer as sy die gevoel van sy hande op haar noem: grof van die soutwater, stewig en sterk. Die idee dat Deidre verlief is op Louw word versterk.

## HOOFSTUK 19: LOUW

19.1. **Eie mening**. **(Bespreek musiekkeuse en karakter in die klaskamer.)**

19.2. Deidre luister na Golden Oldies. Frederik het Afrikaansmusiek geluister. Frederik het vir sy ma gejok en na musiekvertonings gegaan. Hy het dus nie die waarheid vertel nie. Deidre het ook vir hom by sy ma gejok.

19.3. **Ja**. Deidre het nie naby die see gekom nie, sy kon nie met haar ouers oor Louw praat nie, sy het nie met die Jaers gepraat nie. Al hierdie dinge is besig om te verander. **(Bespreek karakterisering en karakterontwikkeling in die klaskamer.)**

19.4. Frederik se ma was op haar knieë en haar hande het bewerig oor haar seun se lyk beweeg. Sy was baie hartseer. Sy bly in Blouberg.

19.5. Louw en sy pa kom amper nooit goed oor die weg nie. Sy pa hou nie van Jak nie.

19.6. Louw se familie bly nou in sy ouma se huis langs die see.

19.7. Sy ouma het kanker gehad.

19.8. **Waar**

19.9. Dit laat hom dink aan die maande na sy ouma se dood. Toe dinge erger geraak het.

19.10. **Personifikasie**. Die mis trek stadig in oor die binneland asof dit iemand is wat huiwer voor hy of sy praat. Omdat Louw en Deidre ernstig praat oor hulself, is hulle ook huiwerig om die waarheid te praat. Die beeldspraakkeuse is dus baie akkuraat en effektief.

## HOOFSTUK 20: DEIDRE

20.1. Sy wil vir Louw WhatsApp, met hom praat, maar hy kommunikeer nie met haar nie. Sy weet nie wat om te doen nie.

20.2. Louw was teen tweede pouse nog nie sigbaar nie. Iets het dus gebeur. Die tweede teken was toe Gerrit van Zijl skeef vir haar glimlag.

20.3. **Leerder se eie mening**. *Snipperig* is as iemand voorbarig en ’n wysneus is wat hom met sy meerderes se sake bemoei.

20.4. ’n Bende wat boelies teenstaan. Mieke het die stories van die boeliegedrag teenoor die Jaers gehoor en hoe hulle opgestaan het daarteen.

20.5. Tieners gebruik Afrikaans en Engels gemeng. Mieke bedoel Ben is baie aantreklik.

20.6. Dis Frederik se hoodie. Sy voel beskermd as sy sy reuk in sy klere ruik.

20.7. **A**. (standvastigheid)

20.8. Sy wil nie ’n verhouding hê met iemand wat leuens vertel en aan die skadukant van die lewe leef nie. Sy verkies die waarheid. Vandat Frederik dood is, het almal begin leuens vertel. Die ironie is dat Frederik ook leuens vertel het.

20.9. Louw is eintlik ’n verslaafde. Hy gebruik soms dwelms en is verslaaf aan adrenalien.

20.10. Louw. Hy vra of sy die waarheid wil weet.

## HOOFSTUK 21: LOUW

21.1. Hy het altyd verby Louw en Jak gery met sy Corsa. Hy het altyd gesing.

21.2. Dis soos ’n sprokie. Dis sprokiesagtig.

21.3. Louw sien die saal wat vol is in sy geestesoog, mense wat asem ophou. Die wêreld word vir die akteur ’n ander plek en die akteur word ‘n ander mens.

Louw sien dit as ’n manier om van sy eie werklikheid te ontvlug.

21.4. Jak was Prometheus in ’n Griekse toneelstuk. Hy was ’n titaan wat vuur gesteel het en na die mensdom gebring het. ’n Ligbringer. ’n Vuurstoker. Vandaar sy bynaam, Stokebrand.

21.5. Daar was al destyds baie drama in Louw se huis. Daar was nooit geld in die huis nie. Kinders het hom gespot dat hy op straat gaan opeindig. Hy gaan ’n bitter einde hê. Deidre dink nie dit sal gebeur nie. Sy sien net branders in sy toekoms.

## HOOFSTUK 22: DEIDRE

22.1. Deidre het gedink dat Louw bevoorreg grootgeword het oor die stories van die strandhuis waarin hulle woon en dat hy branderplankry. Sy het twee ouers wat lief is vir die see in haar geestesoog gesien. Sy weet nou die werklikheid is anders. Die huis is verlate tussen die duine, met lang gras om die voorstoep. Dis onversorg.

22.2. Beatris Swanepoel lyk onversorg en nie in aanraking met die werklikheid nie. Sy lyk soos iemand wat ingegee het onder die harde lewe van ’n visserman se vrou.

22.3. Dalk weet Louw se pa dat Deidre se pa ook nou betrokke is by die Kring. (Dit is so, maar op die stadium in die verhaal is dit nog nie duidelik nie.)

22.4. Sy het op die verkeerde plek ingepaddle en is toe in ’n gevaarlike seestroom by die riwwe vasgevang en het toe onder die water in verdwyn. Louw was eerste by haar.

22.5. Sy het die roep van die see-fee gehoor en gesien. Die storie van die sirens wat die vissers na hul dood lok. Die interteks is *Die Visser* deur Johann Wolggang von Goethe (1779). Dis ’n ballade waar ’n visser visvang en in die see in gelok word deur ’n waternimf. **(Bespreek legendes oor sirens in die klaskamer.)**

## HOOFSTUK 23: LOUW

23.1. “Die brunet, Silene, wriemel nader aan Malherbe, maar hy’s vreemd genoeg gefokus op Mieke.”

23.2. Jak wil nie vir Deidre vertel wat hulle in Breekwater doen nie. As sy betrokke wil raak, gaan sy vir haar eie probleme verantwoordelik wees. Hy gaan haar nie help om in die moeilikheid te beland nie.

23.3. Simon moes die familie weer bymekaar bring en die familie heel maak. Hy sou ’n kitaarspeler wees.

23.4. Louw is ’n buite-egtelike kind en sy ouers kon nie ander kinders hê nie. Sy pa het soos ’n mislukking gevoel, dat God hom spot. Louw was nie genoeg vir sy pa nie. Kinders kan nie ’n verhouding regmaak nie. Louw wil so gou moontlik uit sy ouerhuis ontsnap.

23.5. Elke item herinner hom aan sy doodgebore broers en susters. Die kitaarpluk (‘pick’) is vir Simon, wat kitaar sou speel. Die Britse pennie is vir Arabella wat geluk moes bring. Die stukkie glas is vir Joubert wat die slim een sou wees. Die Cokebotteldoppie is vir Mia wat sy gunsteling sou wees. Die draadanker herinner hom aan Frederik se dood. Hy kan nie oor die anker praat nie.

## HOOFSTUK 24: DEIDRE

24.1.

| | KARAKTER | | OPTREDE |
|---|---|---|---|
| 24.1.1 | Jak | E | Hy stel musieklysies saam. Hy werk aan die perfekte een. |
| 24.1.2 | Louw | A | Hy het vir Deidre uit die water gesleep. |
| 24.1.3 | Deidre | D | Sy het nie vir die riwwe gekyk by Weduweekaai nie. |
| 24.1.4 | Tannie Helen | C | Sy dra stories aan. |
| 24.1.5 | Pieter | B | Hy is altyd voor sy boeke of op YouTube, besig om na geselsprogramme te kyk. |

24.2. **Ja**. Hy het nooit gerook nie en hy rook nou. Hy is nie skoongeskeer soos Deidre verwag nie en dit lyk of hy min geslaap het. Hy lyk nie meer soos die man wat haar hand vasgehou het toe sy klein was en haar nagmerries weggepraat het nie.

24.3. Pieter, haar pa en Louw steek almal die bedrywighede by Breekwater weg. Sy kan sien hulle praat nie die waarheid nie en omseil haar vrae.

24.4. Pieter se ma het haar pa vertel dat Deidre saam met Louw uithang. Sy het geweet haar pa sal dit nie goedkeur nie.

24.5. Deidre dink die Volstees is eerlik. Op hierdie stadium is sy nog nie daarvan bewus nie, maar Pieter Volstee se pa is die hoofkringmaker. Hy is korrup. Hy het met die Rotte, ’n gevaarlike bende, ’n ooreenkoms gesluit.

## HOOFSTUK 25: LOUW

25.1. Hy het nog nie die tatoe van die rot se stert teen sy arm nie. **(Bespreek tatoeëermerke in die klaskamer.)**

25.2. Jy moet hulle nie uitlok nie.

25.3. Hulle skinder.

25.4. Hy lok jou uit om kwaad te word en onverantwoordelik op te tree. Carl Volstee gebruik sy seun, Pieter, om die "trigger" te kies. Hy moet leer hoe die familiesake werk. Die probleem is die Rotte is nie onder hulle beheer nie. Hulle is besigheidsvennote.

25.5. Iemand wat alles doen wat sy meerderes sê hy of sy moet doen. Gerrit van Zijl fluit vir Nozizwe om na hom toe te gaan. Sy wil nie reageer nie.

## HOOFSTUK 26: DEIDRE

26.1. Klanknabootsing/onomatopee

26.2. Sy verbied nie vir Deidre om Louw te sien nie; sy sukkel nie om haar standpunt te stel nie; sy gil nie op haar nie.

26.3. Die Jaers is eintlik tragiese helde. Hulle probeer goed doen, soos om die Bloedskuld te betaal, maar in die proses vernietig hulle hulself deur betrokke te raak by dwelms en die Rotbende.

26.4. Deidre wil in die aand Breekwater toe gaan om te gaan kyk wat die Jaers doen. Sy wil die waarheid uitvind.

26.5. Deidre sal baie waagmoed moet hê om in die aand na die gevaarlike Breekwater toe te gaan om die waarheid oor die Jaers uit te vind.

## HOOFSTUK 27: LOUW

27.1. Renate Anker reken Louw het mooi oë. Sy het nog net een ander mens met sulke oë gesien en dit is 'n ou skoolvriend van lank gelede (Cilliers Human).

27.2. Louw se ma en pa is gebroke mense. Hulle het verskeie miskrame beleef. Louw is die enigste kind. Sy ma is 'n kunstenaar en sy pa 'n visserman. Laasgenoemde is 'n alkoholis. Kommunikasie tussen Louw en sy ouers is swak. Hulle is arm. Hulle woon langs die see in sy ouma se huisie.

Deidre se ma is 'n advokaat en haar pa 'n besigheidsman wat besig is met gevaarlike bedrywighede. Laasgenoemde lyk deesdae moeg, uitgeteer en uitgeput. Kommunikasie met haar ouers is beter, maar nie ideaal nie. Hulle het

geheime vir mekaar. Hulle woon in‘n middelklasbuurt teen die hang van die berg.

27.3. Hulle sê nie vir iemand wat om te doen en om hul voorbeeld te volg nie. Dit was die kransduiker se eie keuse.

27.4. Louw wil drama gaan studeer, maar sy lewe is klaar ’n drama.

27.5. Deidre se ouers weet Louw en Jak is broers.

## HOOFSTUK 28: DEIDRE

28.1. “Deidre probeer die groeiende vrees wegstoot, want dit voel of hulle nie gaan kan terugdraai nadat hulle die laaste deur oopgemaak het nie.”

28.2. Daar is ’n boksarena onder spreiligte. Daar is drank en bloed op die vloere en teen die toue gemors en gesmeer. Tussen die toue is twee boksers. Een is Jak Human. Sy sien die skare, gretig en honger vir bloed.

28.3. Nessus is vermoor deur Herakles en is die indirekte moordenaar van Herakles. Nessus werk in die Arena.

28.4. Louw.

28.5. Die Jaers betaal Kalla se Bloedskuld. Sy is amper verkrag, vasgevang in die inisiasie van ’n nuwe Rot. Sy het haarself verdedig en het hom seergemaak. Die volgende oggend was hy dood. Sy moes betaal vir haar daad. Sy kon egter nie die moord gepleeg het nie, want sy was ’n kind. Dit was selfverdediging. Dit lyk soos ’n gereëlde ding, sodat die Jaers ingetrek kon word by die Kringmakers en die Rotte se Arena.

Die Jaers betaal nou haar skuld deur in die Kring te baklei. Die kringmakers wou die Jaers in hul greep kry. Hulle sou belangstelling wek. As die Kringmakers wil hê hulle moet wen, dan wen hulle. As hulle moet verloor, dan verloor hulle. Die Jaers het ’n kontrak geteken dat hulle in die Arena sal baklei tot hulle die skool verlaat.

## HOOFSTUK 29: LOUW

29.1. Louw dink aan Christiaan Kellerman. Lappies. Dit was sy boelie. Dit is hoe sy vriendskap met Malherbe begin het.

29.2. Hulle was uit met Louw se pa se boot om vis te vang. Die anker het verkeerd geval. Hulle kon dit nie loskry nie. Die gety het gedraai. Jak het ingeduik om dit te probeer lostrek, maar hy kon nie, want die stroom was te sterk. Toe kom Frederik daar aan. Hy was ’n goeie swemmer. Hy het gesê hulle moet die ankertou sny. Frederik het in die water gespring om te probeer om die anker

los te kry, want Louw se pa het nie geweet hulle het die boot nie. Hulle kon nie die ankertou sny nie. Frederik was te lank onder. Die tou het slap geword. Hy het hulle losgekry, maar hy is teen die kop getref. Die boot het beweeg. Frederik was dood toe hulle hom in die boot kry. Almal op die strand het gedink hulle het Frederik in die water gevind. Hulle het gedink die wond kom van 'n rots. Louw dink dit kon die anker wees wat losgekom het en hom teen die kop getref het. Die Jaers wou vertel wat werklik gebeur het, maar het daarteen besluit.

Deidre voel Frederik het gedoen wat hy gedink het reg was. Hy wou hulle help. Dit was 'n ongeluk.

29.3. **Ja**. Die luitenant op die dorp is ook 'n Volstee.

29.4. Deidre se pa. Louw en Deidre het 'n verhouding. Louw sal enige iets doen om haar te beskerm. Dit lyk asof dit 'n persoonlike vendetta teen Louw is.

29.5. Pieter Volstee. Hy is jaloers op Louw en Deidre se verhouding. Hy het dit moontlik tuis genoem dat Louw en Deidre 'n paartjie is.

## HOOFSTUK 30: DEIDRE

30.1. Advokaat Anker

30.2. *drie* maande

30.3. Deidre se pa was by Breekwater. Carl Volstee is skielik haar pa se beste vriend. Iemand het iets teen Louw en dinge gaan net erger raak. Louw moet weggaan.

Matriekafskeid, uitstapdag en die Desembervakansie.

30.4. Pieter sê sy moet stilbly daaroor. Hy klink nes sy pa.

30.5. Louw se ma, Beatris. Sy weet dat Louw 'n adrenalienslaaf is. Sy broers en susters is doodgebore. Hy probeer homself doodlewe. Sy het nie aanvaar haar ander kinders is dood nie.

## HOOFSTUK 31: LOUW

31.1. Louw is 'n buite-egtelike kind. Sy regte pa is Cilliers Human. Jak is Louw se broer.

31.2. Sy wil nie hê Deidre moet iets met die Volstees te doen hê nie, want sake is tans ingewikkeld en sy moet wegbly van hulle af.

31.3. Ben sê aan Deidre haar pa was ook by Breekwater.

31.4. Louw besluit hy moet weggaan.

## TEKSGEBASEERDE KONTEKSTUELE VRAE:

### Kontekstuele vraag 1

In graad 9 is hy oorgeplaas vanaf Breekwater Hoër, die onderdorp se oorbevolkte skool, na Storm Hoër. Breekwater is basies Stormbaai, maar die klasseverskil het ’n ander naam verdien.

Die paar vriende wat Daniels hier gemaak het, is onsigbaar.

Die meeste mense in die skool vind hom stug en sy teenwoordigheid intimiderend.

“Hoe loop die reëlings vir social -week, Piet?” vra Bella. Bella se vraag is nie gemik op ’n antwoord nie. Almal weet Pieter het die reëlings vir sosiale week al in Januarie gereed gehad. Die Sosiale Komitee is net een van sy passion projects, op sy “Reis na Hoofseun.”

Mieke snork liggies. “Vra eerder vir hom hoe gaan dit met die beplanning van sy volgende maaltyd.”

Deidre trek aan ’n garing van haar kous reg onder die knie, maar bly gefokus op Daniels se rug. In die middel van die quad toring Verfkwas uit - die bottlebrush wat seker al ’n eeu se ringe in sy stam het. Teen die bas is name gekerf van geliefdes, vriendekringe, van matriekjare. Die bekende blou en swart anker, wat teen die afkondigingsborde pronk en op hul skoolbaadjies geborduur is, is daar geverf met spray paint, amper so groot soos die menigte graffiti van branders wat regoor die skool verskuil word - onder bankies, teen boomstamme, op die hoek van die hokkie-locker room. Niemand kan dit mis nie.

Nes die Branderjaers. Hulle is immers alomteenwoordig in die skool.

Die rooi en geel verfkwasblomme dans in die seebries, die skool na genoeg aan die see dat die lug sout proe.

Regs van die boom, in sy skadu het die Branderjaers hul plekke nou ingeneem op sementbankies, met die branderpoppies wat om hulle tjirp.

1.1. Gee **TWEE** redes vir Daniels se andersheid in Stormbaai Hoër. Met wie stamp hy later koppe? (3)

1.2. Wat word deur die onderstreepte sin in reël 7 en 8 geïmpliseer? (2)

1.3 Watter karaktereienskap van Bella kan jy aflei uit die gedeelte? Gee nog ’n voorbeeld uit die roman waar sy aan dié karaktereienskap getrou bly. (2)

1.4. Herlees reëls 9 en 10. Verduidelik in jou eie woorde wat die reëls beteken. Met wie kompeteer hy? (2)

1.5. *In die middel van die quad toring Verfkwas uit*.

1.5.1. Watter rol speel Verfkwas in die leerders se lewe en wat is die doel daarvan? (3)

1.5.2. Die fokalisator in hierdie gedeelte is Deidre. Waarom is die boom vir haar belangrik? (2)

1.5.3. Verduidelik die vergelyking in reël 22. (1)

1.6. Die anker funksioneer as motief in die roman.

1.6.1. Wat is die simboliek en invloed van die anker in Louw se lewe? (4)

1.7. Dink jy dit is reg dat ’n sekere groepie ’n vaste sitplek of bymekaarkomplek op ’n skoolgrond het? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8. Hoe sou dit die verloop van die roman beïnvloed het as Deidre nie by die Branderjaers betrokke geraak het nie? Verduidelik jou antwoord. (2)

1.9. Verduidelik wie die branderpoppies is en wat hulle rol in die roman is. (1)

1.10. Hoe het dit gebeur dat die Branderjaers soveel invloed in Stormbaai het? (2)

**(25)**

**Kontekstuele vraag 2**

Toe die deur van ’n kantoor oopgaan en hulle die man agter die lessenaar herken, ’n sigaret tussen sy vingers, was dit asof almal gelyktydig vries.

Hy het hulle nader gewuif - die eerste van nog baie bevele wat die Jaers sou nakom. Louw het die man se ring met sy wapen op gememoriseer, die trouring aan sy linkerhand, die netjies gestrykte hemp.

Hy was te skoon vir hierdie plek, sy gesig te bekend om hier te hoort.

Die hoof-kringmaker. Die man wat ’n ooreenkoms gesluit het met die Rotte, Breekwater se wreedste bende. <u>Die man wat saam met die Rotte hierdie hel geskep het.</u> Die breins agter die muscle.

Hy was nie die man wat hulle gedink het hy is nie.

Ben het hulle voor die tyd gesê dat sy familie bekend is in Breekwater – om die verkeerde redes – en het al die praatwerk gedoen. Hulle het Kalla se misdaad probeer verduidelik, gevra vir empatie. Toe hulle niks kry nie, was daar net een ding oor om die skuld aan te spreek.

Die kontrak was klaar op die tafel.

Die man het agteroor in sy stoel geleun en die kontrak met ’n selfvoldane glimlag oor die lessenaar geskuif. Ben kon net na die papiere staar, en niemand wou die keuse maak nie.

Dit was Ellis wat eerste die kontrak geteken het. Toe hy dit doen, het Louw net gedink aan Kalla se gesig, die trane wat oor haar wange gerol het. Die bloed.

“Ek het gehoor van julle,” het die man gesê toe hy die kontrak terugneem en in sy onderste laai toesluit. “Julle’s redelik bekend vir daai stunts van julle. Dis great.” ’n Netjies geplukte wenkbrou het gelig, en vir ’n oomblik het hy nes die cartoon villain gelyk wat Ben altyd op Louw se exam pad geteken het.

2.1. Met watter doel besoek die Jaers die man met die sigaret tussen sy vingers? Sou jy sê die besoek was suksesvol? Motiveer jou antwoord. (3)

2.2. Met wie is die man getroud? Waar werk sy? Verduidelik die ironie wat teenwoordig is in die naam van dié werkplek. (3)

2.3. Wat was die gevolge van die besoek van die Jaers? Noem DRIE dinge. (3)

2.4. Hoe sluit die onderstreepte deel by die tema Onderwêreld aan? (1)

2.5. Verduidelik die aanhaling: “Die breins agter die muscle”. (1)

2.6. Lewer die man met die sigaret ’n positiewe bydrae tot die ontwikkeling van Stormbaai? Motiveer jou antwoord. (2)

2.7. Noem twee temas wat in die roman voorkom wat op die Jaers betrekking het. (2)

2.8. Hoe dra die “villian’ (reël 25) by tot innerlike konflik by Deidre? (2)

2.9. Verduidelik die ironie in reël 24-26. (2)

2.10. Evalueer die taalgebruik in die roman. (1)

2.11. Kies elke keer die bynaam wat die beste pas by die Jaer se regte naam.

| | **REGTE NAAM** | | **BYNAAM** |
|---|---|---|---|
| 2.11.1. | Louw | A | Vuur |
| 2.11.2. | Jak | B | Bittereinder |
| 2.11.3. | Malherbe | C | Stoke |
| 2.11.4. | Ben | D | Kannie |
| 2.11.5 | Ellis | E | Klippies |

(5)
**[25]**

## KONTEKSTUELE VRAAG 1: Nasienriglyne

1.1. Daniels kom van die Hoërskool Breekwater af. √ Die leerders van Stormbaai Hoër dink hulle is beter as hy, want die skool waarvandaan hy kom, is vir ’n laer sosiale klas. √ Verder is hy stug en intimiderend.
Hy stamp koppe met Louw. √ (3)

1.2. Bella stel nie eintlik belang in Pieter se antwoord nie. √ Sy weet reeds wat die antwoord is. √ (2)

1.3. Bella wil alles weet. √ Sy weet wat aangaan in die skool, daarom verwag sy nie ’n antwoord van Pieter af nie. Sy skryf vir die *Inkvis*, die skoolkoerant. √
(2)

1.4. Pieter gebruik verskillende komitees, soos die Sosiale Komitee om uiteindelik hoofseun van die skool te word. √ Hy kompeteer met Malherbe. √ (2)

1.5.1. Die boom staan in die middel van die vierkant by die skool. Leerders sit in sy skadu. √ Hulle krap hul name op sy bas uit om te wys wie was in watter jaar in die skool en wie het met wie uitgegaan. Vriendekringe se name is ook daarop uitgekrap. √ Dit wys hulle was daar. Hulle name is verewig. √ (3)

1.5.2. Sy het nie ’n kêrel nie. Daarom fokus sy op die paartjies se name wat uitgekrap is teen die stam. √ Sy hou nie van die Branderjaers nie en sy sien hulle onder die boom sit.√ (2)

1.5.3. Die skool se anker is ook teen die boom aangebring en niemand kan dit miskyk nie, net soos hulle ook nie die branderjaers kan miskyk nie. √ (1)

1.6. Die anker is ’n simbool van lewe en stabiliteit. √ Dit hou ’n skip stil en op sy plek in die water. Dit versinnebeeld krag en sekuriteit. √ Louw dra ’n ankertjie om sy nek. √ Dit herinner hom aan sy broers en susters wat dood is en aan Frederik. Dit gee hom stabiliteit in ’n onstuimige wêreld. √ Deidre se van is Anker. Sy gee dus stabiliteit aan Louw. √ ’n Anker wat lig is as ’n posisie oorgegee word. Louw verlaat Stormbaai aan die einde van die roman. √
(Enige 4) (4)

1.7. Eie mening. Iets soos: Ja. Dit gee senioriteit aan ’n groep. OF Nee, dit maak sekere leerders eksklusief. √ (1)

1.8. Louw sou nie Stormbaai voortydig moes verlaat nie. Dit het duidelik geword dat hy gemerk is deur die Kringmakers en die Rotte. √ Deidre se wiskundepunte sou swak gebly het. Sy sou nie vir haar ma kon sê sy wil nie regte gaan studeer nie. √ (Enige 1) (2)

1.9. Die branderpoppies is die Branderjaers se bewonderaarsklub. Dit is die meisies wat al agter hulle aandrentel. Die branderpoppies versterk dus die Branderjaers se populariteit in die roman. √ (1)

1.10. Toe hulle jonger was, het die seuns van rotse afgeduik. 'n Vrou het hulle afgeneem en die video op sosiale media geplaas. √ Hierna het hulle nog self ook video's opgelaai. Die gevolg was dat hulle beroemd geword het. √ (2)

**[25]**

## KONTEKSTUELE VRAAG 2

2.1. Kalla het iemand per ongeluk vermoor √ en die Jaers wil vra vir empatie met haar situasie. √ Sy het haarself net verdedig. Nee, hulle was nie susksesvol nie, want hulle moes 'n kontrak teken om tot hulle die skool verlaat Kalla se skuld te betaal deur teen teenstanders te baklei sodat mense op die wenner kan weddenskappe plaas. √ (3)

2.2. Helen Volstee. √ Haar kafee is op die promenade en word Eden genoem. √ Eden is 'n plek waar Adam en Eva gelukkig was, maar daar was 'n slang in die tuin wat Eva verlei het. Net so is Carl Volstee die slang wat Deidre se pa verlei het om met die Kring te werk. √ (3)

2.3. Die Jaers moes 'n kontrak teken. √ Hulle moet baklei teen teenstanders. Hulle word aangesê wie moet wen en verloor. Soms kon hulle hulself nie verdedig nie. √ Die Jaers se lewens is intens geraak en hulle is dikwels stukkend geslaan. √ (3)

2.4. Die onderwêreld is die hel in die mitologie. Die bakleiery word die Branderjaers se hel. √ (1)

2.5. Die Jaers moet spiere gebruik om te baklei in die Arena wat Carl Volstee uitgedink het. √ (1)

2.6. Nee. Hy het 'n negatiewe invloed, want hy het 'n monopolie oor die dorp. √ Hy pers mense af. √ (2)

2.7. Broederskap √ en waarheid √ en leuen. (2)

2.8. Deidre weet dat Louw-hulle besig is met iets, maar sy weet nie wat nie. Sy sien hoe stukkend hulle geslaan is en dink hulle gebruik dwelms. √ Sy wil uitvind wat aangaan. √ (2)

2.9. Die strokiesprente wat in Louw se eksamenblok geteken word, is veronderstel om genot te verskaf, √ maar hierdie man veroorsaak in die werklike lewe pyn en lyding. Dit is asof hy ‘n eksamen vir fisiese en emosionele uithouvermoë skryf. √ (2)

2.10. Die taalgebruik is deurspek van Engelse woorde. Tieners praat so. Dus is die taalgebruik baie akkuraat om die karakters uit te beeld. √ (1)

2.11. 1. B √

2.11. 2. C √

2.11. 3. D √

2.11. 4. A √

2.11. 5. E √ (5)

**(25)**

# DIE LITERÊRE OPSTEL

**VRAAG 1**

Deidre ondergaan algehele karakterontwikkeling deur die loop van die roman.
Skryf ’n opstel waarin jy dié stelling bespreek.

**VRAAG 2**

Die onderwêreld is ’n motief in die roman. Skryf ’n opstel waarin jy hierdie stelling bespreek.

**VRAAG 3**

Die Jaers reageer verskillend op die druk van die Kringmakers. Bespreek elkeen se reaksie in ’n opstel.

**VRAAG 4**

Louw ervaar innerlike en uiterlike konflik deur die loop van die roman. Skryf ’n opstel waarin jy hierdie konflik bespreek en dui aan hoe dit opgelos word. Evalueer ook of die oplossing werklik bevredigend is.

**VRAAG 5**

Bespreek die motief waarheid en leuen in die roman. Dui aan hoe dit Deidre Anker en Louw Swanepoel se lewens raak.

**VRAAG 6**

Die see, water en branders is simbole in die roman. Skryf ’n opstel waarin jy die simboliek bespreek.

**VRAAG 7**

Skryf ’n opstel waarin jy die rol wat broederskap en kommunikasie in die roman speel, bespreek.

**VRAAG 8**

Trauma is een van die deurlopende temas in die roman. Skryf ’n opstel waarin jy bespreek hoe trauma die Branderjaers onderskeidelik affekteer.

## LITERÊRE OPSTELVRAE: NASIENRIGLYNE

**Riglyne vir die nasien van literêre opstelvrae:**

- Leerders word nie gepenaliseer indien die opstel korter as die verlangde lengte is nie.
- Indien die literêre opstel te lank is, word dit op meriete geassesseer.
- Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn. Ander relevante inhoud moet as korrek beskou word.
- Gebruik die voorgeskrewe rubriek (opstelvraag: roman) om die literêre opstelvraag na te sien. (**Departement van Basiese Onderwys**)

**Die punt uit 25 word soos volg toegeken:**

1. **Inhoud (15 punte):** Interpretasie van die onderwerp, diepte van die argument, verantwoordbaarheid en insig in die teks.
2. **Struktuur en taal (10 punte):** Struktuur, logiese vloei en aanbieding, taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel.

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

## Die literêre opstel: Vrae en nasienriglyne

## VRAAG 1
**Deidre ondergaan karakterontwikkeling deur die loop van die roman. Skryf ’n opstel waarin jy dié stelling bespreek.**

**Gepaste inleiding.**

Deidre Anker is ’n hoofkarakter en fokalisator in die roman. Sy ondergaan karakterontwikkeling deur die loop van die roman.

Aan die begin van die roman is Deidre Anker ’n skaam meisie wat weens die dood van haar neef, Frederik Anker, nie naby die see wou kom nie. Sy was vier jaar laas op die strand. Frederik het haar geleer visvang en swem en nou is hy dood. Sy dra sy klere om naby aan hom te voel. Sy leer hard, presteer, maar sukkel met wiskunde omdat sy dit haat. Sy staan bekend as mejuffrou Volpunte. Haar beste vriend is Pieter Volstee. Haar vriendekring bestaan uit Pieter, Bella en Mieke.

Louw moet haar tutor. Sy kyk Louw aanvankilik aan soos Medusa – die epitoom van vroulike woede. Sy is nie beïndruk deur hom nie omdat hy ’n reputasie het en aandag najaag. Sy raak verlief op hom. Sy swem in haar klere saam met hom. Dit is bevrydend. Haar verhouding met Louw ontwikkel. Sy is ’n interessante meisie wat hom uitvra oor die tegniese aspekte van branderry. Sy spandeer al hoe meer tyd saam met die Jaers en begin uitvra oor die stukkende merke aan hulle. Sy konfronteer vir Louw oor sy leuens en as hy nie wil vertel nie, gaan sy en haar vriendin, Mieke self een aand na Breekwater om te kyk wat aangaan. Sy konfronteer hom. Sy verstaan ook as hy sê hy moet weggaan omdat hy nou ’n teiken vir die Kringmakers is.

Deidre konfronteer ook vir Pieter Volstee oor sy pa se betrokkenheid by die kringmakers. Dan hoor sy haar eie pa is ook betrokke. Sy en Pieter is nie meer vriende nie. As Louw vir Deidre vertel van die Jaers se aandeel by Frederik Anker se dood, aanvaar sy dit en sê dit was ’n ongeluk. Louw het hom altyd daarvoor verwyt.

Deidre val aanvanklik by haar ma se planne vir haar toekoms in: Sy moet LLB by die Universiteit Stellenbosch gaan studeer, dan haar internskap by ’n goeie maatskappy doen, ’n woonstel en motor koop. Mans is struikelblokke in die pad van jou toekoms. Aan die einde van die roman sê sy aan Renate Anker sy wil nie LLB gaan studeer nie. Sy wil BA studeer. Sy het haar eie idees en skroom nie om haar man te staan nie. Deidre jok aan die begin vir haar ma oor die nat klere toe sy en Louw geswem het. Later vertel sy die waarheid en sê hulle het ’n verhouding.

Deidre het dus ontwikkel van ’n skaam meisie na iemand wat haar man kon staan.

**Gepaste slot.**

**VRAAG 2**
**Die onderwêreld is 'n motief in die roman. Skryf 'n opstel waarin jy hierdie stelling bespreek.**

**Gepaste inleiding.**

Die term onderwêreld verwys na die plek waar die dooies heen gaan in die Griekse mitologie. Die motief word ontwikkel in die hoofstuk waar Deidre die fokalisator is. Malherbe word vergelyk met Charon. Hy het die dooie Grieke oor die rivier van die dood vervoer na die Onderwêreld. Malherbe word hier vergelyk met die god Charon as hy Deidre deur die see van mense op die strand lei om saam met hulle te kuier na Louw vir Gerrit van Zijl geslaan het. Deidre raak mettertyd al hoe meer by die bedrywighede van die Jaers betrokke: die dood, die gevegte en dwelms.

Die onderwêreld kan ook verwys na die onderwêreld van misdaad en geweld. Die jaers is betrokke by die Rotte, 'n gevaarlike bende. Deidre en Mieke stap af in 'n klam, ondergrondse hool. Daar is dus fisies 'n wêreld van geweld en misdaad onder die skool, Breekwater. Carl Volstee is die hoofkringmaker wat die Jaers vasteken omdat Kalla per ongeluk iemand doodgemaak het nadat die persoon haar aangeval het tydens die inisiasie van 'n Rot. Hulle betaal nou haar Bloedskuld af deur te baklei terwyl mense weddenskappe plaas. Die Jaers word aangesê om te wen of te verloor. Die stelsel is dus onwettig en korrup. Die seuns is minderjarig en word telkens stukkend geslaan. Omdat hulle voortgaan met hulle adrenaliensport, het hulle iets nodig om hulle die nodige aggressie te gee. Hulle gebruik “pop rocks”, 'n dwelmmiddel.

Carl Volstee is dan ook 'n man wat 'n dubble lewe lei. Dit is Pieter Volstee se pa, Carl Volstee. Hy is 'n vermoënde sakeman met 'n sakemonopolie op Stormbaai. Hy is in beheer van die onderwêreld waarby die Jaers betrokke is. Hy word vergelyk met 'n tronkbewaarder, 'n wetenskaplike wat eksperimenteer met 'n hok vol rotte. Hy konfiskeer Louw se selfoon omdat hy nie goed genoeg baklei het nie. Die Arena word die hel van die Jaers.

Die onderwêreld is 'n donker plek onder die aarde. Die Jaers kruip weg in 'n grot by Mermaid Cove om te herstel na 'n geveg.

Die doderyk as onderwêreld is prominent by Deidre en die Jaers. Deidre se neef, Frederik Anker het gesterf nadat hy die Jaers gehelp het om 'n anker los te maak op see. Sy sukkel om aan te gaan sonder hom omdat hy haar altyd beskerm het. Sy dra nog 'n top wat na hom ruik. Kalla het iemand per ongeluk vermoor. Louw en sy familie het ook die dood beleef nadat elkeen van sy broers en susters doodgebore is. Jak se pa is jonk oorlede en hy beleef sy eie hel. Sy pa was 'n verslaafde. Dus moet Jak versigtig wees om nie ook verslaaf te raak nie. Hy drink reeds meer as wat hy behoort te drink, Hy gee ook “pop rocks” aan Louw. Ben Palmer se pa is vermis. Malherbe kom nie met sy ouers oor die weg nie. Sy hel was toe hy as jong kind mishandel is.

Beatris Swanepoel beleef haar eie hel met haar man wat so drink en die doodgebore kinders wat sy nie kan vergeet nie. Sy wag steeds op Jak se pa, Cilliers Human, om terug te kom na haar toe.

Die polisie het ook ’n Volstee. Dus gaan die korrupsie tot daar waar jy dink jy is veilig. Deidre se pa is ook nou ’n Kringmaker. Die Volstees se korrupsie het almal betrek en Carl Volstee pers almal af. Deidre en Louw se verhouding word gestop omdat hy moet weggaan aangesien die Volstees hom teiken.

**Gepaste slot.**

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1) Stormbaai word deurgaans in die roman beskryf. **Maak ’n tekening waarin waarin jy jou eie interpretasie van die ruimte weergee**.

2) **Gaan doen navorsing op die internet oor Nessus (bl. 261) of Prometheus (bl. 183)**. Maak ’n plakkaat met prente en kom vertel die klas wat jy alles geleer het.

3) **Versamel inligting oor bendes op die Kaapse Vlakte**. Maak ’n PowerPoint-aanbieding en bied ’n inligtingsessie vir jou klasmaats aan.

4) Doen navorsing oor die Jaers se musiekkeuse. Luister daarna en vertel jou klas daarvan.

5) **Doen navorsing oor Aristotles** (bl. 77). Wie was hierdie legendariese figuur? Skryf ’n **verhalende opstel** en gebruik ’n eerstepersoonsverteller waarin jy hierdie figuur se verhaal vertel.

6) Kyk en bespreek die films *Shaping Jordy, Shaka, Outdeh, The other side of fear, Riss* en *Bra Boys* wat handel oor branderryers. Bespreek die films in die klas. https://www.redbull.com/za-en/best-surf-movies.

7) Indien jy daarvan hou om branderplank te ry, kan jy gerus Leon de Villiers se roman ***Die pro* lees**. Die roman is ook verfilm.


8) **Ontwerp ’n nuwe voorblad** vir die roman nadat jy die roman gelees het.

9) Skryf ’n **beredenerende opstel** oor die gebruik van dwelms vir rekreasiedoeleindes.

10) Skryf ’n **dagboekinskrywing** waarin jy Deidre se gevoelens uitbeeld nadat haar neef, Frederik Anker oorlede is.

11) Skryf ‘n formele brief aan Renate Anker waarin jy haar vra om Louw Swanepoel te help om Carl Volstee se korrupsie aan die kaak te stel.

12) Bestudeer die voorblad van *Vuurvreter*, die opvolgroman van *Branderjaer*. Skryf 'n **kort paragraaf** waarin jy voorspel watter storielyne moontlik in die opvolgroman voortgesit word.



## WOORDVERKLARINGS

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **Bloedskuld** | **1** | wanneer iemand verantwoordelik is vir die dood van ’n ander mens |
| **ekskursie** | **24** | ’n uitstappie |
| **ekstreme** | **25** | iets wat die mens tot die uiterste beproef |
| **promenade** | **41** | ’n wandelpad by die see (In die roman is die wandelpad groter aangesien daar stalletjies ook is. Kleiner wandelpaaie loop vanaf die promenade teenaan die see uit.) |
| **misoginie** | **43** | die haat vir vroue |
| **patriargie** | **43** | ’n sosiale stelsel waar mans die beheer het |
| **vice versa** | **46** | omgekeerd |
| **grootvoete** | **51** | olifante |
| **subtiel** | **65** | versigtig |
| **kamerade** | **89** | maats |
| **embleem** | **120** | simbool |
| **uitoorlê** | **125** | die oorhand kry |
| **weddenskapkaartjies** | **133** | kaartjies wat uitgeneem word om te dobbel |
| **Hillsong** | **136** | Christelike musiekgroep |
| **junkie** | **175** | verslaafde |
| **spieëlwaters** | **202** | gladde water |
| **taalboffin** | **207** | iemand wat goed is in taal |

| | | |
|---|---|---|
| **inisiate** | **223** | nuwelinge |
| **skoothond** | **228** | troetelhond |
| ***judgement call*** | **248** | ’n besluit neem |

## LITERÊRE GLOSSARIUM

**Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nieliterêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking

**dramatiese doelstelling –** om ’n spesifieke reaksie by die toeskouer / leser te ontlok

**dramatiese ironie –** ’n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word

**essay –** korter prosageskrif waarin ’n literêre, estetiese, politieke of sosiale probleem op kernagtige wyse behandel of bespreek word; krities en bespiegelend van aard; kan ’n gesprektoon hê; taal en styl is helder, duidelik en logies, dikwels vol humor

**esteties –** betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evalueer –** om ’n opinie te vorm, ’n oordeel te vel oor ’n teks

**formaat –** die vorm van tekssoorte soos ’n verslag, brief; ook grootte van iets

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** ’n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of ’n aksie

**herlees –** ’n leesstrategie wat die leser nog ’n kans gee om ’n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** ’n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van ’n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**holistiese benadering –** dit is ’n benadering wat al die vaardighede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie

**houdings –** maniere van optrede of gedrag

**huistaal –** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal "waarin 'n mens dink"
**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in 'n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat 'n mens kon verwag het

**karikatuur –** 'n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van 'n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klanknabootsing** (ook *onomatopee*) **–** die gebruik van klanknabootsende woorde om dit wat genoem word, te beskryf, bv. *Toktokkie*

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**koherensie –** samehang in 'n paragraaf en die samehang binne die verskillende paragrawe van 'n teks wat idees saambind

**kohesie –** samehang binne sinne

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur 'n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne 'n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** 'n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in 'n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of 'n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**magsverhoudings –** verhoudings gemeet aan gesag en invloed

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot 'n handeling / gebeure / aksie of 'n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van 'n idee in jou eie woorde

**perspektief –** 'n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in 'n roman of drama

**retoriese vraag –** 'n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, 'n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; 'n satiriese literêre werk het gewoonlik 'n bewustelike sosiale inslag

**simbool –** 'n teken / voorwerp wat 'n ander saak verteenwoordig; 'n tradisionele simbool soos 'n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net 'n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook 'n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; 'n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) **–** 'n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my 'n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor 'n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy 'n naam of nommer in 'n telefoongids soek of 'n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As 'n mens lees of kyk, kan jy 'n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**tesourus –** ’n woordeboek wat volgens saakverbande georden is, saakwoordeboek

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vertellersperspektief –** verteller se standpunt vanuit ’n spesifieke hoek gesien (alwetend, alomteenwoordig, eerste- en derdepersoon)

**vluglees –** om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

## BRONNELYS


Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Koen, D. 2020. Onderwysersgids: *Die vlerke van naaldekokers* deur Cecilia Steyn. Kaapstad: Human & Rousseau.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.

Van Dyk, J. 2020. *Branderjaer*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Van Dyk, J. 2022. *Vuurvreter*. Kaapstad: Human & Rousseau.

## WEBTUISTES GERAADPLEEG


1) https://af.eferrit.com/simbole-en-motiewe-in-letterkunde/ besoek op 23 Januarie 2022

2) https://www.yoair.com/af/blog/under-the-sea-myths-and-legends-about-the-ocean-and-its-creatures/ besoek op 23 Januarie 2022

3) https://www.dreams.metroeve.com/1566-2/ besoek op 23 Januarie 2022

4) https://pofire.ru/geheime-en-mites/1479-wat-is-die-betekenis-van-arend-en.html besoek op 23 Januarie 2022

5) https://vse-o-tattoo.ru/af/znachenija_tatu/kolyuchaya-provoloka?fbclid=IwAR1FKjm6W5qVQ1IX_6xmf9R34soHbL3v-Q1QOrB5Ij7wnvXIcgqLmL6kOJ8 besoek op 23 Januarie 2022

6) https://oceanjewelrystore.com/what-do-mermaids-symbolize/ besoek op 23 Januarie 2022

7) https://www.google.com/search?q=symbolism+meaning+of+caves&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvJBAc6xeAH86ir8I5eHgJkg9TAdAg%3A1641805589441&ei=FffbYbi6GpLzgQb785W4DQ&ved=0ahUKEwj4mMu36qb1AhWSecAKHft5BdcQ4dUDCA4&uact=5&oq=symbolism+meaning+of+caves&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyCAghEBYQHRAeMggIIRAWEB0QHjIICCEQFhAdEB4yCAghEBYQHRAeMggIIRAWEB0QHjIICCEQFhAdEB4yCAghEBYQHRAeMggIIRAWEB0QHjIICCEQFhAdEB4yCAghEBYQHRAeOgcIIxCwAxAnOgcIABBHELADOgQIIxAnOgUIABDLAToGCAAQFhAeSgQIQRgASgQIRhgAUIYMWJQWYOUZaAFwAngAgAGOA4gBqwmSAQUyLTMuMZgBAKABAcgBCcABAQ&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

8) https://www.google.com/search?q=symbolism+meaning+of+achor&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvJ6Qfc0omeQpVgSyxOLwTLgIXHa3w%3A1641805812215&ei=9PfbYbfRDMbKgQadkbuoBg&ved=0ahUKEwi3m-ih66b1AhVGZcAKHZ3IDmUQ4dUDCA4&uact=5&oq=symbolism+meaning+of+achor&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyCAghEBYQHRAeMggIIRAWEB0QHjIICCEQFhAdEB46BwgAEEcQsAM6BggAEBYQHkoECEEYAEoECEYYAFDSB1ikGGDtKGgBcAJ4AIABuQKIAaILkgEFMi0zLjKYAQCgAQHIAQjAAQE&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

9) https://www.google.com/search?q=symbolism+meaning+of+fire&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvIVciaBVc1wSNooTCoQ9l5YfW1j-w%3A1641806161597&ei=UfnbYZ3uI874gQap0LGICw&ved=0ahUKEwjd2rTI7Kb1AhVOfMAKHSloDLEQ4dUDCA4&uact=5&oq=symbolism+meaning+of+fire&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyBggAEBYQHjoHCAAQRxCwAzoECCMQJzoFCAAQywFKBAhBGABKBAhGGABQoQtYmENg6kZoAXACeACAAbADiAHXFZIBBzItNi4yLjGYAQCgAQHIAQjAAQE&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

10) https://www.google.com/search?q=symbolism+meaning+of+elephant&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvIWxs0mpqbkczOLQpFsDgeAtQeJdg%3A1641806334960&ei=_vnbYeiPOoijgQbR3ZC4CQ&ved=0ahUKEwjohoqb7ab1AhWIUcAKHdEuBJcQ4dUDCA4&uact=5&oq=symbolism+meaning+of+elephant&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyBggAEBYQHjIGCAAQFhAeMgYIABAWEB4yBggAEBYQHjIGCAAQFhAeMgYIABAWEB4yBggAEBYQHjoHCAAQRxCwAzoECCMQJzoFCAAQywFKBAhBGABKBAhGGABQywhY9lxg4XBoAXACeACAAZUCiAHlGJIBBDItMTKYAQCgAQHIAQjAAQE&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

11) https://www.google.com/search?q=symbolism+meaning+of+hair+plait&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvJ3D3zTZGQRUNCke6KSX5hs013cgw%3A1641809568282&ei=oAbcYdfUEMihgQbo5YngAw&ved=0ahUKEwjXpOyg-ab1AhXIUMAKHehyAjwQ4dUDCA4&uact=5&oq=symbolism+meaning+of+hair+plait&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyCAghEBYQHRAeMggIIRAWEB0QHjIICCEQFhAdEB4yCAghEBYQHRAeOgcIABBHELADOgUIABDLAToGCAAQFhAeOgcIIRAKEKABSgQIQRgASgQIRhgAUO8GWKkdYMAgaAFwAngAgAHmBIgB2xuSAQkyLTQuMy4yLjGYAQCgAQHIAQjAAQE&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

12) https://www.google.com/search?q=symbolism+Medusa&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvKMZsJYgwcQfN8QT-_Jb_YAfboVAg%3A1641809578006&ei=qQbcYcj0PI2dgQaUg4fYBQ&ved=0ahUKEwiI7b2l-ab1AhWNTsAKHZTBAVsQ4dUDCA4&uact=5&oq=symbolism+Medusa&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyBQgAEMsBMgYIABAWEB4yBggAEBYQHjIGCAAQFhAeMgYIABAWEB4yBggAEBYQHjIGCAAQFhAeOgcIIxCwAxAnOgcIABBHELADOgQIIxAnOggIABAWEAoQHkoECEEYAEoECEYYAFDYGVjrJ2CSKmgCcAJ4AIABwwSIAcwSkgEJMi01LjAuMS4xmAEAoAEByAEJwAEB&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

13) https://www.google.com/search?q=negative+symbolism+meaning+of+breakwater&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvKf34dEq_enVWjZM6W8ylrLe3gYYw%3A1641808414968&ei=HgLcYdHNOsihgQbo5YngAw&ved=0ahUKEwjR1PP69Kb1AhXIUMAKHehyAjwQ4dUDCA4&uact=5&oq=negative+symbolism+meaning+of+breakwater&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAM6BwgjELADECc6BwgAEEcQsANKBAhBGABKBAhGGABQuQpY-Bxg1B5oAXAAeACAAZUDiAGaDpIBBzItNC4xLjGYAQCgAQHIAQnAAQE&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

14) https://www.google.com/search?q=symbolism+meaning+of+rat&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvKf34dEq_enVWjZM6W8ylrLe3gYYw%3A1641808414968&ei=HgLcYdHNOsihgQbo5YngAw&ved=0ahUKEwjR1PP69Kb1AhXIUMAKHehyAjwQ4dUDCA4&uact=5&oq=symbolism+meaning+of+rat&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyBggAEBYQHjoHCCMQsAMQJzoHCAAQRxCwA0oECEEYAEoECEYYAFCHB1jyC2DOD2gBcAJ4AIAB0gKIAY8HkgEFMi0xLjKYAQCgAQHIAQnAAQE&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

15)https://www.google.com/search?q=bottle+brush+tree+in+afrikaans&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvJW4J0sPfUzeN0iWH_75vC2jgf3qA%3A1641813410499&ei=ohXcYa3qHZaQ8gLXjrDgBw&ved=0ahUKEwitw_rIh6f1AhUWiFwKHVcHDHwQ4dUDCA4&uact=5&oq=bottle+brush+tree+in+afrikaans&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyBQgAEMsBOgcIABBHELADOgoIABBHELADEMkDSgQIQRgASgQIRhgAUIYHWIYKYM4QaAFwAngBgAHdBIgBgQqSAQkyLTEuMC4xLjGYAQCgAQHIAQjAAQE&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

16) https://en.wikipedia.org/wiki/Medusa besoek op 23 Januarie 2022

17)https://www.greekboston.com/culture/mythology/prometheus/ besoek op 23 Januarie 2022

18) https://www.theoi.com/Georgikos/KentaurosNessos.html besoek op 23 Januarie 2022

19)https://www.google.com/search?q=Charon&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvJzirAqbpd2K75tOe2xS8GnEig9fQ%3A1641815423199&ei=fx3cYZ_OC_mNxc8PzruQiAM&ved=0ahUKEwjfidiIj6f1AhX5RvEDHc4dBDEQ4dUDCA4&uact=5&oq=Charon&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyBAgjECcyBQgAEMsBMgUIABDLATIFCAAQywEyBQgAEMsBMgUIABDLATIFCAAQywEyBQgAEMsBMgUIABDLATIFCAAQywE6BggjECcQEzoICAAQgAQQsQM6CwgAEIAEELEDEIMBOgUIABCABDoFCAAQsQM6BAgAEENKBAhBGABKBAhGGABQAFieCWDUC2gAcAJ4AIAB0AKIAZoLkgEFMi0zLjKYAQCgAQHAAQE&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022

20)https://www.google.com/search?q=Aristotles&biw=1440&bih=757&sxsrf=AOaemvLicPbgQBTifQvOeUstDmwR3Feyxw%3A1641816143197&ei=TyDcYYmoC--Gxc8PnZ-vwA8&ved=0ahUKEwjJi4Hgkaf1AhVvQ_EDHZ3PC_gQ4dUDCA4&uact=5&oq=Aristotles&gs_lcp=Cgdnd3Mtd2l6EAMyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywEyBwgAEAoQywE6BwgjELADECc6BwgAEEcQsAM6BwgAELADEEM6BAgjECc6BAgAEEM6CwgAEIAEELEDEIMBOgUIABCABDoICAAQgAQQsQM6BQgAEMsBSgQIQRgASgQIRhgAUK_1AVjzjAJgx5ACaAJwAngAgAGIAogB_hOSAQQyLTEwmAEAoAEByAEKwAEB&sclient=gws-wiz besoek op 23 Januarie 2022